1

Kwartaal 3

# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

Onderwysersgids




FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 1 2024/04/18 14:48

**Erkennings**

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wande-span ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis Foundation Endowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

**Illustrasies**

Baie dankie aan Anja Stoeckigt vir haar bydrae tot die meeste illustrasies in hierdie boek.

**Omslag**

Anja Stoeckigt

**Foto-erkennings**

Funda Wande Media-span: alle foto's geneem in skole en klaskamers;
iStock: Bladsy 72: dimdimich (rankplant);
Shutterstock: Bladsy 58: M. Unal Ozmen (tamatieplant), Bladsy 80: ivanfolio (pap).
Alle ander miniatuurbladsye uit die Leerderaktiwiteitsboek met vergunning van Freepik.

www.fundawande.org
ISBN: 978-1-77630-613-8
Version 4: 2024

Enigiemand is vry om die materiaal te **deel** (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of **aan te pas** (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken:
*Funda Wande, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Onderwysersgids, Graad 1, Kwartaal 3, CC BY 4.0.*

Geen bepalings of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.

Vir meer inligting: https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/

FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 2 2024/04/18 14:48

# Inhoud


**Ikone en afkortings** ..... **iv**

**Oorsig van Funda Wande-materiaal**

- Onderwysersgids: Wat om te onderrig ..... 1
- Metodiekgids: Hoe om te onderrig ..... 1
- Leerderaktiwiteitsboeke en Grootboeke: Wat om daarmee te onderrig ..... 1
- Onderrigplan, Kwartaal 3 ..... 2
- Weeklikse rooster ..... 4
- Aktiwiteite vir Aktiwiteitstasies gedurende Liggaamsopvoeding, Kwartaal 3 ..... 5

**Week 1** Plekke in die gemeenskap ..... 6

**Week 2** Mense in die gemeenskap ..... 18

**Week 3** Troeteldiere ..... 30

**Week 4** Goeie maniere ..... 42

**Week 5** Dele van ’n plant ..... 54

**Week 6** Hoekom ons plante nodig het ..... 66

**Week 7** Waar kos vandaan kom ..... 78

**Week 8** Gesonde kos ..... 90

**Week 9** Berging van kos ..... 102

**Week 10** Vaslegging en hersiening ..... 114

**Assessering, Kwartaal 3**

- Assesseringsplan, Kwartaal 3 ..... 116
- Puntestate, Kwartaal 3 ..... 116
- Luister en Praat Assessering ..... 117
- Klanke Assessering ..... 118
- Lees en Begrip Assessering ..... 119
- Handskrif Assessering ..... 120
- Skryf Assessering ..... 121
- AK en PSW Assessering ..... 122
- Visuele Kunste Assessering ..... 123
- Uitvoerende Kunste Assessering ..... 124
- Liggaamsopvoeding Assessering ..... 125
- Assesseringswerkvelle ..... 126

# Ikone en afkortings

| Huistaal | |
|---|---|
|  | Luister en Praat |
|  | Leeswerk |
|  | Klanke |
|  | Skryf en Handskrif |
|  | Groepbegeleide Lees |
|  | Onafhanklike Werk |

| | |
|---|---|
|  | Sien na en gee terugvoering (HT en LV) |

| Lewensvaardigheid | |
|---|---|
|  | Aanvangskennis en PSW |
|  | Uitvoerende Kunste |
|  | Liggaamsopvoeding |

| Ikone in die LAB | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| Skryf | Kleur in of teken | Knip uit |

Onderwysersgids – OG
Leerderaktiwiteitsboek – LAB
Metodiekgids – MG
Groepbegeleide Lees – GBL
Persoonlike en Sosiale Welsyn – PSW
Aanvangskennis – AK
Huistaal – HT
Lees in pare – LP
Onafhanklike Werk – OW
Departement van Basiese Onderwys – DBO



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 4 2024/04/18 14:48

# Oorsig van die Funda Wande-materiaal

Die Funda Wande-program integreer Geletterdheid: Huistaal en Lewensvaardigheid vir leerders in Graad 1-3, en is op die KABV gebaseer. Hierdie program help leerders om met begrip te leer, lees en skryf en ontwikkel terselfdertyd die grondbeginsels van algemene kennis, vaardighede en woordeskat. Die program berei leerders voor vir die hoër grade en ondersteun leerders by die aanleer van ander tale.

## Onderwysersgids: Wat om te onderrig

Vir elke kwartaal in die Grondslagfase is daar 'n **Onderwysersgids**. Die gidse bied 'n dag-tot-dag-hulpbron vir besige onderwysers om te help met beplanning, ordening en assessering.




Die gids skep 'n raamwerk vir die inhoud van elke les – wat om te onderrig en in watter volgorde. 'n Weeklikse rooster en kwartaalplan word ook voorsien. Aan die agterkant van die Onderwysersgids (OG) word assesseringsaktiwiteite ingesluit. Die lesse en assesseringsaktiwiteite dek en is gebaseer op die KABV.

## Metodiekgids: Hoe om te onderrig




'n Aparte, oorkoepelende Metodiekgids (MG) gee riglyne oor die roetines sowel as voorstelle oor hoe om elke les in die Funda Wande-program te onderrig. Gebruik dit as riglyn vir opleiding aan die begin van elke kwartaal om beplanning te doen. Jy kan dit ook enige tyd gebruik om te kontroleer of jy die stappe van lesse reg volg en of jy die lesse optimaal benut. **Op Maandae word spesifieke bladsye in die MG aangedui wat die onderrig van die week se lesse ondersteun.**

Vir elke tipe les verduidelik die MG:

1. die **doel** van die soort les: hoekom ons die lesse onderrig
2. **vordering** oor drie jaar: hoe die metodiek en teks wat in die program ingesluit word, vordering oor die drie grade heen toon om te verseker dat leerders meer vaardighede en kennis bekom
3. **metodiek**: hoe om die les in duidelike stap-vir-stap-volgorde te onderrig; die doel van elke stap en enige duidelike verskille tussen die grade
4. **differensiasie**: hoe om leerders op verskillende vlakke in dié soort lesse te hanteer
5. **Informele Assessering**: hoe om dié soort lesse te gebruik om die leerders se dag-tot-dag-vordering te assesseer
6. **Formele Assessering**: hoe om die vaardighede en kennis wat in dié soort lesse aangeleer word, elke kwartaal formeel te assesseer, gebaseer op die KABV.

Die MG is 'n bron vir alle Grondslagfase-onderwysers (Graad 1-3) om saam met die OG te gebruik.

## Leerderaktiwiteitsboeke en Grootboeke: Wat om daarmee te onderrig

Die **Leerderaktiwiteitsboeke (LAB'e)** sluit die bladsye in wat deur die leerders gedurende die lesse gebruik word. Die bladsye is gerangskik in dieselfde volgorde as die aktiwiteite in die OG. Leerders voltooi sommige skriftelike aktiwiteite in die LAB, maar die langer skriftelike aktiwiteite word verkieslik in 'n oefenboek voltooi.




Die **Grootboeke (GB'e)** is ontwerp om gebruik te word wanneer die leerders op die mat sit gedurende Gedeelde Lees en Lewensvaardigheidslesse. Dit is beskikbaar vir al die kwartale in Graad 1 asook vir Kwartaal 1 en 2 in Graad 2. Die GB-bladsye kom ook in die LAB voor.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 1 2024/04/18 14:48

## Onderrigplan, Kwartaal 3

| Week | Tema | Hardoplees-storie | Gedeelde Lees-storie | Lewens-vaardigheid – inligtingsteks | AK en PSW | Luister en praat |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **1** | My gemeenskap: Plekke in my gemeenskap | *Thabo sluit by die biblioteek aan* | *Thabo sluit by die biblioteek aan* | Boekversorgingsreëls (tabel) | 1. Mense in die gemeenskap wat mense help (bespreek)<br>2. Hou die speelterrein skoon (identifiseer en klassifiseer rommel) | 1. Bespreek biblioteke en boeke<br>2. Dra 'n aksiegedig voor |
| **2** | My gemeenskap: Mense in my gemeenskap | *'n Verkeersongeluk* | *Mense wat ons help* | Plekke in die gemeenskap (prentkaart) | 1. Plekke en gemeenskapshelpers (pas)<br>2. Waar kan ek hulp kry? (probleemoplossing) | 1. Berei vrae vir klasbesoekers voor<br>2. Sê 'n telrympie op |
| **3** | Troeteldiere | *'n Honger kat* | *'n Honger kat* | Wat troeteldiere nodig het (breinkaart) | 1. Troeteldiere het skuiling nodig (pas)<br>2. Hoekom het ons troeteldiere? (bespreking) | 1. Bespreek katte en rondloperdiere<br>2. Sê 'n kleuterrympie op |
| **4** | Maniere en verantwoordelikhede | *Zander, die astrante varkie* | *Zander, die astrante varkie* | Goeie maniere (kontrolelys) | 1. My kontrolelys vir goeie maniere (voltooi)<br>2. Goeie en slegte maniere (bespreek) | 1. Rolspeel goeie manierewoorde<br>2. Sê 'n aksiegedig op |
| **5** | Plante en sade: Dele van 'n plant | *Ons skool se groentetuin* | *My boontjieplant* | Hoe 'n plant groei (volgorde) | 1. Dele van 'n plant; watter dele eet ons?<br>2. Hoe 'n plant groei (volgorde) | 1. Menings oor groente (vra en beantwoord vrae)<br>2. Sê 'n aksierympie op |
| **6** | Plante en sade: Hoekom ons plante nodig het | *Jan en die boontjierank* | *Jan en die boontjierank* | Soorte plante (tabel) | 1. **AK: Assessering 1:** Wat troeteldiere nodig het<br>2. Vergelyk plante (tabel) | 1. Bespreek Jan en die boontjierank<br>2. **Luister en Praat Assessering 1:** Beantwoord vraag oor troeteldiere<br>3. Luister na 'n gedig |
| **7** | Kos: Waar kos vandaan kom | *Gawe en nare sop* | *Gawe en nare sop* (deel 1) | Waar kos vandaan kom (tabel) | 1. Waar kos vandaan kom (pas)<br>2. Kos waarvan ek hou (kontrolelys) | 1. Verbeeldingryke antwoorde<br>2. Sê 'n aksierympie op |
| **8** | Kos: Gesonde kos | *Verlore en gevind* | *Gawe en nare sop* (deel 2) | Gesonde happies (tabel) | 1. **AK: Assessering 2:** Hoe plante groei (volgorde)<br>2. Hoekom ons plante nodig het | 1. **Luister en Praat Assessering 2:** Verlore en gevind<br>2. Dink-paar-deel<br>3. Sing 'n lied |
| **9** | Kos: Berging van kos | *'n Reusagtige pampoen* | *Hoe om vrugteslaai te maak* (resep) | Vyf voedselgroepe (lys) | 1. Watter kos is gesond?<br>2. Berging van kos | 1. Vertel weer'n storie<br>2. Sê 'n telrympie op |
| **10** | Vaslegging en hersiening | | | | | |



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 2 2024/04/18 14:48

| Taal-strukture | Skryf | GBL en Onafhanklike Werk | Klanke | Kreatiewe Kunste | Liggaams-opvoeding |
|---|---|---|---|---|---|
| Sien *Metodiekgids* vir taalstrukture wat hierdie kwartaal onderrig moet word. Onderrig dit gedurende Gedeelde Lees- en Skryf-lesse. | GS: Boek-versorgingsreëls<br>OW: Teken en skryf een boek-versorgingsreël | 1 groep per dag saam met onderwyser<br>Berei voor vir Lees in pare.<br>7 OW-aktiwiteite | Hersiening | VK: Maak ’n boekmerk en ontwerp ’n boekomslag<br>UK: Beskryf en mimiek iemand in die gemeen-skap | Aktiwiteit-stasies |
| | GS: Dankie-sê-boodskap (bespreek)<br>OW: Dankie-sê-boodskap (skryf) | 2 groepe per dag saam met onderwyser<br>7 OW-aktiwiteite | aa | VK: Beplan en bou ’n dorpiestraat (3D-ontwerp)<br>UK: Mimiekaktiwiteit; Klasbesoeker (iemand in die gemeenskap) | Aktiwiteit-stasies |
| | GS: Beskryf ’n troeteldier OW: Teken prent en skryf ’n sin oor ’n troeteldier | 2 groepe per dag saam met onderwyser.<br>8 OW-aktiwiteite | oo | VK: Teken en maak ’n denkbeeldige troeteldier (uit afvalmateriaal)<br>UK: Tree op soos ’n dier: Dierebeweging-sinne | Aktiwiteit-stasies |
| | GS: Dialoog (groet)<br>OW: Teken iemand en skryf hoe jy hulle groet | 2 groepe per dag saam met onderwyser.<br>8 OW-aktiwiteite | ee | VK: Maak ’n beloftekaartjie en ’n goeie maniere-tuin<br>UK: Mimiek goeie maniere; Praat- en luisterstoel | Aktiwiteit-stasies |
| | GS: Hoe ’n boontjiesaad groei (volgorde)<br>OW: Skryf drie sinne in die regte volgorde | 2 groepe per dag saam met onderwyser<br>8 OW-aktiwiteite | uu | VK: Blaarafdrukke; Neem plant waar en teken dit<br>UK: Musiekspeletjies; Beweeg op musiek | Assessering: Hindernisbaan |
| | GS: Storiekaart<br>OW: Teken ’n prent en skryf ’n onderskrif | 2 groepe per dag saam met onderwyser.<br>8 OW-aktiwiteite | Hersiening | **VK: Assessering 1:** Teken Jan en die boontjierank; Gebruik patrone om towersade te versier; Teken ’n plant; Vrye keuse | Aktiwiteit-stasies<br>Assessering 1: Volg instruksies |
| | GS: Ons gunsteling-kos (lys)<br>OW: Skryf ’n lys van jou gunsteling-kos<br>**Handskrif Assessering 1** | **Lees Assessering 1:** (individuele lees) 8 OW-bladsye | ie | **UK: Assessering 1:** Dramatiseer storie, rolspeel inkopies; beskryf en raai watter kos | **LO Assessering 1:** Volg instruksies<br>Aktiwiteit-stasies |
| | **Skryf Assessering 1:** My gunsteling-kos | **Lees en Begrip Assessering 2:** Lees ‘n tabel<br>2 groepe per dag saam met onderwyser<br>8 OW-bladsye | Hersiening<br>**Klanke Assessering 1:** Voltooi woorde<br>**Klanke Assessering 2:** Diktee | VK: Gesonde kos-collage; Inkopie-prent<br>UK: Berei voor en bied goeie maniere-dialoog aan | Aktiwiteit-stasies |
| | GS: Vrugteslaa-resep<br>OW: Teken een stap van die resep en skryf ’n sin | 2 groepe per dag saam met onderwyser.<br>8 OW-aktiwiteite | oe | VK: Maak ’n gesonde kos-bewertjie; identifiseer koskleure<br>UK: Maak as klas vrugteslaai; Ek gaan mark toe-speletjie | Aktiwiteit-stasies |

## Weeklikse rooster

Aanpassings vir onderrigtyd vir die DBO se Inhaalrooster word met rooi aangedui. As jy die Inhaalrooster gebruik, pas die lesplanne soos volg aan:

- Voeg die twee lesse vir **Visuele Kunste** saam as een les of laat een les uit.
- Voeg die twee lesse vir **Uitvoerende Kunste** saam as een les of laat een les uit.
- Vir **Liggaamsopvoeding** kan jy voortgaan met vier aktiwiteitstasies, maar die leerders kan slegs elke twee weke roteer.
- Die **addisionele GBL-lesse** kan benut word om aktiwiteite en vaardighede wat gedurende die week aangeleer is, te hersien en vas te lê. Voorsien Onafhanklike Werk-aktiwiteite uit die DBO-werkboeke of E-klaskamer.

<table>
<tr><th colspan="6">GRAAD 1 (Maksimum HT)</th></tr>
<tr><th></th><th>Maandag</th><th>Dinsdag</th><th>Woensdag</th><th>Donderdag</th><th>Vrydag</th></tr>
<tr><td colspan="6">WISKUNDE *<br>85 min x 4 dae + 55 min x 1 dag/96 min x 5 dae vir die inhaalrooster</td></tr>
<tr><td colspan="6">MONDELING</td></tr>
<tr><td>15 min/<br>10 min vir die inhaalrooster</td><td>Oggend-byeenkoms (Nuus)</td><td>Oggend-byeenkoms (Register, kalender, weer)</td><td>Oggend-byeenkoms (Register, kalender, weer)</td><td>Oggend-byeenkoms (Register, kalender, weer)</td><td>Oggend-byeenkoms (Nuus)</td></tr>
<tr><td>15 min</td><td>Luister en Praat (Hardopleesstorie)</td><td>Luister en Praat</td><td></td><td>Luister en Praat (Liedjie/Gedig)</td><td></td></tr>
<tr><td colspan="6">AANVANGSKENNIS EN PSW</td></tr>
<tr><td>15 min</td><td>Aanvangs-kennis en PSW (Teksgebaseerde les) (30 min/20 min vir die inhaalrooster)</td><td>Aanvangskennis en PSW (Aktiwiteit)</td><td>Aanvangskennis en PSW</td><td></td><td></td></tr>
<tr><td colspan="6">LEES EN SKRYF</td></tr>
<tr><td colspan="6">OORGANGSTYD: Maak potlode skerp, deel boeke uit, doen handoefeninge</td></tr>
<tr><td>15 min</td><td>Klanke (Nuwe klank)</td><td>Klanke (Aktiwiteit)</td><td>Klanke (Nuwe klank)</td><td>Klanke (Samevoeging en segmentering)</td><td>Klanke (Speletjie of diktee)</td></tr>
<tr><td>15 min</td><td>Handskrif (Groot bewegings)</td><td>Handskrif (Oefen in oefenboeke)</td><td>Handskrif (Groot bewegings)</td><td>Handskrif (Oefen in oefenboeke)</td><td></td></tr>
<tr><td colspan="6">OORGANGSTYD: Sing ’n liedjie</td></tr>
<tr><td>15 min</td><td></td><td>Gedeelde Lees 1: (Fokus op begrip)</td><td>Gedeelde Lees 2 (Fokus op dekodering)</td><td>Gedeelde Lees 3 (Fokus op reaksie)</td><td></td></tr>
<tr><td>20 min</td><td></td><td></td><td>Gedeelde Skryf</td><td>Gedeelde Skryf</td><td>Gedeelde Skryf</td></tr>
<tr><td colspan="6">OORGANGSTYD: Strek en skud lyf. Groep beweeg mat toe vir GBL.</td></tr>
<tr><td>30 min</td><td>Groepbegeleide Lees en Onafhanklike Werk</td><td>Groepbegeleide Lees en Onafhanklike Werk</td><td>Groepbegeleide Lees en Onafhanklike Werk</td><td>Groepbegeleide Lees en Onafhanklike Werk</td><td>Groepbegeleide Lees en Onafhanklike Werk</td></tr>
<tr><td>15 min</td><td></td><td></td><td></td><td></td><td>Sien na en gee terugvoering</td></tr>
<tr><td colspan="6">LEWENSVAARDIGHEID</td></tr>
<tr><td>30 min</td><td>Liggaams-opvoeding (GBL vir die inhaalrooster)</td><td>Liggaams-opvoeding</td><td>Liggaams-opvoeding (GBL vir die inhaalrooster)</td><td>Liggaams-opvoeding</td><td>Liggaams-opvoeding (GBL vir die inhaalrooster)</td></tr>
<tr><td>30 min</td><td>Visuele Kunste</td><td>Visuele Kunste (GBL vir die inhaal-rooster)</td><td>Uitvoerende Kunste</td><td>Uitvoerende Kunste (GBL vir die inhaalrooster)</td><td></td></tr>
<tr><td>30 min/25 min vir die inhaalrooster</td><td>EAT*</td><td>EAT*</td><td>EAT*</td><td>EAT*</td><td>EAT*</td></tr>
<tr><td>15 min</td><td>2de AT*</td><td>2de AT*</td><td>2de AT*</td><td>2de AT*</td><td></td></tr>
</table>

* Nie by hierdie lesplanne ingesluit nie



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 4 2024/04/18 14:48

## Aktiwiteite vir Aktiwiteitstasies gedurende Liggaamsopvoeding, Kwartaal 3

Kies vier aktiwiteite per week met die fokus op verskillende vaardighede.

| **Rigting** |
| --- |
| • Ontwyk en loop in verskillende rigtings.<br>• Gebruik sintuie: Luister na instruksies terwyl hulle rondbeweeg. |
| **Ritme** |
| • Spring met 'n springtou terwyl rympies opgesê word.<br>• Klap hande in pare terwyl rympies opgesê word.<br>• Speel springspeletjies (hop-scotch). |
| **Lateraliteit** |
| • Hop op die linker- en regterbeen (volg die leier).<br>• Gooi die bal deur 'n hoepel met linker- en regterhand.<br>• Ontwyk en loop in verskillende rigtings. |
| **Balans** |
| • Loop op 'n tou sywaarts/vorentoe/agtertoe.<br>• Doen dit met hande op die heupe/agter die rug/sywaarts uitgestrek.<br>• Speel ontwykingspeletjies rondom kegels om verandering van rigting te oefen. |
| **Koördinasie** |
| • Gooi 'n bal na 'n teiken met dominante/niedominante hand; tel suksesse.<br>• Skop 'n bal na 'n teiken met dominante/niedominante been; tel suksesse.<br>• Gooi en vang 'n boontjiesakkie.<br>• Ontwerp 'n danspatroon met 4-6 herhalende bewegings.<br>• Klimraam – gebruik arms om te beweeg. |
| **Sport en speletjies** |
| • Speel eenvoudige tradisionele speletjies; bespreek eers die reëls.<br>• Speel "Volg die leier".<br>• Hardloop op tone/agtertoe/hop/kruiwastoot/kraploop.<br>• Bewegingspeletjies – dek die konsepte van grootte, afstand, spasie en hoeveelheid. |
| **Ruimtelike oriëntasie** |
| • Hardloop in verskillende rigtings sonder om aan mekaar te stamp en gebruik alle beskikbare ruimte.<br>• Maak rye/kringe.<br>• Hindernisbaan: Spring oor/beweeg onderdeur hindernis, kruip, klim, spring, ensovoorts. |



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 5 2024/04/18 14:48

## OORSIG VAN WEEK



# Plekke in my gemeenskap

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

boek | biblioteek | buite | aangesluit | belowe

### RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

Die Groepbegeleide Lees vir hierdie week word gebruik om leerders aan Lees in pare bekend te stel. Daar sal slegs een sessie van GBL per groep wees. Elke groep spandeer 30 minute saam met die onderwyser. Lees in pare word geoefen deur 'n Onafhanklike Werk-bladsy in die LAB te gebruik. Alhoewel die tekste bekend is, is daar geen illustrasies nie. Dit sal die oefening van dekoderingsvaardighede aanmoedig.

| | Maandag | | Dinsdag | | Woensdag | | Donderdag | | Vrydag | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min |
| **Groep A** | **Inleiding tot Lees in pare** | | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep B** | OW 1 | OW 2 | **Inleiding tot Lees in pare** | | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep C** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | **Inleiding tot Lees in pare** | | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep D** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | **Inleiding tot Lees in pare** | | OW 7 | OW 8 |
| **Groep E** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 | **Inleiding tot Lees in pare** | |

### BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- stukke karton en velle A4-papier
- kryte/viltpenne, potlode
- voorbeelde van boekmerke om vir leerders te wys
- skêre, gom en lint/wol/tou
- prente: plakkers/tydskrifte/koerantuittreksels
- pons
- tellers en dobbelstene vir *Seerower-speletjie*
- sakkies/bakkies vir die week se klanke
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite





FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 6 2024/04/18 14:48

# Thabo sluit by die biblioteek aan

Thabo se oom het vir hom 'n prenteboek oor bekende sokkerspelers gegee. Thabo was mal oor die boek. Hulle het saam na die prente van die bekende sokkerspelers gekyk.

Die volgende dag, nadat hy sokker gespeel het, het Thabo weer deur sy nuwe boek geblaai. Maar hy het vergeet om eers sy hande te was. Kan jy raai wat gebeur het? Ja, daar was vuil vingermerke oral op sy nuwe boek.



Later het Thabo sy nuwe boek buitentoe geneem om daardeur te blaai. Vir 'n rukkie het hy na die prente gekyk. Toe het hy sy boek op die bankie gelos en ingegaan om iets te kry om te eet. Hy het heeltemal van sy boek vergeet en begin TV kyk. Toe het dit begin reën. Die boek was steeds buite op die bankie. Kan jy raai wat gebeur het? Ja, die boek het baie nat geword en die bladsye het aan mekaar vasgesit. Die boek was geruïneer.

Op 'n dag het Thabo se onderwyser hulle gevra om 'n boek waarvan hulle hou vir die klas te kom wys. Thabo wou vir die klas sy boek oor sokker wys. Hy het na sy boek met die vuil merke en die verkreukelde bladsye gekyk. Hy het geweet dat hy nie sy boek vir die klas kon gaan wys nie, want sy boek was geruïneer.

Vera het 'n boek oor ballet vir hulle gewys. Sy het verduidelik dat sy die boek by die **biblioteek** ge**leen** het. Vera het gesê dat sy altyd baie mooi na haar biblioteekboeke kyk. Die leerders het almal van Vera se boek gehou.

Thabo se onderwyser het vir die klas alles oor die biblioteek se reëls vertel. As jy 'n lid is, mag jy vir 'n week of twee 'n boek by die biblioteek leen, en dit dan **terugneem**. Die datum word op 'n datumblaadjie binne-in die boek gestempel om jou te herinner wanneer om die boek terug te neem. So kry almal 'n beurt om die boeke te lees.

Thabo wou by die biblioteek aansluit. Sy oom het hom na die biblioteek in die dorp geneem. By die biblioteek het Thabo se oom sy naam en adres op 'n vorm ingevul en namens hom geteken. Thabo het 'n boek gekies om huis toe te neem. Die bibliotekaresse het die datum waarop hy die boek moes terugbring op die datumblaadjie in die boek gestempel.

Dié keer het Thabo seker gemaak hy was sy hande voordat hy sy boek lees. Hy het sy boek veilig op 'n rak gebêre en elke keer die bladsye baie versigtig geblaai. Thabo was bly dat hy dit in 'n goeie toestand terug biblioteek toe kon neem.

## WOORDESKAT

**biblioteek** – 'n gebou waar boeke op rakke gehou word sodat mense dit kan leen en lees

**leen** – om iets te gebruik wat nie aan jou behoort nie en dit dan weer terug te gee

**terugneem** – teruggee

# MAANDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Berei voor**
- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.

**Dink**
- Watter nuus wil jy oor hierdie onderwerp deel?

**Pare**
- Gebruik die *My nuus*-raam om jou nuus vir jou maat te vertel.

**Bied aan**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus met die klas te deel.



## HARDOPLEESSTORIE *Thabo sluit by die biblioteek aan*

OG bl. 7

15 min



**Vóór lees**
- Stel die storie bekend.
- Vra wie van hulle al in 'n biblioteek was. Waar? Hoe lyk dit daar?

**Lees die storie in die Grootboek**
- Verduidelik nuwe woordeskat.

**Ná lees**
- Vra vrae om die tema te verken.
  - Oor wie het hierdie storie gegaan?
  - Wat het met die sokkerboek in die storie gebeur?



## AANVANGSKENNIS EN PSW Boekversorgingsreëls

GB bl. 1

30 min

LAB bl. 6



Boekversorgingsreëls

| Moenie dit doen nie | Doen dit | Reël |
|---|---|---|
| | | Lees met skoon hande. |
| | | Maak jou boek versigtig oop. |
| | | Blaai die bladsye versigtig om. |
| | | Hou jou boek veilig. |
| | | Gebruik 'n boekmerk. |
| | | Moenie in boeke skryf nie. |

**Bestaande kennis**
- Wat is 'n reël?
- Watter reëls ken julle?
- Hoekom het ons reëls nodig?

**Lees**
- Kyk na die prente en lees die reëls.

**Mimiek**
- Vra verskillende leerders om met behulp van mimiek elke reël uit te beeld.
- Die res van die klas raai wat die reël is.



## KLANKE Hersiening

LAB bl. 7

15 min

MG bl. 8-13




**Hersien klanke**
- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar van die flitskaarte met klanke wat aangeleer is. Leerders sê die klank.
- Luister na en sê die klanke.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Leerders kan nog woorde met die klank gee.

**Lees die sin**
- Lees die klanke en die woorde in die blokkie stadig saam.
- Lees die sin.

**Skryf oor die klank in die sin.**



## HANDSKRIF

MG bl. 31-37

15 min



- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Hersien die letterformasie van die klanke wat in Kwartaal 1 en 2 aangeleer is.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## ONAFHANKLIKE WERK

- Bekendstelling van hierdie week se onafhanklike take.
- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

LAB bl. 13-18



30 min



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep A

LAB bl. 19

MG bl. 24-27


Datum
1
Mamma maak sop.
Wie eet die sop?
Ons eet saam.
My maag is vol.
? Wie maak sop?
2
My kat is grys.
My hond is wit.
Die hond jaag die kat.
Die kat is weg!
? Wat is die kleur van die kat?
19

**Stel Lees in pare bekend**
- Vir elke week se Onafhanklike Werk (aktiwiteit 8), lees leerders in pare.
- Verdeel Groep A in pare.
- Demonstreer hoe om met knieë en elmboë wat aan mekaar raak, te sit.
- Praat met 'n sagte stem.

**Begeleide oefening**
- Vind die Onafhanklike Werk-bladsy (aktiwiteit 8) vir hierdie week in die LAB.
- Leerder A lees die eerste teks. Leerder B luister.
- Indien leerder A hulp met 'n woord nodig het, tik hulle aan leerder B se arm.
- Wanneer leerder A klaar is, vra leerder B die vraag.
- Leerder B gee vriendelike terugvoering: Het leerder A goed gelees en die vraag korrek beantwoord?
- Ruil om. Leerder B lees die tweede teks.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52

30 min



**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die apparaat en verduidelik hoe om die aktiwiteit by elke stasie te doen.
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteit te demonstreer.

**Klasaktiwiteit**
- As daar tyd is, kan die leerders 'n speletjie soos vang-vang, krappe-en-kraaie of wegkruipertjie speel.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## VISUELE KUNSTE Maak 'n boekmerk

30 min



**Berei voor**
- Sny A4-karton in stroke. Een strook per leerder.
- Maak seker elke groep het tydskrifte waaruit hulle kan knip, skêre, gom, wol/lint.
- Wys voorbeelde van boekmerke en bespreek die doel daarvan. Leerders gaan 'n boekmerk maak om in die LAB te gebruik.

**Skep**
- Leerders knip prente of patrone uit om hul boekmerke te versier.
- Hulle skryf hul name op die agterkant van die boekmerk.
- Pons 'n gaatjie aan die een punt en heg lint of wol daaraan. Dit kan aan die LAB geheg word.

**Stap deur die klas en ondersteun**



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 9 2024/04/18 14:48

# DINSDAG



## OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.






## LUISTER EN PRAAT — Biblioteke en boeke

OG bl. 7
15 min

**Bespreek**

- Herinner leerders aan die storie: *Thabo sluit by die biblioteek aan*
- Wat het jy in hierdie storie geleer van biblioteke?

**Dink-pare-deel**

- Watter boek sou jy graag by die biblioteek wou uitneem?
- Hoekom?





## AANVANGSKENNIS EN PSW — Mense wat ons help

LAB bl. 8
15 min

**Hersien**

- Wat is 'n gemeenskap?

**Lees**

- Bespreek prente en lees byskrifte saam met die leerders.

**Bespreek**

- Wie is hierdie gemeenskapshelpers?
- Wat doen hulle vir die gemeenskap?
- Gesels oor die verskillende plekke waar hulle werk.

**Watter van hierdie plekke het julle in jul gemeenskappe?**






## KLANKE — Gedeelde woordbou

LAB bl. 9
15 min

MG bl. 8-13

**Berei voor**

- Leerders knip die klankkaarte vir die week op (bladsy 163) in LAB uit.
- Vertoon dieselfde onderwyserskaarte lukraak op die bord.

**Bou die woorde saam**

- Roep 'n leerder na die bord vir elke woord.
- Sê die woord hardop. Vra: Wat is die eerste klank? Ensovoorts.
- Laat die leerder die klankkaart vind en in die korrekte plek plaas.
- Die res van die leerders probeer die woord met hul eie kaarte kopieer.

**Plaas die klanke in 'n sakkie/houer om weer te gebruik.**






## HANDSKRIF

MG bl. 31-37
15 min

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Hersien die letterformasie van die klanke wat in Kwartaal 1 en 2 aangeleer is.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.





## GEDEELDE LEES (1) *Thabo sluit by die biblioteek aan*

**GB bl. 2-5**
**15 min**
**LAB bl. 2-5**

**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Thabo sluit by die biblioteek aan* vir die klas.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Wys die flitskaartwoorde: boek, biblioteek, buite, aangesluit, belowe**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.






## ONAFHANKLIKE WERK

**LAB bl. 13-18**

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep B

**30 min**
**LAB bl. 19**
**MG bl. 24-27**

**Stel Lees in pare bekend**
- Vir elke week se Onafhanklike Werk (aktiwiteit 8), lees leerders in pare.
- Verdeel Groep B in pare.
- Demonstreer hoe om met knieë en elmboë wat aan mekaar raak, te sit.
- Praat met 'n sagte stem.

**Begeleide oefening**
- Vind die Onafhanklike Werk-bladsy (aktiwiteit 8) vir hierdie week in die LAB.

- Leerder A lees die eerste teks. Leerder B luister.
- Indien leerder A hulp met 'n woord nodig het, tik hulle aan leerder B se arm.
- Wanneer leerder A klaar is, vra leerder B die vraag.
- Leerder B gee vriendelike terugvoering: Het leerder A goed gelees en die vraag korrek beantwoord?






## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**MG bl. 51-52**
**30 min**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.

- Hulle doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**





## VISUELE KUNSTE Maak 'n boekomslag

**30 min**

**Berei voor**
- Deel papier, kryte/viltpenne, potlode uit.
- Skryf die titel van die boek op die bord: *Reëls vir die versorging van my boek.*
- Lees die titel vir die klas.

**Wys en bespreek die omslag**
- Wat word die buiteblaaie van 'n boek genoem?
- Wat sê dit vir ons?
- Hoe lyk die skrif daarop?
- Hoekom word dit só geskryf?

**Maak 'n omslag**
- Leerders vou hul papier in die helfte. Indien hierdie 'n boek is, waar sal die omslag wees?
- Skryf die titel van die boek op die omslag.
- Versier die omslag met 'n prent of 'n patroon.




Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



# WOENSDAG



## OGGENDBYEENKOMS

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.

**15 min**





## AANVANGSKENNIS EN PSW

### Hou die speelterrein skoon

**Bespreek rommel**
- Wat is rommel?

**Verduidelik die aktiwiteit**
- Kyk na die prente. Verduidelik waarvoor die vullisdrom (om rommelweg te gooi) en die plastieksak (vir herwinbare rommel) gebruik word.
- Leerders identifiseer die rommel deur 'n sirkel om elke voorbeeld te trek en 'n lyn na die vullisdrom of plastieksak te trek.

**Bespreek die aktiwiteit**
- Hoeveel stukke rommel het jy gevind?

**LAB bl. 10**
**15 min**






## KLANKE

### Woordfamilies

**Skryf die woorde reg**
- Kyk na die prent en skryf die woord reg neer.
- Lees die woorde vir 'n maat.
- Kontroleer saam.

**LAB bl. 11**
**15 min**

**MG bl. 8-13**






## HANDSKRIF

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Hersien die letterformasie van die klanke wat in Kwartaal 1 en 2 aangeleer is.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

**MG bl. 31-37**
**15 min**





## GEDEELDE LEES (2)

### *Thabo sluit by die biblioteek aan*

**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Thabo sluit by die biblioteek aan* vir die klas.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: boek, biblioteek, buite, aangesluit, belowe**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.

**GB bl. 2-5**
**15 min**

**LAB bl. 2-5**






FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 12 2024/04/18 14:49



## GEDEELDE SKRYF Boekversorgingsreëls

**Berei voor**
- Kopieer die skryfraam op die bord.

**Skryf leerders se voorstelle op die bord**
- Kom ons skryf reëls vir hoe om ons boeke te versorg.
- Vra vir idees.
- Vra leerders om toepaslike woorde te spel.

**Lees die sinne saam met die leerders**

MG bl. 38-41

15 min






## ONAFHANKLIKE WERK

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

LAB bl. 13-18





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep C

30 min

**Stel Lees in pare bekend**
- Vir elke week se Onafhanklike Werk (aktiwiteit 8), lees leerders in pare.
- Verdeel Groep C in pare.
- Demonstreer hoe om met knieë en elmboë wat aan mekaar raak, te sit.
- Praat met 'n sagte stem.

**Begeleide oefening**
- Vind die Onafhanklike Werk-bladsy (aktiwiteit 8) vir hierdie week in die LAB.
- Leerder A lees die eerste teks. Leerder B luister.
- Indien leerder A hulp met 'n woord nodig het, tik hulle aan leerder B se arm.
- Wanneer leerder A klaar is, vra leerder B die vraag.
- Leerder B gee vriendelike terugvoering: Het leerder A goed gelees en die vraag korrek beantwoord?
- Ruil om. Leerder B lees die tweede teks.

LAB bl. 19

MG bl. 24-27






## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

MG bl. 51-52

30 min





## UITVOERENDE KUNSTE Mimiek gemeenskapshelpers

30 min

Onthou om op te warm aan die begin en af te koel aan die einde van die Uitvoerende Kunste-lesse.

**Pare**
- Vertel vir jou maat van 'n lid in jou gemeenskap wat jy ken:
  - Hoe ken jy hulle?
  - Watter rol/werk doen hulle in jou gemeenskap?
  - Is hulle jonk/oud?
  - Hou jy van hulle? Hoekom?

**Werkswinkel**
- Verduidelik dat mimiek toneelspel sonder praat is.
- Vra die leerders vir voorstelle en skryf die lys van die gemeenskapslede op die bord.
- Die leerders kies in groepe 'n gemeenskapslid en oefen deur middel van mimiek hoe om die persoon se werk te doen. *(soldaat wat marsjeer/taxibestuurder wat ry/kleremaker wat stik/haarkapper wat hare vleg/boer wat spit)*





FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 13 2024/04/18 14:49

## DONDERDAG



### OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.





### LUISTER EN PRAAT **Resiteer 'n gedig**

15 min

- Laat die rym by hierdie week se tema aansluit.
- Onderrig die gedig en die aksies.
- Leerders doen mee soos hulle kan.

**Maak 'n boek oop**
Maak 'n boek oop, kleine kind.
Jy sal 'n wonderlike gids vind.
In boeke sal jy uitvind
Van mense en plekke waaraan jy nóóit sou kon dink.
Maak 'n boek oop en jy sal lees
Dat jy enigiets in hierdie wêreld kan wees.
Van 'n feetjie tot 'n prinses in 'n paleis!
Ja, jy kan selfs na enige plek reis.
Kom nou, my maat, maak die boek oop en lees.
En besluit self wat *jy* wil wees.



### KLANKE **Onafhanklike woordbou**

LAB bl. 9
15 min

MG bl. 8-13

**Benoem die klanke deur kaarte te gebruik**
- Leerders sprei klankkaarte op hul banke uit.
- Sê 'n klank.
- Leerders wys die ooreenstemmende klankkaart.

**Onafhanklike woordbou**
- Gebruik woorde uit Dinsdag se woordboules:
  - Sê 'n woord en help leerders om die klanke te identifiseer en te tel.
  - Leerders bou die woord met hul kaarte.
  - Kontroleer (een leerder skryf die woord op die bord).
  - Hulle kopieer die woord in hul oefenboeke.






### HANDSKRIF

MG bl. 31-37
15 min

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Hersien die letterformasie van die klanke wat in Kwartaal 1 en 2 aangeleer is.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.





### GEDEELDE LEES (3) ***Thabo sluit by die biblioteek aan***

GB bl. 2-5
15 min

LAB bl. 2-5

**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Thabo sluit by die biblioteek aan* vir die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: boek, biblioteek, buite, aangesluit, belowe**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.





## ONAFHANKLIKE SKRYF — Skryf 'n boekversorgingsreël

**MG bl. 38-41**
**15 min**




**Lees weer die Gedeelde Skryf-sinne van die vorige dag.**

**Leerders skryf 'n boekversorgingsreël**

- Skryf die opskrif en sinsbeginner op die bord.
- Leerders teken een boekversorgingsreël wat hulle moet volg.
- Dan skryf hulle een boekversorgingsreël neer wat begin met: *Ek moenie ...*
- Probeer om die woorde te spel deur aan die klanke in die woord te dink.

**Raak betrokke**

- Vra individuele leerders om hul sinne vir jou voor te lees.
- Reageer op die inhoud.



## ONAFHANKLIKE WERK

**LAB bl. 13-18**



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES — Groep D

**30 min**

**LAB bl. 19**

**MG bl. 24-27**

**Stel Lees in pare bekend**

- Vir elke week se Onafhanklike Werk (aktiwiteit 8), lees leerders in pare.
- Verdeel Groep D in pare.
- Demonstreer hoe om met knieë en elmboë wat aan mekaar raak, te sit.
- Praat met 'n sagte stem.

**Begeleide oefening**

- Vind die Onafhanklike Werk-bladsy (aktiwiteit 8) vir hierdie week in die LAB.
- Leerder A lees die eerste teks. Leerder B luister.
- Indien leerder A hulp met 'n woord nodig het, tik hulle aan leerder B se arm.
- Wanneer leerder A klaar is, vra leerder B die vraag.
- Leerder B gee vriendelike terugvoering: Het leerder A goed gelees en die vraag korrek beantwoord?
- Ruil om. Leerder B lees die tweede teks.






## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

**MG bl. 51-52**
**30 min**



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## UITVOERENDE KUNSTE — Mimiek

**30 min**



**Berei voor**

- Herinner leerders aan wat mimiek beteken.
- In dieselfde groepe as Woensdag, oefen leerders die mimiek waaraan hulle gewerk het.

**Voer op**

- Groepe maak beurte om hul mimiek van 'n gemeenskapslid te doen en te raai wie dit is.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 15 2024/04/18 14:49

# VRYDAG

## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



**Berei voor**
- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.

**Dink**
- Watter nuus wil jy oor hierdie onderwerp deel?

**Pare**
- Gebruik die *My nuus*-raam om jou nuus vir jou maat te vertel.

**Bied aan**
- Kies 'n paar leerders om hul nuus met die klas te deel.

## KLANKE *Seerower*-speletjie

LAB bl. 12

15 min

MG bl. 8-13




- Speel in pare.
- Beweeg jou teller volgens die dobbelsteen/getalblokkies.
- Sê die klank waarop jy geland het.
- Gee 'n woord met daardie klank.
- Kontroleer of jou maat reg is.

## ONAFHANKLIKE SKRYF Voltooi en deel

15 min




**Voltooide boek**
- Wys een van die boeke se omslae wat in Visuele Kunste gemaak is. Sê: "Nou gaan ons die eerste bladsy van die boek skryf. Waar gaan ons skryf?"
- Leerders kopieer die sin wat hulle gister geskryf het, in hulle boek.
- Pare: ruil en lees mekaar se boeke.
- Vertoon boeke in die Leeshoekie.

## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 13-18



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

## GROEPBEGELEIDE LEES Groep E

30 min

LAB bl. 19

MG bl. 24-27




**Stel Lees in pare bekend**
- Vir elke week se Onafhanklike Werk (aktiwiteit 8), lees leerders in pare.
- Verdeel Groep E in pare.
- Demonstreer hoe om met knieë en elmboë wat aan mekaar raak, te sit.
- Praat met 'n sagte stem.

**Begeleide oefening**
- Vind die Onafhanklike Werk-bladsy (aktiwiteit 8) vir hierdie week in die LAB.
- Leerder A lees die eerste teks. Leerder B luister.
- Indien leerder A hulp met 'n woord nodig het, tik hulle aan leerder B se arm.
- Wanneer leerder A klaar is, vra leerder B die vraag.
- Leerder B gee vriendelike terugvoering: Het leerder A goed gelees en die vraag korrek beantwoord?
- Ruil om. Leerder B lees die tweede teks.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 16 2024/04/18 14:49

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Dink na oor die week**
- Waarvan het jy gedurende die skoolweek gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

**Hierdie week het ek:**
- die **LAB'e ingeneem** en kommentaar gelewer op Skryf.
- die **ander LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer bystand nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van kinders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit gekyk na volgende week se werk** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.

## OORSIG VAN WEEK



# Mense in my gemeenskap

## VOORBEREIDING

Nooi 'n gemeenskapshelper om die klas tydens die Uitvoerende Kunste-les op Donderdag, te besoek.

**Flitskaarte**

dokter | onderwyser | polisiebeampte

verpleegster | almal

## RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

| GBL: 2 x 15 minute per groep   Vroeë lees-aktiwiteite   OW: 8 bladsye | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Maandag** | | **Dinsdag** | | **Woensdag** | | **Donderdag** | | **Vrydag** | |
| | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min |
| **Groep A** | **GBL 1** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | **GBL 2** | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep B** | OW 1 | **GBL 1** | OW 2 | OW 3 | OW 4 | OW 5 | **GBL 2** | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep C** | OW 1 | OW 2 | **GBL 1** | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | **GBL 2** | OW 7 | OW 8 |
| **Groep D** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | **GBL 1** | OW 4 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | **GBL 2** | OW 8 |
| **Groep E** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | **GBL 1** | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 | **GBL 2** |

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- kryte/viltpenne, potlode
- velle papier (A4 of groter, wit of gekleurd)
- afvalmateriale (byvoorbeeld: klei, klippies, toiletrolletjies, gebruikte papier, plastieksakkies, tou, vuurhoutjies/tandestokkies, afvalstukkies lap, eierboksies)
- bokse, karton
- skêre, gom, kleeflint
- sakkies/houers vir hierdie week se klanke



# 'n Verkeersongeluk



Dit was Maandag. Ons het verslaap. Ons het baie vinnig aangetrek en ontbyt geëet.

VINNIG! VINNIG! VINNIG! Ons kan nie laat wees vir skool nie! Ons het in die kar ingebondel en weg was ons.

Die verkeer het baie stadig beweeg.

STOP, RY! STOP, RY! STOP, RY!

Maar die taxi's het vinnig gery.

Skielik het 'n taxi voor ons teen 'n motor gebots.

O, NEE! O, NEE! O, NEE!

Pa het die motor gestop en uitgeklim. "Wag in die motor," het hy gesê. Toe hy terugkom, het hy gesê: "Dit is nie 'n slegte **ongeluk** nie. Die motor is nie beskadig nie, maar die taxi is ingeduik. Ek dink die taxibestuurder het sy been beseer. Ek gaan my selfoon gebruik om die **paramedici** te bel ingeval hy hospitaal toe moet gaan."

Hy het die noodnommer geskakel en sy naam vir die persoon gee. Hy het vir haar van die ongeluk vertel en gesê waar die ongeluk plaasgevind het. Sy het gesê dat die paramedici dadelik sou kom.

Party mense het uit die taxi geklim en op die sypaadjie gaan gesit. Die mense in die motor het ook uit hul motor geklim. Ons het in ons motor bly wag. Ná 'n rukkie het ons die paramedici in die **ambulans** hoor aankom.

BIE BAA BIE BAA!

BIE BAA BIE BAA!

'n Span paramedici het uit die ambulans geklim. Hulle het die taxibestuurder en die mense wat uit die taxi geklim het, ondersoek. Toe het hulle die taxibestuurder versigtig op 'n draagbaar gelaai, hom in die ambulans getel en met hom hospitaal toe gery. Hulle het gesê dat 'n dokter na sy been moet kyk.

BIE BAA BIE BAA!

BIE BAA BIE BAA!

Die ambulans het weggery. 'n Ander taxi het die mense opgelaai om hulle na hul werksplekke te neem. Die motor was nie beskadig nie, en die bestuurder kon verder ry.

Pa het terug in die motor geklim om ons skool toe te neem. By die skool het hy saam met ons ingegaan om te verduidelik hoekom ons laat was. My juffrou het vir my 'n stokkielekker gegee. Ek hoop die taxibestuurder word gou beter.

## WOORDESKAT

**ongeluk** – wanneer iets onopsetlik gedoen word en skade veroorsaak

**paramedici** – ambulanspersoneel wat eerstehulp en lewensreddingstegnieke kan toepas

**ambulans** – 'n voertuig wat mense hospitaal toe neem



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 19 2024/04/18 14:49

## MAANDAG



### OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.



### HARDOPLEESSTORIE *'n Verkeersongeluk*

OG bl. 19
15 min



**Vóór lees**
- Vra of enigeen al in 'n motorongeluk betrokke was. Wat het gebeur?

**Lees die storie in die Grootboek**
- Lees die storie hardop.
- Verduidelik nuwe woordeskat.

**Ná lees**
- Wat het Pa gedoen toe hy die ongeluk sien?
- Wie het die mense wat beseer was, kom help?



### AANVANGSKENNIS EN PSW Plekke in ons dorp

GB bl. 6
30 min
LAB bl. 24




**Bestaande kennis**
- Vra die leerders om te dink aan plekke en spasies in die gemeenskap wat deur almal gedeel word en die mense wat dit gebruik.
- Maak 'n lys daarvan op die bord.

**Bespreek die prent**
- Gesels oor die plekke in die prent. Wys vir die klas die Grootboek of leerders kan na bladsy 24 in die LAB kyk.
- Gebruik die vrae in die Grootboek om die bespreking in die klas te stimuleer.

**Na lees**
- Vertel hoe hierdie dorp dieselfde of verskillend is van waar julle woon.



### KLANKE Die aa-klank

LAB bl. 25
15 min
MG bl. 8-13




**Hersien klanke**
- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar van die flitskaarte met klanke wat aangeleer is. Leerders sê die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Leerders kan nog woorde met die klank gee.

**Lees die sinne**
- Lees die klanke en die woorde in die blokkie stadig saam.
- Lees die sin.

**Skryf oor die klank in die sin.**



## HANDSKRIF

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van vandag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

MG bl. 31-37

15 min





## ONAFHANKLIKE WERK

- Bekendstelling van hierdie week se onafhanklike take.
- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

LAB bl. 30-36



30 min



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep A en B

**Eerste lees**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

MG bl. 24-27





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

- Wys die apparaat en verduidelik hoe om die aktiwiteit by elke stasie te doen.
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteit te demonstreer.

**Klasaktiwiteit**

- As daar tyd is, kan die leerders ’n speletjie soos vang-vang, krappe-en-kraaie of wegkruipertjie speel.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

MG bl. 51-52

30 min





## VISUELE KUNSTE Beplan ’n dorpstraat

**Stel bekend**

- Watter gemeenskapsgeboue word op bladsy 24 in die LAB gewys?
- Waarvan, dink jy, is hierdie geboue gemaak?

**Verduidelik die taak**

- Groepe sal afvalmateriaal gebruik om 2 of 3 modelle van geboue in hul gemeenskap te maak.
- Wys voorbeelde van afvalmateriale.

**Leerders beplan in groepe**

- Groepe besluit watter gebou hulle gaan maak.
- Hulle beplan die materiale wat hulle gaan gebruik en wie dit die volgende dag sal bring.
- Herinner groepe om karton te bring om te gebruik vir die straat waarop die geboue geplaas sal word.

30 min





FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 21 2024/04/18 14:49

# DINSDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.




## LUISTER EN PRAAT — Berei voor vir 'n klasbesoeker

15 min

**Berei voor vir die klasbesoek op Donderdag**

- Verduidelik wie die besoeker gaan wees.
- Hoe moet ons ons gedra wanneer ons 'n besoeker het? (Hersien goeie maniere en reëls.)

**Pare**

- Berei vrae voor om vir die besoeker te vra.
- Deel vrae met die klas.
- Skryf vir Donderdag vier of vyf van die vrae op die bord en besluit wie die vrae gaan vra.



## AANVANGSKENNIS EN PSW — Plekke en mense in ons gemeenskap

LAB bl. 26

15 min

**Berei voor**

- Noem die gemeenskapshelpers.
- Noem plekke in die gemeenskap.

**Pas die gemeenskapshelpers by die gemeenskapsplek**

- Identifiseer plekke en helpers (LAB bladsy 28).
- Leerders verbind die helper met die korrekte plek.
- Leerders kontroleer met 'n maat.




## KLANKE — Gedeelde woordbou

LAB bl. 27

15 min

MG bl. 8-13

**Berei voor**

- Leerders knip die klankkaarte vir die week op (bladsy 165) in LAB uit.
- Vertoon dieselfde onderwyserskaarte lukraak op die bord.

**Bou die woorde saam**

- Roep 'n leerder vir elke woord bord toe.
- Sê die woord hardop. Vra: Wat is die eerste klank? Ensovoorts.
- Laat die leerder die klankkaart vind en in die korrekte plek plaas.
- Die res van die leerders probeer die woord met hul eie kaarte kopieer.

**Plaas die klanke in 'n sakkie/houer om weer te gebruik.**




## HANDSKRIF

MG bl. 31-37

15 min

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van gister se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.





## GEDEELDE LEES (1) *Mense wat almal help*

GB bl. 7-10
15 min

LAB bl. 20-23


Mense wat ons help

Wie kan jou help as jy jou been breek?

Die dokter en die verpleegster kan jou help.

7

**Lees uit die Grootboek**

- Lees *Mense wat almal help* vir die klas.
- Vra die **Dag 1** -vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Wys die flitskaartwoorde: dokter, onderwyser, polisiebeampte, verpleegster, almal**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 30-36



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep C en D

30 min

MG bl. 24-27



**Eerste lees**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52
30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## VISUELE KUNSTE Maak 'n dorpstraat uit afval

30 min



**Berei voor**

- Deel afvalmateriale soos vuurhoutjieboksies, karton, doppies, gekleurde papier, gom en skêre uit.

**Skep**

- Groepe bou hul geboue uit afvalmateriale.
- Twee groepe sluit by mekaar aan om 'n straat met hul modelgeboue te vorm.
- Rangskik dit op 'n plat stuk karton.
- Bêre dit veilig om die volgende dag in die Uitvoerende Kunste-les te gebruik.

**Alternatief**

- Leerders teken 'n straat (of 'n denkbeeldige straat).

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 23 2024/04/18 14:49

# WOENSDAG



## OGGENDBYEENKOMS

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.

15 min





## AANVANGSKENNIS EN PSW

### Waar kan ek hulp kry?

**Identifiseer probleem**
- Kyk na elke tekening op bladsy 28 in die LAB.
- Lees saam.

**Gesels oor oplossings**
- Pare bespreek hierdie vrae:
- Waarheen kan die kind vir hulp gaan?
- Vir wie moet hulle om hulp vra?

**Sluit aan by ons eie lewens**
- Leerders bespreek of iets soortgelyks al met hulle gebeur het.
- Leerders vertel aan hulle maats vir wie hulle gehelp het.

LAB bl. 28

15 min






## KLANKE

### Woordfamilies

- Skryf rymwoorde deur die klanke op die blomblare te gebruik.
- Lees die woorde vir 'n maat.
- Kontroleer saam.

LAB bl. 29

15 min

MG bl. 8-13






## HANDSKRIF

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van vandag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

MG bl. 31-37

15 min





## GEDEELDE LEES (2)

### *Mense wat almal help*

**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Mense wat almal help* saam met die klas.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: dokter, onderwyser, polisiebeampte, verpleegster, almal**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek

GB bl. 7-10

15 min

LAB bl. 20-23






FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 24
2024/04/18 14:49



## GEDEELDE SKRYF Dankie-sê-boodskap

MG bl. 38-41

15 min




**Berei voor**

- Kopieer hierdie skryfraam op die bord

**Bespreek dankie-sê-boodskappe**

- Hoekom moet ons mense bedank?
- Verduidelik dat leerders die skryfraam gaan gebruik om 'n dankie-sê-boodskap vir die besoeker te skryf.

**Skryf sommige leerders se idees neer**

- Leerders gee idees en help om die boodskap te skryf.
- Indien moontlik, los die boodskap op die bord vir die volgende dag se skryfaktiwiteit.
- Kies iemand om die boodskap op 'n skoon vel papier te kopieer om die volgende dag vir die besoeker te gee.

**Lees die boodskap saam met die leerders**



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 30-36



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep E en A

30 min

MG bl. 24-27



**Eerste lees vir Groep E**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

**Tweede lees vir Groep A**

- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## UITVOERENDE KUNSTE Mimiek

30 min



**Berei voor**

- In dieselfde groepe as vir Visuele Kunste, oefen leerders om te mimiek wat in een van die geboue in hul modelstraat gebeur.

**Voer op**

- Groepe voer hul straat (van Visuele Kunste) vir die klas op en benoem elke gebou.
- Hulle gebruik mimiek om 'n aktiwiteit wat in een van hul geboue plaasvind, uit te beeld.
- Die klas raai in watter gebou dit gebeur.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 25 2024/04/18 14:49

# DONDERDAG



## OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.





## LUISTER EN PRAAT 'n Telrympie

15 min

- Sluit die rympie by hierdie week se tema aan.
- Onderrig die gedig en aksies.
- Leerders doen mee soos hulle kan.

**Vyf polisiemanne**

**Vyf** polisiemanne staan teen 'n muur
Een herlei verkeer, nou is daar vier.

**Vier** polisiemanne kyk gou hier
Een help 'n verdwaalde seun, nou is daar drie.

**Drie** polisiemanne hoor iemand skree
Een gaan om te help, nou is daar twee.

**Twee** polisiemanne, kyk waar hardloop hul heen
Een vang die skelm, nou is daar net een.

**Een** polisieman sien 'n vuur in die nag.
Hy bel die brandweerstasie en red die dag.



## KLANKE Onafhanklike woordbou

LAB bl. 27
15 min

MG bl. 8-13

**Benoem die klanke deur kaarte te gebruik**
- Leerders versprei klankkaarte op hul banke.
- Sê 'n klank.
- Leerders wys die bypassende klankkaart.

**Onafhanklike woordbou**
- Gebruik woorde uit Dinsdag se woordboules:
  - Sê 'n woord en help leerders om die klanke te identifiseer en te tel.
  - Leerders bou die woord met hul kaarte.
  - Kontroleer (een leerder skryf die woord op die bord).
  - Hulle kopieer die woord in hul oefenboeke.






## HANDSKRIF

MG bl. 31-37
15 min

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van gister se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.





## GEDEELDE LEES (3) *Mense wat almal help*

GB bl. 7-10
15 min

LAB bl. 20-23

**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Mense wat ons help* saam met die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: dokter, onderwyser, polisiebeampte, verpleegster, almal**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.
- Sit die flitskaarte op die woordmuur.






FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 26 2024/04/18 14:49



## ONAFHANKLIKE SKRYF — Skryf 'n dankie-sê-boodskap

MG bl. 38-41

15 min




**Herlees Gedeelde Skryf-sinne van die vorige dag**

**Leerders skryf hul eie sinne**
- Skryf die sinbeginners op die bord.
- Dink aan iemand in die gemeenskap vir wie hulle wil bedank.
- Skryf een sin om dankie te sê.
- Teken 'n prent van die persoon vir wie hulle bedank.

**Raak betrokke**
- Vra individuele leerders om hul sinne vir jou voor te lees.
- Reageer op die inhoud.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 30-36



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

30 min



## GROEPBEGELEIDE LEES — Groep B en C

MG bl. 24-27



**Tweede lees**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie
- Hulle doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## UITVOERENDE KUNSTE — Gemeenskapshelper besoek die klas

30 min



**Besoeker gesels**
- Stel die besoeker bekend.
- Besoeker vertel vir die leerders wat hy/sy doen.

**Leerders vra vrae**
- Gebruik die vrae wat Dinsdag voorberei is.

**Bedank die besoeker**
- Reël vooraf met 'n leerder wat selfvertroue het om die besoeker te bedank.
- Leerder gee die klasbesoeker die dankie-sê-boodskap, wat gister geskryf is.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# VRYDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min

- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.





## KLANKE Diktee

MG bl. 10

15 min

- Sê elke woord stadig. Herhaal slegs een keer.
- Leerders skryf die woorde in hul oefenboeke.
- Skryf later die woorde op die bord vir hulle om te kontroleer en te korrigeer.

raam

gaap

saad

maal

vaal



## ONAFHANKLIKE SKRYF Skryf en gee dankie-sê-boodskap

15 min



**Kopieer boodskap op papier**
- Leerders kopieer die boodskap wat hulle Donderdag geskryf het op 'n vel papier.

**Leerders gee hul boodskap**
- Help die leerders om hulle boodskap aan die persoon te gee vir wie hulle gekies het om te bedank.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 30-36



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep D en E

30 min

MG bl. 24-27



**Tweede lees**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 28 2024/04/18 14:49

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Dink na oor die week**
- Waarvan het jy gedurende die skoolweek gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

## ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

**Hierdie week het ek:**
- die **LAB'e ingeneem** en kommentaar gelewer op Skryf.
- die **ander LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer bystand nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van kinders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit gekyk na volgende week se werk** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.

## OORSIG VAN WEEK



# Troeteldiere

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

kat | honger | kos | water | versorg

### RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

| GBL: 2 x 15 minute per groep Vroeë lees-aktiwiteite OW: 8 bladsye | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Maandag | | Dinsdag | | Woensdag | | Donderdag | | Vrydag | |
| | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min |
| **Groep A** | **GBL 1** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | **GBL 2** | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep B** | OW 1 | **GBL 1** | OW 2 | OW 3 | OW 4 | OW 5 | **GBL 2** | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep C** | OW 1 | OW 2 | **GBL 1** | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | **GBL 2** | OW 7 | OW 8 |
| **Groep D** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | **GBL 1** | OW 4 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | **GBL 2** | OW 8 |
| **Groep E** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | **GBL 1** | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 | **GBL 2** |

### BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- kryte/viltpenne, potlode
- velle papier (A4 of groter, wit of gekleurd)
- plakkaatverf en kwaste/vetkryt/dik viltpenne
- afvalmateriale (byvoorbeeld: klei, klippies, toiletrolletjies, gebruikte papier, plastieksakkies, tou, vuurhoutjies/tandestokkies, afvalmateriaal, eierboksies)
- gom en skêre
- sakkies/bakkies vir hierdie week se klanke
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite





FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 30 2024/04/18 14:50

# ’n Honger kat



Ons huis is langs ’n oop stuk veld. Op ’n dag, toe ek en my broer buite gespeel het, het ’n **rondloper**kat versigtig uit die veld by ons erf ingekruip. Sy was baie moeg en maer. Sy was nie ’n mooi kat nie, maar ons het haar baie jammer gekry.

My broer het gesmeek: “Mamma, kan ons asseblief die kat as ’n **troeteldier** hou?”

“Ek sal daaroor dink,” het Mamma gesê.

Mamma het vir die kat ’n piering water gebring om te drink, maar sy was te bang om naby ons te kom. Sonder om te praat, het ons gekyk wat sy doen. Ná ’n rukkie het sy die water gedrink en die volgende dag het sy teruggekom vir nog. Sy het ook die kos en klein stukkies vleis geëet.

Na ’n paar dae het die kat gewoond aan ons geraak, en kon ons haar selfs **streel**. “Sy hou van ons! Hoor net hoe spin sy as ons haar streel. Kan ons haar asseblief as ons troeteldier hou, Mamma?” het my broer weer gevra.

“Julle kan haar hou as julle haar sal versorg en kos gee,” het Mamma gesê.

Ons het die kat Prinses gedoop. Prinses het baie gespin. Sy het baie gespeel. Sy het baie geëet. Sy het baie geslaap, veral in die bed wat ons vir haar gemaak het. Ons het ’n ou kombers in ’n boks op ’n warm plek in die kombuis gesit.

Toe, op ’n dag, was sy net weg. Waar kon sy wees?

Ons het haar oor en oor geroep: “Prinses, Prinses, kietsie, kietsie, kietsie,” maar sy het nie gekom nie. Ons het oral in die huis gesoek. My broer het padlangs tot by die veld geloop. Hy het in die lang gras en in die bossies gekyk. Waar kon sy wees?

Uiteindelik het ons in die motorhuis gaan kyk. Ek het ’n sagte geluid agter ’n kas gehoor. Ek het die blikke verf weggeskuif en binne-in ’n groot kartonboks geloer. En daar was Prinses met drie babakatjies!

Die katjies was klein en hul ogies was nog toe. Een was wit en so wollerig soos ’n pom-pom, die tweede een was swart en die derde een was grys, net soos haar mamma. Ons het elke dag vir hulle gaan kuier.

Mamma het gesê: “Hierdie katjies is so pragtig. Ons sal maklik vir hulle goeie huise kry.”

## WOORDESKAT

**rondloper** – ’n troeteldier wat nie versorg word nie

**troeteldier** – ’n dier vir wie jy lief is en by jou huis versorg

**streel** – om jou hand stadig en saggies oor iets of iemand te vryf



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 31 2024/04/18 14:50

# MAANDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.



## HARDOPLEESSTORIE *'n Honger kat*

OG bl. 31
15 min



**Vóór lees**
- Stel die storie bekend: 'n Honger kat
- Watter troeteldiere het julle?
- Ken jy iemand wat 'n kat as troeteldier het?

**Lees die storie in die Grootboek**

**Vra vrae**
- Hoekom is die storie se naam 'n Honger kat?
- Wat het met die kat in die storie gebeur?



## AANVANGSKENNIS EN PSW Wat troeteldiere nodig het

GB bl. 11
30 min
LAB bl. 46




**Bestaande kennis**
- Bespreek: Wat is 'n troeteldier?

**Lees die bladsy**
- Bespreek die prent.
- Lees die inligting.
- Gebruik die vrae op bladsy 11 in die Grootboek om bespreking te stimuleer.



## KLANKE Die oo-klank

LAB bl. 43
15 min
MG bl. 8-13




**Hersien klanke**
- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar van die flitskaarte met klanke wat aangeleer is. Leerders sê die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Leerders gee nog woorde met die klank.

**Lees**
- Lees die klanke en die woorde in die blokkies stadig saam.
- Lees die sin.



## HANDSKRIF

MG bl. 31-37
15 min



- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van vandag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 32 2024/04/18 14:50

## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 49-55



30 min

- Bekendstelling van hierdie week se onafhanklike take.
- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

## GROEPBEGELEIDE LEES Groep A en B

MG bl. 24-27



**Eerste lees**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52

30 min



**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die apparaat en verduidelik hoe om die aktiwiteit by elke stasie te doen.
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteit te demonstreer.

**Klasaktiwiteit**
- As daar tyd is, kan die leerders ’n speletjie soos vang-vang, krappe-en-kraaie of wegkruipertjie speel.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## VISUELE KUNSTE Teken ’n denkbeeldige troeteldier

30 min



**Stel bekend**
- Leerders maak hul oë toe en verbeel hulle hulle het ’n vreemde denkbeeldige troeteldier.
  - Watter kleur is dit?
  - Watter vorm is dit?
  - Het dit vlerke of baie pote?
  - Het dit kolle of strepe?
  - Dra dit klere?

**Teken jou troeteldier**
- Leerders teken hul denkbeeldige troeteldier op die volle bladsy.
- Herinner hulle om vir hul troeteldier oë, ’n neus, ’n bek, ’n stert en pote te gee.

**Beplan ’n model van jou denkbeeldige troeteldier van afvalmateriaal**
- Leerders dink oor watter afvalmateriaal hulle gaan nodig hê om hul model van ’n troeteldier te maak: klei, klippies toiletrolletjies, papier, plastieksakkies, tou, ensovoorts.
- Ontwerp jul model. Probeer om byskrifte aan te bring.

**Stap deur die klas en ondersteun**



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 33 2024/04/18 14:50

## DINSDAG

### OGGENDBYEENKOMS

15 min




- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.

### LUISTER EN PRAAT — Bespreek katte en rondloperdiere

OG bl. 31 — 30 min

**Leer meer oor katte**
- Wat het julle in die storie oor katte geleer? Katte kry babakatjies wat hulle baie mooi versorg. Ens.
- Was julle verbaas oor enigiets?
- Sou julle graag 'n kat as troeteldier wou hê? Sê hoekom of hoekom nie.

**Bespreek**
- Leerders werk in pare – maak beurte om te praat en te luister.
- Hulle bespreek die volgende vrae:
  - Wat is 'n rondloperdier?
  - Sal jy ooit 'n rondloperdier huis toe neem?
  - Met wie sal jy eers moet praat?
  - Indien jy 'n troeteldier gehad het, hoe sou jy dit versorg? Vertel vir jou maat.

### AANVANGSKENNIS EN PSW — Troeteldiere het skuiling nodig

LAB bl. 44 — 15 min




**Hersien**
- Gesels oor troeteldier-skuilings/-hokke (huise).
- Hoekom is 'n skuiling/hok (huis) vir alle lewende wesens belangrik?
- Bespreek die verskillende skuilings wat leerders op die bladsy kan sien.

**Pas die troeteldier by die skuiling**
- Sê: Kom ons benoem die troeteldier op die bladsy. Watter van hulle ken julle?
- Verduidelik dat 'n skuiling by 'n troeteldier se behoeftes moet pas. Watter soort skuiling het elke troeteldier nodig?
- Leerders verbind die dier/troeteldier met die korrekte skuiling/hok (huis).
- Leerders kontroleer met 'n maat.

### KLANKE — Gedeelde woordbou

LAB bl. 45 — 15 min

MG bl. 8-13




**Berei voor**
- Leerders knip die klankkaarte vir die week (LAB bladsy 167) uit.
- Sit dieselfde onderwyserskaarte lukraak op die bord.

**Bou woorde saam**
- Roep 'n leerder vir elke woord bord toe.
- Sê die woord hardop. Vra: Wat is die eerste klank? Ensovoorts.
- Laat die leerder die klankkaart vind en op die korrekte plek plaas.
- Die res van die leerders probeer die woord met hul eie kaarte kopieer.

**Plaas die klanke in 'n sakkie/houer om weer te gebruik.**

### HANDSKRIF

MG bl. 31-37 — 15 min



- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van gister se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## GEDEELDE LEES (1) *'n Honger kat*

**Lees uit die Grootboek**

- Lees *'n Honger kat*.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Wys die flitskaartwoorde: kat, honger, water, kos, versorg**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.

GB bl. 12-15

15 min

LAB bl. 38-41


'n Honger kat

Op 'n dag het ek 'n kat in ons erf gesien. Sy het honger en moeg gelyk.

My broer het gesê: "Kom ons roep vir Mamma."

12



## ONAFHANKLIKE WERK

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

LAB bl. 49-55





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep C en D

**Eerste lees**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

30 min

MG bl. 24-27





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie
- Hulle doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

MG bl. 51-52

30 min





## VISUELE KUNSTE 3D denkbeeldige troeteldier

**Berei voor**

**Deel afvalmateriale, gom, skêre, verf, koki's, kryte uit.**

**Maak jul denkbeeldige troeteldier uit afvalmateriale**

- Volg die ontwerp wat jy gister gemaak het.
- Is daar enige iets wat jy wil byvoeg?

**Wys en vertel**

- Gee vir jul troeteldier 'n naam.
- Laat leerders een-een vir die klas hul troeteldiere wys.
- Vra: Wat eet en drink dit en waarvan hou dit om te doen?

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

30 min





FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 35 2024/04/18 14:50

## WOENSDAG



### OGGENDBYEENKOMS

**15 min**



- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.



### AANVANGSKENNIS EN PSW

**Hoekom het ons troeteldiere?**

**LAB bl. 46**
**15 min**




**Bespreek hoekom ons troeteldiere het**

- Hoekom hou ons van troeteldiere?
  *(Ons hou van hulle, want hulle help ons op verskillende maniere.)*
- Hoe help troeteldiere ons?

**Gesels oor elke prent**

- Pare: bespreek wat in elke prent gebeur. Hoe help die troeteldier? *(gidshonde vir blinde mense, vang rotte, beskerm families, gee liefde, is 'n vriend)*
- Leerders deel dit waaroor hulle gepraat het met die res van die klas.



### KLANKE

**Woordfamilies**

**LAB bl. 47**
**15 min**

**MG bl. 8-13**




- Skryf rymwoorde deur die klanke op die blomblare te gebruik.
- Lees die woorde vir 'n maat.
- Kontroleer saam



### HANDSKRIF

**MG bl. 31-37**
**15 min**



- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van vandag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



### GEDEELDE LEES (2)

***'n Honger kat***

**GB bl. 12-15**
**15 min**

**LAB bl. 38-41**




**Lees uit die Grootboek**

- Lees *'n Honger kat*.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: kat, honger, water, kos, versorg**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 36 2024/04/18 14:50



## GEDEELDE SKRYF — Beskryf ’n troeteldier

**Berei die bord voor**
- Kopieer die skryfraam op die bord.
- Sê: Ons gaan vyf interessante sinne skryf wat ’n troeteldier beskryf.

**Skryf ’n paar van die leerders se voorstelle op die bord**
- Om die leerders te help besluit wat om te skryf, vra die volgende vyf vrae:
  – Oor watter troeteldier sal ons skryf?
  – Wat eet hierdie troeteldier?
  – Wat doen die troeteldier graag saam met jou?
  – Hoe lyk die troeteldier? (Hoe groot is dit? Watter kleur is dit?)
  – Watter geluid maak dit?

**Lees die sinne saam met die leerders**

MG bl. 38-41
15 min






## ONAFHANKLIKE WERK

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

LAB bl. 49-55



30 min



## GROEPBEGELEIDE LEES — Groep E en A

**Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

**Tweede lees vir Groep A**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

MG bl. 24-27





## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie
- Hulle doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

MG bl. 51-52
30 min





## UITVOERENDE KUNSTE — Dierebewegings

**Berei voor**
- Leerders skryf die naam van ’n dier/teken die dier op stukkies afvalpapier.
- Plaas al die papiertjies in ’n boks, en skommel dit.
- Elke leerder neem ’n papiertjie uit die boks en hou dit privaat.

**Groepe van 4**
- Leerders beweeg soos die dier op hul papier en maak die korrekte geluide.
- Groepe raai watter dier dit is.
- Die beste akteurs tree vir die klas op.

30 min



# DONDERDAG



## OGGENDBYEENKOMS

15 min



- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.



## LUISTER EN PRAAT   Sê ’n kleuterrympie op

15 min

- Verbind die rympie met hierdie week se tema.
- Onderrig die gedig en die aksies.
- Leerders doen mee soos hulle kan.

**Drie klein katjies**
Drie klein katjies wit, swart en grys
Het hul ma se pelshare laat rys
In die stoor met verf gespeel,
En nou is hul almal sonskyngeel.
Genade tog, wat doen ons nou?
Ons moet die verf van jul pelse
afkry, gou
Ma het hul met warm water gewas,
En hul toegedraai met haar woljas.
Miaau, miaau, miaau
Geen melk vir jul vandag
Terwyl sy stilletjies vir hulle lag.
Drie klein katjies het hul les geleer,
Met geel verf speel hul nie weer.
Miaau, miaau, miaau



## KLANKE   Onafhanklike woordbou

LAB bl. 45
15 min
MG bl. 8-13




**Benoem die klanke deur die kaarte te gebruik**
- Leerders versprei klankkaarte op hul banke.
- Sê ’n klank.
- Leerders wys die bypassende klankkaart.

**Onafhanklike woordbou**
- Gebruik woorde uit Dinsdag se woordboules:
  - Sê ’n woord en help leerders om die klanke te identifiseer en te tel.
  - Leerders bou die woord met hul kaarte.
  - Kontroleer (een leerder skryf die woord op die bord).
  - Hulle kopieer die woord in hul oefenboeke.



## HANDSKRIF

MG bl. 31-37
15 min



- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van gister se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## GEDEELDE LEES (3)   *’n Honger kat*

GB bl. 12-15
15 min
LAB bl. 38-41




**Lees uit die Grootboek**
- Lees *’n Honger kat*.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as ’n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: kat, honger, water, kos, versorg**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by ’n woord in die Grootboek
- Sit die flitskaarte op die woordmuur.



## ONAFHANKLIKE SKRYF — My gunsteling-troeteldier

**Herlees die Gedeelde Skryf-sinne van die vorige dag**

MG bl. 38-41
15 min




**Skryf op die bord: *My gunsteling-troeteldier***
- Leerders teken 'n prent van die troeteldier.
- Leerders skryf 'n sin oor hul troeteldier.

**Raak betrokke**
- Vra individuele leerders om hul sinne vir jou voor te lees.
- Reageer op die inhoud.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 49-55



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES — Groep B en C

30 min

MG bl. 24-27



**Tweede lees**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52
30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie
- Hulle doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## UITVOERENDE KUNSTE — Bewegingsinne

30 min




**Verduidelik die bewegingsin**
- Skryf hierdie bewegingsin op die bord.
- Kies 'n dier. Leerders hou jou dop terwyl jy die sin sê en dit opvoer.
- Vra vir vrywilligers om 'n dier te kies en die sin op te voer.

**Voer 'n bewegingsin op**
- Leerders berei in pare voor om 'n bewegingsin met hierdie patroon op te voer.

> Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 39 2024/04/18 14:50

## VRYDAG

### OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.

### KLANKE Soek en omkring die woorde in die blokkies

LAB bl. 48

15 min

MG bl. 8-13


Datum

Soek en omkring die volgende woorde in die blokkies.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| toon ✓ | boot | foon | goor | koor |
| loop | poot | room | boom | toor |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| j | s | u | t | o | o | n | o | g |
| e | a | o | m | e | a | o | v | m |
| m | p | o | o | t | p | o | l | r |
| k | l | h | b | o | o | t | o | a |
| t | p | r | o | o | m | g | o | g |
| o | f | o | o | n | a | m | p | o |
| o | e | o | m | j | u | d | a | o |
| r | u | k | s | a | k | o | o | r |

48 Vrydag

- Lees die woorde saam.
- Leerders omkring of verlig die woorde.
- Kontroleer saam.

### ONAFHANKLIKE SKRYF Deel jou skryfwerk

15 min



**Deel troeteldiertekeninge**

- Leerders maak beurte om hul tekeninge vir hul groep te wys.
- Hulle verduidelik wat hulle geteken het, en lees wat hulle geskryf het.

**Vra vrae**

- Groeplede kry geleentheid om 'n vraag oor die tekening te vra.

**Leerders vra ten minste twee vrae per tekening.**

### ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 49-55



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

### GROEPBEGELEIDE LEES Groep D en E

30 min

MG bl. 24-27



**Tweede lees**

- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Dink na oor die week**
- Waarvan het jy gedurende die skoolweek gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.

## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie
- Hulle doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

**Hierdie week het ek:**
- die **LAB'e ingeneem** en kommentaar gelewer op Skryf.
- die **ander LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer bystand nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van kinders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit gekyk na volgende week se werk** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 41 2024/04/18 14:50

## OORSIG VAN WEEK




# Goeie maniere

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

maniere | groet | jammer | goeiemôre | asseblief

## RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

| GBL: 2 x 15 minute per groep Vroeë lees-aktiwiteite OW: 8 bladsye | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Maandag** | | **Dinsdag** | | **Woensdag** | | **Donderdag** | | **Vrydag** | |
| | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min |
| **Groep A** | **GBL 1** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | **GBL 2** | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep B** | OW 1 | **GBL 1** | OW 2 | OW 3 | OW 4 | OW 5 | **GBL 2** | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep C** | OW 1 | OW 2 | **GBL 1** | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | **GBL 2** | OW 7 | OW 8 |
| **Groep D** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | **GBL 1** | OW 4 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | **GBL 2** | OW 8 |
| **Groep E** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | **GBL 1** | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 | **GBL 2** |

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- kryte/viltpenne, potlode
- velle papier (A4 of groter, wit of gekleurd) of karton
- skêre
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite





FW Gr1 Afrikaans TG T3 W04.indd 42 2024/04/19 13:09

# Zander, die astrante varkie



Daar was eenmaal ’n jong varkie. Sy naam was Zander. Hy het baie slegte **maniere** gehad. ”Jy *moet* meer **beleefd** wees,” het sy mamma gesê. Maar Zander het nie geluister nie.

Zander was lus vir druiwe en het na die boer se tuin gegaan. Hy het geweet dat varke nie in die tuin mag wees nie, maar hy het nogtans gegaan.

In die tuin het Zander vir Donkie ontmoet. Donkie het hom beleefd gegroet. “Goeiemôre, Zander, hoe gaan dit vandag met jou?” het hy gesê. Zander het geantwoord: “Ek praat nie met ’n dom donkie nie. Jou ore is te lank.” Donkie was ontsteld en seergemaak en het hartseer weggeloop.

Toe het Zander vir Padda raakgeloop. Padda het Zander beleefd gegroet. “Goeiemôre, Zander, hoe gaan dit vandag met jou?” het hy gesê. Zander het geantwoord: “Ek praat nie met ’n lelike padda nie. Jou bek is te groot.” Padda was ontsteld en seergemaak en het hartseer weggespring.

Daarna het Zander vir Skilpad raakgeloop. Skilpad het hom beleefd gegroet. “Goeiemôre, Zander, hoe gaan dit vandag met jou?” het sy gesê. Zander het geantwoord: “Ek praat nie met ’n stadige skilpad nie. Jy stap soos ’n ou vrou.” Skilpad was ontsteld en seergemaak en het hartseer weggeloop.

Zander het die druiwe gulsig begin eet. Skielik het die boer hom gesien. Sy hond het ook vir Zander gesien. Die hond het begin blaf en Zander begin jaag.

Zander het so vinnig soos hy kon, weggehardloop. Hy het vir Skilpad gesien en uitgeroep: “Help! Help! Die hond gaan my vang en byt.” Maar Skilpad het geantwoord: “Ek kan jou nie help nie. Ek is te stadig.”

Zander het so vinnig soos hy kon, weggehardloop. Hy het vir Padda gesien en uitgeroep: “Help! Help! Die hond gaan my vang en byt.” Maar Padda het gesê: “Ek kan jou nie help nie. My bek is te groot.”

Zander het so vinnig soos hy kon, weggehardloop. Hy het vir Donkie gesien en uitgeroep: “Help! Help! Die hond gaan my vang en byt.” Maar Donkie het gesê: “Ek kan jou nie help nie, want ek is te dom.”

Zander het gehardloop en gehardloop tot by die heining. Hy het ’n klein gaatjie in die heining gesien en homself daardeur gewurm. Die hond het geblaf en gegrom en geraas, maar kon nie deur die gat in die heining kom nie. Sjoe!

Zander was spyt dat hy só ongeskik met al die diere was, en het gesê: “Ek weet hulle sou my gehelp het as ek beleefd teenoor hulle was.”

## WOORDESKAT

**astrante** – parmantig, luister nie na opdragte nie

**maniere** – hoe jy teenoor mense optree

**beleefd** – goeie en mooi maniere, en is nie ongeskik teenoor ander



FW Gr1 Afrikaans TG T3 W04.indd 43 2024/04/19 13:09

# MAANDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

**15 min**



- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.



## HARDOPLEESSTORIE *Zander, die astrante varkie*

**OG bl. 43**
**15 min**



**Vóór lees**
- Vandag se storie gaan oor diere wat kan praat. Kan diere praat?
- Watter ander stories ken jy van pratende diere?

**Lees die storie in die Grootboek**
- Verduidelik enige nuwe woordeskat.

**Ná lees**
- Wat het Zander gedoen wat nie goeie maniere was nie?



## AANVANGSKENNIS EN PSW 'n Kontrolelys vir goeie maniere

**GB bl. 16**
**30 min**
**LAB bl. 61**




**Bestaande kennis**
- Bespreek: Wat is goeie maniere? Hoekom is dit belangrik?

**Lees en rolspel**
- Wat is 'n kontrolelys?
- Lees die eerste punt op die kontrolelys saam met die klas. Wat beteken dit?
- Vra vrywilligers om dit te help wys/rolspel.
- Vra: Hoekom is dit belangrik?
- Herhaal elke punt.

**Na lees**
- Leerders steek hul hande op indien hulle elke punt op die kontrolelys doen.
- Merk die punt af indien die meeste leerders dit doen.



## KLANKE Die ee-klank

**LAB bl. 62**
**15 min**
**MG bl. 8-13**




**Hersien klanke**
- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar van die flitskaarte met klanke wat aangeleer is. Leerders sê die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Leerders kan nog woorde met die klank gee.

**Lees die sin**
- Lees die klanke en die woorde in die blokkie stadig saam.
- Lees die sin.

**Skryf oor die klank in die sin.**



FW Gr1 Afrikaans TG T3 W04.indd 44 2024/04/19 13:09



## HANDSKRIF

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van vandag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

MG bl. 31-37

15 min





## ONAFHANKLIKE WERK

- Bekendstelling van hierdie week se onafhanklike take.
- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

LAB bl. 67-73



30 min



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep A en B

**Eerste lees**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

MG bl. 24-27





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

- Wys die apparaat en verduidelik hoe om die aktiwiteit by elke stasie te doen.
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteit te demonstreer.

**Klasaktiwiteit**

- As daar tyd is, kan die leerders 'n speletjie soos vang-vang, krappe-en-kraaie of wegkruipertjie speel.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

MG bl. 51-52

30 min





## VISUELE KUNSTE Maak 'n beloftekaart

**Berei voor**

- Deel karton/papier, potlode, viltpenne uit.

**Skryf beloftes op die skryfbord.**

- Verduidelik wat 'n waarborgkaart is
- Wat is 'n belofte? Het julle al ooit 'n belofte gemaak?
- 'n Waarborg is 'n ander woord vir 'n belofte.
- 'n Beloftekaart herinner ons aan iets wat ons beloof het om te doen.

**Skep**

- Leerders kies 'n belofte. Dit moet iets wees wat hulle soms vergeet om te doen.
- Skryf beloftes op die kaart.
- Leerders illustreer die kaart.

**Stap deur die klas en ondersteun**

30 min



# DINSDAG



## OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.






## LUISTER EN PRAAT — Goeie maniere

OG bl. 43
15 min

**Gesels oor maniere in die storie**
- Herinner leerders aan die storie: *Zander, die astrante varkie.*
- Hoe het elke dier vir Zander gegroet?
- Hoe het Zander gereageer?
- Wat moes Zander gesê het?
- Hoe dink julle het die diere gevoel?
- Watter les het Zander geleer?

**Rolspel goeie maniere**
- Skryf hierdie "goeie-maniere-woorde" op die bord.
- Pare: kies een en oefen 'n rolspel wat wys hoe hierdie woord gebruik word.
- Pare: voer hul rolspel vir 'n ander paar uit.






## AANVANGSKENNIS EN PSW — My kontrolelys vir goeie maniere

LAB bl. 63
15 min

**Hersien**
- Vra: Hoe wys julle goeie maniere en verantwoordelikhede by die huis?

**Merk goeie maniere op die kontrolelys af**
- Lees die kontrolelys: Soos jy elke punt lees, dink die leerders oor hul gedrag die afgelope week.
- Leerders merk elke punt af wat hulle kon gedoen het.

**Verduidelik kontrolelyste**
- Leerders gaan in pare deur hul kontrolelyste.
- Hulle verduidelik hoekom hulle elke punt afgemerk het.






## KLANKE — Gedeelde woordbou

LAB bl. 64
15 min

MG bl. 8-13

**Berei voor**
- Leerders knip die klankkaarte vir die week (LAB bladsy 169) uit.
- Sit dieselfde onderwyserskaarte lukraak op die bord.

**Bou woorde saam**
- Roep 'n leerder vir elke woord bord toe.
- Sê die woord hardop. Vra: Wat is die eerste klank? Ensovoorts.
- Laat die leerder die klankkaart vind en op die korrekte plek plaas.
- Die res van die leerders probeer die woord met hul eie kaarte kopieer.

**Plaas die klanke in 'n sakkie/houer om weer te gebruik.**






## HANDSKRIF

MG bl. 31-37
15 min

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van gister se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.





FW Gr1 Afrikaans TG T3 W04.indd 46 2024/04/19 13:09

## GEDEELDE LEES (1) *Zander, die astrante varkie*

GB bl. 17-20
15 min
LAB bl. 57-60

**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Zander, die astrante varkie* vir die klas.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Wys die flitskaartwoorde: maniere, groet, jammer, goeiemôre, asseblief**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.




## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 67-73

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep C en D

30 min
MG bl. 24-27

**Eerste lees**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52
30 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

> Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## VISUELE KUNSTE Maak 'n goeie-maniere-tuin

30 min

**Stel bekend**
- Watter woorde wys dat ons goeie maniere het? *(asseblief, dankie, jammer, hallo, verskoon my)*
- Skryf voorstelle op die bord.

**Skep**
- Deel papier, penne/potlode, skêre, kryte uit.
- Leerders maak 'n tekening van 'n blom so groot soos die bladsy en skryf 'n goeie-maniere-woord daarin.
- Hulle kleur die blom in en versier dit.
- Vertoon al die blomme soos in 'n tuin.



# WOENSDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min



- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.

## AANVANGSKENNIS EN PSW — Goeie en slegte maniere

LAB bl. 65

15 min




**Bespreek voorbeelde**

- Vra vrywilligers vir voorbeelde van hul eie goeie maniere van die vorige week.
- Vra of enigeen 'n voorbeeld van slegte maniere of onvriendelikheid gesien het? (Moedig die leerders aan om 'n opgemaakte naam soos *Borrels*! te gebruik).

**Lees die spraakborrels**

- Kyk na die prente. Elkeen wys 'n scenario van goeie of slegte maniere.
- Lees die spraakborrels vir elke scenario.

**Gesels oor elke scenario**

- Leerders werk in pare.
- Leerders bespreek elke scenario en sê of dit goeie of slegte maniere is.
- Pare bespreek hoekom hulle so sê.
- Gaan aan die einde saam met die klas deur die scenario's.

## KLANKE — Woordfamilies

LAB bl. 66

15 min

MG bl. 8-13




- Skryf rymwoorde deur die klanke op die blomblare te gebruik.
- Lees die woorde vir 'n maat.
- Kontroleer saam.

## HANDSKRIF

MG bl. 31-37

15 min



- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van vandag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

## GEDEELDE LEES (2) — *Zander, die astrante varkie*

GB bl. 17-20

15 min

LAB bl. 57-60




**Lees uit die Grootboek**

- Lees *Zander, die astrante varkie* vir die klas.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: maniere, groet, jammer, goeiemôre, asseblief**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.



FW Gr1 Afrikaans TG T3 W04.indd 48 2024/04/19 13:09



## GEDEELDE SKRYF Dialoog




MG bl. 38-41
15 min

**Berei die bord voor**
- Kopieer hierdie skryfraam op die bord.
- Sê: Wanneer twee mense met mekaar praat skryf ons dit so neer. Eerstens skryf ons die name van die mense wat praat. Daarna skryf ons wat elke persoon sê langs sy naam neer.

**Skryf leerders se voorstelle**
- Dink oor wat mense sê wanneer hulle mekaar groet.
- Eerstens, wat sê die volwassene vir die kind? Hoe antwoord die kind?
- Vul van die leerders se voorstelle in.
- Hou hierdie maniere van groet op die bord vir Donderdag se skryfles.

**Leerders oefen die verskillende maniere van groet**
- In pare: Leerders maak beurte om die volwassene en die kind te wees.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 67-73



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep E en A

30 min

MG bl. 24-27



**Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

**Tweede lees vir Groep A**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52
30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## UITVOERENDE KUNSTE Mimiek goeie maniere

30 min



**Berei voor**
- Verduidelik taak: 'n leerder mimiek 'n scenario van goeie maniere en verantwoordelikhede. Die res van die klas raai wat besig is om te gebeur.
- In pare of groepe: Leerders besluit oor 'n scenario om met mimiek uit te beeld (*mors water, kom laat vir skool, breek iets, speel 'n speletjie, het nie 'n potlood).*
- Hoe gaan ons met goeie maniere reageer?

**Voer op**
- Leerders mimiek die scenario en die reaksie.

# DONDERDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.



## LUISTER EN PRAAT Sê 'n aksiegedig op

15 min

- Verbind die rympie met hierdie week se tema.
- Onderrig die gedig en die aksies.
- Leerders doen mee soos hulle kan.

**Kom ons begin ons dag**
Goeiemôre almal, die dag het pas begin.
Goeiemôre almal, is julle reg vir 'n nuwe sin?
Hoe voel julle vandag?
Gaan ons speel en baie pret hê?
Hoe voel julle vandag?
Wat hoor ek julle sê?
(*Doen 'n luisteraksie*)
Dit gaan goed, dankie, juffrou!
Ons is gereed, kyk ons arms is gevou!
*(Leerders doen die volgende aksies saam met jou.)*
Swaai jou arms rond.
Swaai jou arms rond.
Spring in die lug!
En gaan sit op die grond.

## KLANKE Onafhanklike woordbou

LAB bl. 64
15 min
MG bl. 8-13

**Benoem die klanke deur kaarte te gebruik**
- Leerders versprei klankkaarte op hul banke.
- Sê 'n klank.
- Leerders wys die bypassende klankkaart.

**Onafhanklike woordbou**
- Gebruik woorde uit Dinsdag se woordboules:
  - Sê 'n woord en help leerders om die klanke te identifiseer en te tel.
  - Leerders bou die woord met hul kaarte.
  - Kontroleer (een leerder skryf die woord op die bord).
  - Hulle kopieer die woord in hul oefenboeke.




## HANDSKRIF

MG bl. 31-37
15 min

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van gister se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## GEDEELDE LEES (3) *Zander, die astrante varkie*

GB bl. 17-20
15 min
LAB bl. 57-60

**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Zander, die astrante varkie* vir die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: maniere, groet, jammer, goeiemôre, asseblief**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.
- Sit die flitskaarte op die woordmuur.





## ONAFHANKLIKE SKRYF

**Teken en skryf hoe om mense te groet**

MG bl. 38-41 | 15 min



**Herlees Gedeelde Skryf-sinne van die vorige dag**

- Sê vir die leerders om aan 'n persoon te dink van wie hulle hou (kan 'n volwassene of kind wees).
- Leerders dink aan hoe hulle die persoon waaraan hulle dink, sal groet.

**Leerders skryf hul eie manier van groet neer**

- Leerders teken 'n prent van hoe hulle die persoon groet.
- Leerders skryf hul eie manier van groet neer.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 67-73



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

30 min



## GROEPBEGELEIDE LEES

**Groep B en C**

MG bl. 24-27



**Tweede lees**

- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

MG bl. 51-52 | 30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## UITVOERENDE KUNSTE

**Praat- en luisterstoele**

30 min



**Stel bekend**

- Vorm pare en sit stoele neer sodat dit na mekaar kyk.
- Wys een stoel aan vir praat en die ander een vir luister.

**Ruil stoele om**

- Elke leerder sit op 'n stoel.
- Die spreker vertel 'n storie terwyl die ander een mooi luister.
- Sê wanneer die leerders moet stop. Hulle ruil dan rolle om.
- Indien die tyd dit toelaat, vra vrywilligers om vir die klas hul maat se storie te vertel.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# VRYDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min

- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.





## KLANKE Diktee

MG bl. 10
15 min

- Sê elke woord stadig. Herhaal slegs een keer.
- Leerders skryf die woorde in hul oefenboeke.
- Skryf daarna die woorde op die bord vir hulle om te kontroleer en te korrigeer.

peer
seep
been
leer
bees



## ONAFHANKLIKE SKRYF Verduidelik jou skryfwerk

15 min

**Kontroleer verskillende maniere van groet**

- In pare: Hulle kontroleer mekaar se sinne.
- Leerders merk met 'n potlood die hoofletters en punte op die korrekte plek. Hulle merk ook elke woord wat korrek gespel is.

**Verduidelik tekening**

- In pare: Leerders vertel vir mekaar wie hulle geteken het en hoekom hulle daardie persoon gekies het.





## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 67-73

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep D en E

30 min

MG bl. 24-27

**Tweede lees**

- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.





## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Dink na oor die week**
- Waarvan het jy gedurende die skoolweek gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

**Hierdie week het ek:**
- die **LAB’e ingeneem** en kommentaar gelewer op Skryf.
- die **ander LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer bystand nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van kinders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit gekyk na volgende week se werk** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.



FW Gr1 Afrikaans TG T3 W04.indd 53 2024/04/19 13:09

## OORSIG VAN WEEK



# Dele van ’n plant

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

blare | groei | plant | sade | grond

## RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

**GBL: 2 x 15 minute per groep   Vroeë lees-aktiwiteite   OW: 8 bladsye**

| | **Maandag** | | **Dinsdag** | | **Woensdag** | | **Donderdag** | | **Vrydag** | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min |
| **Groep A** | **GBL 1** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | **GBL 2** | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep B** | OW 1 | **GBL 1** | OW 2 | OW 3 | OW 4 | OW 5 | **GBL 2** | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep C** | OW 1 | OW 2 | **GBL 1** | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | **GBL 2** | OW 7 | OW 8 |
| **Groep D** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | **GBL 1** | OW 4 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | **GBL 2** | OW 8 |
| **Groep E** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | **GBL 1** | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 | **GBL 2** |

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE



- blare van bome of blomme
- kryte/viltpenne en ’n potlood
- vir elke leerder of groep: koerant, plastiekskinkbord of piering, boontjiesade, water (week die boontjiesade oornag op Sondag)
- karton of knypbord om op te druk
- velle A4-papier
- plakkaatverf en kwaste
- sakkies/bakkies vir hierdie week se klanke
- koerant, ’n palstiekskinkbord of piering, boontjiesaad, water
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- vir elke leerder of groep: koerant, ’n plastiekskinkbord of piering, boontjiesaad, water
- week boontjiesade oornag

# Ons skool se groentetuin



My naam is Neo en ek wil vir julle van my skool se pragtige groentetuin vertel. Ons kweek mielies, spinasie, wortels, kool, beet, pampoen, aartappels en boontjies in ons tuin. Ek is in graad 1 en my klas het 'n paar boontjieplante vir die tuin gekweek. Ek gaan nou vir julle vertel hoe ons dit gedoen het.

Eers het my juffrou vir ons elkeen drie boontjie**sade** gegee. Ons het dit in pierings gesit en met 'n stukkie nat koerantpapier toegemaak. Ons het ons pierings in die son op die klas se vensterbank gesit. Ons het die papier waarmee ons boontjiesade toegemaak was, natgemaak en elke dag gekyk totdat 'n klein **wortel**tjie by elke saad begin uitgroei het. Daar het ook 'n klein stingeltjie en twee klein blaartjies uitgekom.

Toe ons boontjieplantjies meer blare gehad het, het ons klippies, leë boksies of potjies en 'n bietjie **grond** klas toe gebring. Ons het die klippe onderin die potjies gegooi en van die grond bo-op gegooi. Toe het ons ons boontjieplantjies in ons potjies geplant.

Ons het dit water gegee en in die son buite die klaskamer gesit. Ons het geweet die blare het sonlig nodig. Ons het elke dag die plantjies natgemaak en die plante het groter en groter geword. Gou was dit tyd om dit in die tuin uit te plant.

Ons het stokke en tou skool toe gebring. Ons het ons boontjieplantjies in rye in die skool se tuin geplant. Ons het die stokke al langs die rye ingesteek en die stingels versigtig met die tou aan die stokke vasgemaak. Die boontjieplantjies het groot geraak en nog blare en ook blomme gekry. Ons was baie opgewonde toe ons die blommetjies gesien het, want toe het ons geweet dat daar binnekort boontjies sou wees. Die blommetjies het afgeval en die boontjies het begin vorm.

Toe die boontjies groot genoeg was, het ons gehelp om die boontjies te pluk. Die middagete-mammas het die boontjies saam met ander groente uit die tuin in die groentesop gegooi. Dit was heerlik. Ons eet elke week van die groentesop vir middagete.

## WOORDESKAT

**sade** – die klein, harde deeltjies van 'n plant se blom of vrug waaruit nuwe plante kan groei

**wortel** – die deel van die plant wat in die grond groei en die plant kos en water gee

**grond** – 'n laag van die aarde se oppervlak waarin plante groei



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 55 2024/04/18 14:51

# MAANDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min

- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.





## HARDOPLEESSTORIE *Ons skool se groentetuin*

OG bl. 55

15 min

**Vóór lees**
- Wie van julle het 'n groentetuin by die huis? Wat kweek julle daarin?
- Wat groei in die skool se groentetuin?

**Lees die storie in die Grootboek hardop**

**Ná lees**
- Dink julle boontjieplante is maklik om te kweek? Hoekom sê julle so?
- Dink julle groente wat ons self kweek, is beter en gesonder as dié wat ons in die winkels koop? Hoekom? Hoekom nie?





## AANVANGSKENNIS EN PSW Hoe 'n boontjieplant groei

GB bl. 21

30 min

LAB bl. 79

**Bestaande kennis**
- Wys aan leerders 'n plant.
- Vind uit watter dele van die plant hulle ken. Groei hierdie dele bo of onder die grond?

**Lees die stadiums van groei**
- Vra die vrae in die GB.

**Kweek 'n boontjie uit 'n saadjie**
- Jy benodig: koerantpapier, 'n plastiek skinkbord of piering, boontjiesade, water.
- Demonstreer: Plaas 'n stuk koerantpapier op die skinkbord; sit 1-3 sade wat oornag in water geweek het, bo-op; bedek dit met 3-4 lae papier; maak deeglik nat.
- Deel benodigdhede uit en laat leerders hul sade voorberei.
- Besluit op 'n daaglikse vasgestelde tyd waarop die leerders kan kyk hoe hul sade ontkiem en groei. Hou die papier klam. Wanneer die plantjies groot en sterk genoeg is, plant dit in potte of in die tuin.



Hoe 'n boontjieplant groei



1. Die boontjiesaadjies kry hitte en water.
2. 'n Klein worteltjie verskyn.
3. Die wortel groei langer onder die grond.
4. Die wortel ontwikkel kleiner wortels onder die grond.
5. Die stingel groei bokant die grond.
6. Twee blare begin groei.
7. Die blare word groter.

21



## KLANKE Die uu-klank

LAB bl. 80

15 min

MG bl. 8-13

**Hersien klanke**
- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar van die flitskaarte met klanke wat aangeleer is. Leerders sê die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Leerders kan nog woorde met die klank gee.

**Lees die sin**
- Lees die klanke en die woorde in die blokkie stadig saam.
- Lees die sin.

**Skryf oor die klank in die sin.**







FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 56 2024/04/18 14:51

## HANDSKRIF

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van vandag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

MG bl. 31-37

15 min



## ONAFHANKLIKE WERK

- Bekendstelling van hierdie week se onafhanklike take.
- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

LAB bl. 86-92



30 min

## GROEPBEGELEIDE LEES Groep A en B

**Eerste lees**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

MG bl. 24-27



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

**Klasaktiwiteit**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

MG bl. 51-52

30 min



## VISUELE KUNSTE Blaardrukpatrone

30 min



**Stel bekend**

- Deel papier, groot blare (1-2 per leerder), verf en verfkwaste uit.
- Wys vir die leerders hoe om die blaar te verf en op die papier af te druk.
- Herinner leerders dat 'n patroon iets is wat oor en oor herhaal word. Wys patrone in die klaskamer uit.
- Wys hoe patrone met blaarafdrukke gemaak kan word.

**Skep**

- Leerders gebruik blaarafdrukke om hul eie patrone te maak.

**Alternatief**

- Teken groente, sny dit uit en maak 'n patroon.

**Stap deur die klas en ondersteun**

## DINSDAG

### OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.




### LUISTER EN PRAAT Menings oor groente

15 min

**Pare: Oop vrae**

Vra vrae: Die leerders maak beurte om vrae te beantwoord.

- Watter groente sal julle graag wil kweek?
- Wat sal julle graag met die groente wil doen?
- Van watter groente hou julle die meeste? Waar kry julle dit?
- Dink julle om kos te kweek is iets goeds om te doen? Verduidelik hoekom?

**Gee terugvoering as klas**

- Pare deel van hul antwoorde.
- Vra leerders om te sê wat hul maat gesê het. Dit sal wys hoe goed hulle geluister het.



### AANVANGSKENNIS EN PSW Dele van 'n plant

LAB bl. 81
15 min

**Hersien**

- Hersien die dele van 'n plant deur die volledige plant wat jy klas toe gebring het, te gebruik.

**Lees die byskrifte**

- Lees die byskrifte in die LAB op bladsy 81 saam met die klas.
- Leerders trek 'n lyn vanaf die byskrif tot by die korrekte deel van die plant.

**Identifiseer die dele wat ons eet**

- Vra leerders om die ses groentes te benoem.
- Vra: Watter dele van hierdie plante eet ons? (*spinasie – blare, blomkool – blomme, tamatie en boontjies – vrugte, wortels– wortel, seldery – stingel*)




### KLANKE Gedeelde woordbou

LAB bl. 82
15 min
MG bl. 8-13

**Berei voor**

- Leerders knip die klankkaarte vir die week (LAB bladsy 171) uit.
- Sit dieselfde onderwyserskaarte lukraak op die bord.

**Bou woorde saam**

- Roep 'n leerder vir elke woord bord toe.
- Sê die woord hardop. Vra: Wat is die eerste klank? Ensovoorts.
- Laat die leerder die klankkaart vind en op die korrekte plek plaas.
- Die res van die leerders probeer die woord met hul eie kaarte kopieer.

**Plaas die klanke in 'n sakkie/houer om weer te gebruik.**




### HANDSKRIF

MG bl. 31-37
15 min

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van gister se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.





## GEDEELDE LEES (1) *My boontjieplant*

**Lees uit die Grootboek**
- Lees *My boontjieplant* vir die klas.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: blare, plant, groei, sade, grond**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.

**GB bl. 22-25**
**15 min**

**LAB bl. 75-78**


My boontjieplant

My naam is Neo. Ek het 'n boontjieplant gekweek.

Eers het ek my boontjiesaadjie met nat koerantpapier toegemaak. Toe het ek dit in die son gesit.

22



## ONAFHANKLIKE WERK

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

**LAB bl. 86-92**





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep C en D

**Eerste lees**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

**30 min**

**MG bl. 24-27**





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

**MG bl. 51-52**
**30 min**





## VISUELE KUNSTE Teken 'n plant

**Natuuruitstappie om voorbeelde (monsters) te kry**
- Gaan op 'n kort natuuruitstappie om plante te vind om te teken.
- Elke leerder neem 'n skerp potlood, 'n vel papier en iets hards om op te druk saam.
- Leerders mag nie plante uithaal of afbreek nie.

**Teken 'n plant**
- Leerders kies 'n deel van die plant om te teken (blaar, blom, saad).
- Vra hulle om goed daarna te kyk en om die deel van plant presies te teken.
- Leerders kleur hul sketse in in die kleure wat hul sien.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

**30 min**





FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 59 2024/04/18 14:51

## WOENSDAG

### OGGENDBYEENKOMS

**15 min**

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.



### AANVANGSKENNIS EN PSW — Hoe 'n plant groei

**LAB bl. 83** | **15 min**

**Hersien**
- Hersien hoe 'n boontjieplant groei (GB bladsy 21).

**Nommer die volgorde**
- Die prente op bladsy 83 in die LAB is in 'n verkeerde volgorde.
- Lees wat elke byskrif sê.
- Leerders besluit wat hulle eerste, tweede, ensovoorts gaan plaas.
- Skryf 'n onderskrif vir elke prent.

**Versorg plante**
- Leerders kontroleer in pare mekaar se werk.
- Maak beurte om te verduidelik wat in elke prent gebeur.
- Leerders verduidelik hoekom ons nie klein plantjies moet beskadig nie.
- Praat oor hoe belangrik dit is om plante te kweek en te versorg.




### KLANKE — Woordfamilies

**LAB bl. 84** | **15 min** | **MG bl. 8-13**

- Skryf rymwoorde deur die klanke op die blomblare te gebruik.
- Lees die woorde vir 'n maat.
- Kontroleer saam.




### HANDSKRIF

**MG bl. 31-37** | **15 min**

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van vandag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



### GEDEELDE LEES (2) — *My boontjieplant*

**GB bl. 22-25** | **15 min** | **LAB bl. 75-78**

**Lees uit die Grootboek**
- Lees *My boontjieplant* vir die klas.

**Vra die Dag 2-vrae op elke bladsy.**
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: blare, plant, groei, sade, grond**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.






FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 60 2024/04/18 14:51



## GEDEELDE SKRYF — Hoe ’n boontjiesaadjie groei

**MG bl. 38-41**
**15 min**

**Berei voor**
- Kopieer hierdie skryfraam op die bord.




**Bespreek**
- Wat is die opskrif?
- Hoeveel sinne gaan ons skryf?
- Herinner leerders aan wat eerste, tweede en derde gebeur het.

**Skryf leerders se voorstelle op die bord**
- Wat groei eerste?
- Wat groei dan?
- Wat groei daarna?

**Lees die sinne saam met die leerders**



## ONAFHANKLIKE WERK

**LAB bl. 86-92**



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES — Groep E en A

**30 min**

**MG bl. 24-27**



**Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

**Tweede lees vir Groep A**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

**30 min**



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

> Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## UITVOERENDE KUNSTE — Musiekspeletjies

**30 min**



**Speletjie: Musiekstandbeelde**
- Leerders dans op die musiek van jou foon. Wanneer die musiek stop, staan hulle doodstil.
- Indien enigeen beweeg, is hulle uit en moet hulle gaan sit.
- Speel tot daar net ’n paar leerders oorbly en raak strenger met elke ronde.

**Klap/stamp ritmes**
- Speel dieselfde musiek.
- Klein groepies klap/klik/stamp die ritme.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 61 2024/04/18 14:51

# DONDERDAG



## OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.





## LUISTER EN PRAAT *Sê 'n aksiegedig op*

15 min

- Sluit rympie by hierdie week se tema aan.
- Onderrig die gedig en aksies.
- Leerders doen mee soos hulle kan.

**Ek's 'n boontjiesaad**
Ek's 'n boontjiesaad
Klein en rond
*(krul op die vloer)*
Plant my gou-gou
In die grond.
*(staan op, doen die spit-aksie)*
Maak my nat, maak my nat
*(Rolspeel hoe om 'n plant nat te maak)*
Maar moenie laat die water spat.
Voeg nou baie sonskyn by!
*(hande wyd oop om baie sonskyn te wys)*
En ek sal groei so groot soos jy.
*(staan regop met hande omhoog)*



## KLANKE *Onafhanklike woordbou*

LAB bl. 82 · 15 min
MG bl. 8-13

**Benoem die klanke deur kaarte te gebruik**

- Leerders versprei klankkaarte op hul banke.
- Sê 'n klank.
- Leerders wys die bypassende klankkaart.

**Onafhanklike woordbou**

- Gebruik woorde uit Dinsdag se woordboules:
  - Sê 'n woord en help leerders om die klanke te identifiseer en te tel.
  - Leerders bou die woord met hul kaarte.
  - Kontroleer (een leerder skryf die woord op die bord).
  - Hulle kopieer die woord in hul oefenboeke.






## HANDSKRIF

MG bl. 31-37 · 15 min

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van gister se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.





## GEDEELDE LEES (3) *My boontjieplant*

GB bl. 22-25 · 15 min
LAB bl. 75-78

**Lees uit die Grootboek**

- Lees *My boontjieplant* vir die klas.

**Vra die Dag 3-vrae op elke bladsy.**

- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: blare, plant, groei, sade, grond**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.
- Sit die flitskaarte op die Woordmuur.






FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 62 2024/04/18 14:51



## ONAFHANKLIKE SKRYF — Skryf sinne in volgorde

MG bl. 38-41
15 min

**Skryf sinne op die bord, sonder leestekens**




**Lees die sinne**
- Lees die drie sinne hardop.
- Vra: Is dit in die korrekte volgorde?
- Watter een moet eerste/tweede/derde kom?
- Wat is verkeerd in hierdie sinne? (*leestekens*)

**Onafhanklike skryf**
- Leerders skryf die sinne in die korrekte volgorde in hul boeke.
- Hulle vul die hoofletters en punte in.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 86-92



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES — Groep B en C

30 min

MG bl. 24-27



**Tweede lees**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52
30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## UITVOERENDE KUNSTE — Beweeg op musiek

30 min



**Berei voor**
- Neem verskillende soorte musiek op jou selfoon op: vinnig/stadig, opgeruimd/klassiek, marsmusiek.

**Beweeg**
- Speel verskillende soorte musiek.
- Leerders luister noukeurig en beweeg volgens die verskillende soorte musiek.
- Herhaal, kies elke keer 'n ander groep of leerders om met 'n volgende soort musiek op te tree.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 63 2024/04/18 14:51

## VRYDAG

### OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min

- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.



### KLANKE *Wurm*-speletjie

LAB bl. 85

15 min

MG bl. 8-13

- Speel in pare.
- Beweeg die teller volgens die dobbelsteen/syferblokkies.
- Lees die woord waarop jy geland het.
- Gee 'n ander woord wat met daardie klank begin.
- Kontroleer of jou maat reg is.




### ONAFHANKLIKE SKRYF Kontroleer jou maat se skryfwerk

15 min

**Lees en kontroleer volgorde**

- Leerders werk in pare om mekaar se sinne te kontroleer.
- Kontroleer of die sinne in die korrekte volgorde is.

**Kontroleer leestekens**

- Skryf die sinne met die korrekte leestekens op die bord.
- In pare: Leerders kontroleer hul maat se leestekens.




### ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 86-92

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



### GROEPBEGELEIDE LEES Groep D en E

30 min

MG bl. 24-27

**Tweede lees**

- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.





FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 64 2024/04/18 14:51



## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Dink na oor die week**

- Waarvan het jy gedurende die skoolweek gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

**Sien Onafhanklike Werk na**

- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

**Hierdie week het ek:**

- die **LAB'e ingeneem** en kommentaar gelewer op Skryf.
- die **ander LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer bystand nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van kinders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week tyd geskeduleer vir:**

- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit gekyk na volgende week se werk** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 65 2024/04/18 14:51

## OORSIG VAN WEEK



# Hoekom ons plante nodig het

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

boontjie | boontjierank | hen | reus | geklim

### FORMELE ASSESSERINGSTAKE WEEK 6

| | | | |
|---|---|---|---|
| Maandag | Visuele Kunste 1 | PRAKTIES | OG bl. 69 |
| Dinsdag | Aanvangskennis/PSW 1 | OG bl. 126 | OG bl. 70 |
| Dinsdag, Woensdag en Donderdag | Luister en Praat 1 | MONDELING | OG bl. 71, 73 en 75 |

### RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

| GBL: 2 x 15 minute per groep Vroeë lees-aktiwiteite OW: 8 bladsye | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Maandag** | | **Dinsdag** | | **Woensdag** | | **Donderdag** | | **Vrydag** | |
| | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min |
| **Groep A** | **GBL 1** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | **GBL 2** | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep B** | OW 1 | **GBL 1** | OW 2 | OW 3 | OW 4 | OW 5 | **GBL 2** | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep C** | OW 1 | OW 2 | **GBL 1** | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | **GBL 2** | OW 7 | OW 8 |
| **Groep D** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | **GBL 1** | OW 4 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | **GBL 2** | OW 8 |
| **Groep E** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | **GBL 1** | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 | **GBL 2** |

### BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- kryte/viltpenne en 'n potlood
- groot velle papier (A4 of groter, wit or gekleurd)
- sakkies/bakkies vir hierdie week se klanke
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

# Jan en die boontjierank



Lank, lank gelede was daar 'n seun Jan wat saam met sy mamma gebly het. Hulle was baie arm. Hulle het niks gehad om te eet nie. Op 'n dag het Jan se mamma vir hom gevra om hul enigste koei te gaan verkoop sodat hulle met die geld kos kon koop.

Jan het mark toe gegaan. Hy het 'n boer ontmoet wat gesê het dat hy die koei by hom sal koop in ruil vir 'n paar **tower**boontjies. Jan het die koei verkoop, maar natuurlik, toe hy die towerboontjies vir sy mamma wys, was sy baie kwaad. "Ons het geld nodig om kos te koop, nie hierdie nikswerd boontjiesade nie," het sy gesê en hulle by die venster uitgegooi. Jan het honger gaan slaap.

Daardie nag, terwyl Jan en sy mamma geslaap het, het die towerboontjies tot 'n yslike groot boontjierank gegroei. Dit was só groot en hoog dat dit aan die lug geraak het. Die volgende oggend toe Jan die **boontjierank** sien, was hy baie verbaas. "Wat is dit?" het hy uitgeroep.

Hy het dadelik teen die boontjierank begin opklim om te sien wat daar bo was. Toe hy bo kom, het hy 'n baie harde gesnork gehoor: ZZZZZZZZZ! ZZZZZZZZZ! Wat kon dit wees? Hy het rondgekyk en 'n baie groot **reus** gesien wat vas aan die slaap in sy bed was.

Onder die reus se bed het Jan 'n mooi goue hen gesien. Daar was ook 'n paar goue eiers. Jan het die hen gegryp en versigtig tot by die boontjierank gekruip. Hy wou nie hê die reus moes wakker word nie. Maar die goue hen het 'n harde geraas gemaak: KLOEK! KLOEK! KLOEK! KLOEK!

Die reus het wakker geword en vir Jan met sy goue hen gesien. Hy was baie kwaad. Hy het agter Jan aangehardloop en geskree:

FIE FAAI FOU FAM!

EK GAAN JOU VANG!

EK GAAN JOU VANG!

Jan het so vinnig soos hy kon teen die boontjierank afgeklim. Die reus het hom gejaag. Jan se mamma het die geskree gehoor en met 'n byl onder die boontjierank gewag. Toe Jan onder was, het sy die boontjierank afgekap.

KAP! KAP! het die byl gemaak. Die boontjierank het omgeval en niemand het ooit weer die reus gesien nie.

KLOEK! KLOEK! het die goue hen gemaak. Sy het 'n goue eier gelê en Jan en sy mamma was nóóit weer arm nie.

## WOORDESKAT

**tower** – onmoontlike dinge laat gebeur, veral in stories

**boontjierank** – die stingel van 'n boontjieplant

**reus** – 'n baie groot, sterk en lang man wat só groot is dat hy nie werklik kan wees nie

## MAANDAG



### OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min

- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.





### HARDOPLEESSTORIE *Jan en die boontjierank*

OG bl. 67
15 min

**Vóór lees**

- Vra vir die leerders of hulle al van reuse gehoor het. Verduidelik dat reuse net denkbeeldige mense is wat groot en sterk is, en gewoonlik net in baie ou stories genoem word.
- Vra: Wat sal julle doen as julle 'n reus ontmoet?

**Lees die storie in die Grootboek**

- Verduidelik nuwe woordeskat.

**Ná lees**

- Hoekom was Jan se mamma woedend?
- Wat het Jan gedoen toe hy die towerboontjierank gesien het?
- Hoe het Jan en sy mamma ryk geword?





### AANVANGSKENNIS EN PSW Soorte plante

GB bl. 26
30 min
LAB bl. 97

**Voor lees**

- Herinner leerders aan die dele van plante.

**Lees die Grootboekbladsy hardop**

- Lees die bladsy hardop.
- Kyk na die foto's op die bladsy.
- Hoe word die plante gegroepeer? *(grootte, soort)*

**Natuuruitstappie**

- Stap op die skoolterrein rond om na die plante te kyk.
- Identifiseer die groep waaraan elke plant behoort.
- Watter groepe plante is die algemeenste?



Soorte plante

Daar is baie verskillende soorte plante. Ons kan hulle as volg groepeer:

Bome is plante met 'n sterk stam en baie takke.

Struike is nie so groot soos bome nie. Hulle het 'n paar houtagtige stingels.

Kruie is kleiner as struike. Hulle het sagter stingels.

Rankplante en grondbedekkers is plante wat ondersteuning nodig het, of kruipend oor die grond groei.

Grasse het hol stingels met litte, en lang, dun blare.

Hierdie plante lyk almal verskillend, maar hulle het almal wortels, stingels, blare, en party het ook blomme.

26



### KLANKE Hersiening: die aa-, oo-, ee- en uu-klank

LAB bl. 98
15 min
MG bl. 8-13

**Hersien klanke**

- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar van die flitskaarte met klanke wat aangeleer is. Leerders sê die klank.
- Luister na die klanke.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**

- Leerders kan nog woorde met die klanke gee.

**Lees die sin**

- Lees die klanke en die woorde in die blokkie stadig saam.
- Lees die sin.

**Skryf oor die klank in die sin.**





## HANDSKRIF

**MG bl. 31-37**
**15 min**



- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van vandag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## ONAFHANKLIKE WERK

**LAB bl. 102-108**



- Bekendstelling van hierdie week se onafhanklike take.
- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

**30 min**



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep A en B

**MG bl. 24-27**



**Eerste lees**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**MG bl. 51-52**
**30 min**



**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

**Klasaktiwiteit**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## VISUELE KUNSTE ASSESSERING 1

**Teken *Jan en die Boontjierank***

- Voorsien papier en kryte/pastelle aan die leerders.
- Leerders teken en kleur 'n prent van *Jan en die Boontjierank* in.
- Herinner hulle om die volle bladsy te gebruik en om byskrifte by te voeg.

**30 min**




**Nasienriglyn:** Sien bladsy 123
**Punte:** 5

## DINSDAG

### OGGENDBYEENKOMS

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.

15 min




### LUISTER EN PRAAT

**Bespreek *Jan en die boontjierank***

OG bl. 67
15 min



**Pare**
- Maak beurte om vrae te beantwoord en na antwoorde te luister.
- Hoekom moes Jan hulle koei verkoop het?
- Wat het Jan aan die bokant van die boontjierank gevind?
- Wat het Jan van die reus gesteel?
- Wat het die reus geskree toe hy vir Jan gejaag het?

**Klasbespreking**
- Wat het aan die einde van die storie met die reus gebeur?
- Wat het met Jan en sy mamma gebeur?
- Was dit reg of verkeerd van Jan om die goue hen te steel? Sê hoekom of hoekom nie?

### AANVANGSKENNIS EN PSW ASSESSERING 1

**Wat troeteldiere nodig het**

OG bl. 126
15 min




**Stel die assessering bekend**
- Verduidelik dat hierdie aktiwiteit 'n toets is wat op werk van die vorige weke gebaseer is.
- Deel afskrifte van bladsy 126 in die OG uit.

**Voltooi die assessering individueel**
- Leerders kyk na die prente.
- Hulle trek 'n lyn na die dinge wat 'n hond nodig het.
- Maak seker dat die leerders in stilte, sonder om te praat, werk.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 122
**Punte:** 5

### KLANKE

**Gedeelde woordbou**

LAB bl. 99
15 min

MG bl. 8-13




**Berei voor**
- Leerders knip die klankkaarte vir die week (LAB bladsy 173) uit.
- Sit dieselfde onderwyserskaarte lukraak op die bord.

**Bou woorde saam**
- Roep 'n leerder vir elke woord bord toe.
- Sê die woord hardop. Vra: Wat is die eerste klank? Ensovoorts.
- Laat die leerder die klankkaart vind en in die korrekte plek plaas.
- Die ander leerders probeer die woord met hul eie kaarte kopieer.

**Plaas die klanke in 'n sakkie/houer om weer te gebruik.**

### HANDSKRIF

MG bl. 31-37
15 min



- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van gister se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 70 2024/04/18 14:51

## GEDEELDE LEES (1) *Jan en die boontjierank*

GB bl. 27-30
15 min

LAB bl. 93-96

- Lees *Jan en die Boontjierank* vir die klas.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: boontjie, boontjierank, haan, reus, gekom**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.




## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 102-108

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep C en D

30 min

MG bl. 24-27

**Eerste lees**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52
30 min

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## VISUELE KUNSTE/ LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1 Towersade

30 min

**Skep**

- Leerders teken 2 of 3 van Jan se towerboontjiesade. Teken dit groot om die hele bladsy te vul.
- Hulle versier elke saad met 'n patroon. Herinner hulle dat patrone herhalende vorms is.
- Moedig hulle aan om vorms en kleure te gebruik om hul bone spesiaal te maak.

**Alternatief**

- Sit gom op die tekeninge en sprinkel dit met regte sade.

**Roep leerders een vir een vir Luister en Praat Assessering 1**

- Assesseer vandag die eerste derde van die klas. Die assessering gaan voort op Woensdag en Donderdag.



- Vra elke leerder 2-3 vrae oor troeteldiere, byvoorbeeld:
  - Het jy 'n troeteldier?
  - Wat eet jou troeteldier?
  - Waar slaap jou troeteldier?
  - Hoe is jy vriendelik teenoor jou troeteldier?
  - Watter ander troeteldier sal jy graag wil hê?
  - Wat sal jou troeteldier eet?
  - Waar sal jou troeteldier slaap?

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 117
**Punte:** 5

# WOENSDAG



## OGGENDBYEENKOMS

**15 min**



- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.



## AANVANGSKENNIS EN PSW — Vergelyk plante

**LAB bl. 100**
**15 min**




### Identifiseer die plante

- Kyk na die vyf foto's
- Lees die name van die plante saam.

### Verduidelik die taak

- Hierdie is 'n tabel. Dit het rye en kolomme wat gewoonlik opskrifte het. Die eerste kolom het die name van verskillende soorte plante. Sê vir die klas dat ons tabelle gebruik om data of ander inligting te sorteer en te verstaan. Jy kan dit van links na regs of van bo na onder lees.
- Lees die drie vrae in die boonste ry.
- Leerders antwoord *ja*, *nee* of *soms* in elke blokkie.

### Voltooi die tabel en kontroleer

- Leerders voltooi die tabel.
- Kontroleer die antwoorde saam. Moedig leerders aan om hul antwoorde te verduidelik indien dit verskil.



## KLANKE — Skryf die woorde reg

**LAB bl. 101**
**15 min**

**MG bl. 8-13**




- Skryf die woorde deur die klanke in die regte volgorde te skryf.
- Lees die woorde vir 'n maat.
- Kontroleer saam.



## GEDEELDE LEES (2) — *Jan en die boontjierank*

**GB bl. 27-30**
**15 min**

**LAB bl. 93-96**




- Lees *Jan en die boontjierank* vir die klas.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: boontjie, boontjierank, haan, reus, geklim**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.



## HANDSKRIF

**MG bl. 31-37**
**15 min**



- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van vandag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 72 2024/04/18 14:51



## GEDEELDE SKRYF **Storiekaart**

MG bl. 38-41

15 min

**Berei die bord voor**

- Kopieer hierdie skryfraam op die bord.
- Verduidelik dat dit 'n storiekaart is. Dit help ons om 'n storie te onthou.

**Skryf leerders se voorstelle op die bord**

- Wie is die karakters in *Jan en die boontjierank*?
- Waar vind die storie plaas?
- Wat het in die storie gebeur: Eerste? Tweede? Derde? Ensovoorts.
- Wat het aan die einde gebeur?

**Lees die sinne saam met die leerders**

Storie: ____________________
Karakters: ____________________
Plekke: ____________________
Wat het gebeur
1. ____________________
2. ____________________
3. ____________________
4. ____________________
5. ____________________



## ONAFHANKLIKE WERK

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

LAB bl. 102-108



30 min



## GROEPBEGELEIDE LEES **Groep E en A**

MG bl. 24-27



**Eerste lees vir Groep E**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

**Tweede lees vir Groep A**

- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING **Aktiwiteitstasies**

MG bl. 51-52

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## VISUELE KUNSTE/ LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1 **Teken 'n towerplant**

30 min

**Skep**

- Leerders verbeel hulle tot watter ongewone plant hul towersade sal groei.
- Leerders teken hul ongewone plant.
- Dit kan in enige kleur of vorm wees.

**Luister en Praat Assessering 1 (vervolg)**

- Assesseer vandag die tweede derde van die klas.
- Vra elke leerder 2-3 vrae oor troeteldiere byvoorbeeld:
  - Het jy 'n troeteldier?
  - Wat eet jou troeteldier?
  - Waar slaap jou troeteldier?
  - Hoe is jy vriendelik teenoor jou troeteldier?
  - Watter troeteldier sal jy graag wil hê?
  - Wat sal jou troeteldier eet?
  - Waar sal jou troeteldier slaap?



**Nasienriglyn:** Sien bladsy 117
**Punte:** 5

# DONDERDAG

## OGGENDBYEENKOMS

**15 min**



- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.

## LUISTER EN PRAAT ’n Gedig

**15 min**

- Lees die gedig vir die klas. Wie praat?
- Lees dit weer, met die leerders wat elke lyn ná jou herhaal.

**Jan en die boontjierank**

Jan! Jan! Staan op, maak gou!
Ons het net mooi niks om te kou!
Jy moet nou ons koei verkoop!
Kom tog, jy moet dadelik loop.
Wat sê jy? Is daar geen loon?
Jy’t ons koei verruil vir ’n towerboon?
Boontjierank, boontjierank, waarheen wil jy vlug?
Boontjierank, boontjierank, hoog in die lug.
Klim op, klim op, dag en nag,
Jy sal nie glo wat op jou wag.
’n Reus, ’n reus, die aakligste ooit!
’n Reus, ’n grote reus, ag nee, ag nooit!
FIE FAAI FOU FAM
EK GAAN JOU VANG
EK GAAN JOU VANG

## KLANKE Onafhanklike woordbou

**LAB bl. 102**
**15 min**
**MG bl. 8-13**




**Benoem die klanke deur kaarte te gebruik**

- Leerders versprei klankkaarte op hul banke.
- Sê ’n klank.
- Leerders wys die bypassende klankkaart.

**Onafhanklike woordbou**

- Gebruik woorde uit Dinsdag se woordboules:
  - Sê ’n woord en help leerders om die klanke te identifiseer en te tel.
  - Leerders bou die woord met hul kaarte.
  - Kontroleer (een leerder skryf die woord op die bord).
  - Hulle kopieer die woord in hul oefenboeke.

## HANDSKRIF

**MG bl. 31-37**
**15 min**



- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van gister se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

## GEDEELDE LEES (3) *Jan en die boontjierank*

**GB bl. 27-30**
**15 min**
**LAB bl. 93-96**




**Lees uit die Grootboek**

- Lees *Jan en die boontjierank* vir die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as ’n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: boontjie, boontjierank, haan, reus, geklim**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by ’n woord in die Grootboek.
- Sit die flitskaartwoorde op die Woordmuur.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 74 2024/04/18 14:52




## VISUELE KUNSTE/ LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1

**Tekening van eie keuse**

30 min



**Skep**
- Gee aan die leerders 'n skoon vel papier en kryte.
- Laat hulle enigiets van hul keuse teken.
- Skryf 'n opskrif.

**Voltooi Luister en Praat Assessering 1**
- Assesseer vandag die laaste derde van die klas.
- Vra elke leerder 2-3 vrae oor troeteldiere byvoorbeeld:
  - Het jy 'n troeteldier?
  - Wat eet jou troeteldier?
  - Waar slaap jou troeteldier?
  - Hoe is jy vriendelik teenoor jou troeteldier?
  - Watter troeteldier sal jy graag wil hê?
  - Wat sal jou troeteldier eet?
  - Waar sal jou troeteldier slaap?

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 117
**Punte:** 5



## ONAFHANKLIKE SKRYF

*Jan en die boontjierank*

MG bl. 38-41 | 15 min



**Teken**
- Teken wat Jan op die boonste deel van die boontjierank gesien het.

**Skryf**
- Leerders skryf oor wat hulle geteken het.
- Moedig hulle aan om die woorde te klank waaroor hulle onseker is, en om hul leestekens te onthou.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 102-108



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

30 min



## GROEPBEGELEIDE LEES

**Groep B en C**

MG bl. 24-27



**Tweede lees**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

MG bl. 51-52 | 30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 75 2024/04/18 14:52

## VRYDAG



### OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.



### KLANKE Diktee

MG bl. 10

15 min

- Sê elke woord stadig. Herhaal slegs een keer.
- Leerders skryf die woorde in hul oefenboeke.
- Skryf daarna die woorde op die bord vir hulle om te kontroleer en te korrigeer.

roos

boor

rook

koop

voor



### ONAFHANKLIKE SKRYF Wys tekeninge en skryfwerk

15 min



**Groepe**

- Maak beurte om tekenige van Donderdag vir die res van die groep te wys.
- Leerders lees hul sinne vir die groep.
- Kies die beste tekening in die groep.
- Wys dit vir die res van die klas.



### ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 102-108



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



### GROEPBEGELEIDE LEES Groep D en E

30 min

MG bl. 24-27



**Tweede lees**

- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 76 2024/04/18 14:52



## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Dink na oor die week**
- Waarvan het jy gedurende die skoolweek gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

## ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

**Hierdie week het ek:**
- die **LAB'e ingeneem** en kommentaar gelewer op Skryf.
- die **ander LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer bystand nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van kinders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit gekyk na volgende week se werk** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.

## OORSIG VAN WEEK



# Kosfeite

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

sop | groente | smaaklik | nare | laf

### FORMELE ASSESSERINGSTAKE WEEK 7

| | | | |
|---|---|---|---|
| Maandag – Vrydag | Lees 1 (gedurende GBL) | OG bl. 127 | OG bl. 81, 83, 85, 87 en 89 |
| Maandag en Dinsdag | Uitvoerende Kunste 1 | PRAKTIES | OG bl. 81 en 83 |
| Donderdag | Handskrif 1 | Oefenboeke | OG bl. 86 |
| Donderdag en Vrydag | Liggaamsopvoeding 1 | PRAKTIES | OG bl. 87 en 89 |

### RIGLYNE VIR LEES ASSESSERING 1 (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

| **GBL: 1 x 30 minute per groep: Lees Assessering 1 Vroeë lees-aktiwiteite OW: 8 bladsye** | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Maandag** | | **Dinsdag** | | **Woensdag** | | **Donderdag** | | **Vrydag** | |
| | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min |
| **Groep A** | **Inleiding tot Lees in pare** | | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep B** | OW 1 | OW 2 | **Inleiding tot Lees in pare** | | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep C** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | **Inleiding tot Lees in pare** | | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep D** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | **Inleiding tot Lees in pare** | | OW 7 | OW 8 |
| **Groep E** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 | **Inleiding tot Lees in pare** | |

### BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- potlode
- afvalmateriale om as rekwisiete tydens Vrydag se inkopierolspel te gebruik
- prente van vrugte
- sakkies/houers vir hierdie week se klanke
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 78 2024/04/18 14:52

# Gawe en nare sop



Een koue dag in die middel van die winter, het Mamma besluit om sop te maak. Sy het baie vars groente by die winkel gekoop en in die tuin gepluk.

"Ons gaan vandag ons eie **spesiale** soort sop maak," het Mamma gesê. "Julle kan elkeen jul eie spesiale sop meng en maak!"

Vusi het gehou van boeke oor **monsters**. Hy het presies geweet waarvan monsters in hul nare sop sal hou. Hy het 'n ou geroeste blik gekry en daarin het hy dorings, modder, piesangskille en dooie goggas gegooi.

"Sies! Jou sop is walglik!" het Fanele gesê. Maar die monsters was mal oor Vusi se **nare** sop. Hulle het almal saamgeskree terwyl hulle die sop ingeslurp het.

"Borrel, borrel, kwaad stook en kook!

Hierdie sop maak ons sterk en groot!

Slurp! Slurp! Slurp!"

"Ek wil 'n gawe sop vir die piepklein feetjies in die tuin maak wat vir my piepklein presentjies bring," het Fanele gesê. Sy het 'n piepklein bakkie gekry en piepklein blommetjies, blomblaartjies, mooi blare en bessies daarin gegooi.

"Wat 'n simpel, lawwe sop," het Vusi smalend gesê. Fanele het nie omgegee wat haar broer dink nie. Sy het haar piepklein bakkie sop in die tuin gesit en vir die feetjies gewag.

"Watter lieflike sop!" het die feetjies gefluister. "Baie dankie!" En die feetjies het vir Fanele 'n piepklein ringetjie as present gegee.

Baba het presies geweet wat sy in haar sop wou sit. In 'n groot plastiekbak het sy 'n halwe stuk beskuit, 'n klein popskoentjie, 'n handvol sand en 'n klein hondebeskuitjie gesit. "Wie wil van my sop hê?" het Baba gevra, en Mamma het 'n soplepel gevat en gemaak of sy 'n slukkie vat.

"Hoe heerlik! Maar miskien kort jou sop 'n bietjie sout," het Mamma gesê en 'n knippie sout bygevoeg.

Mamma het presies geweet wat sy in haar sop wou sit. In 'n groot pot het sy gekapte uie, wortels, aartappels, boontjies, gort, sout en peper gesit. "Welgedaan aan almal met die spesiale sop wat julle gemaak het. Wie wil nou van my ekstra spesiale, lekker sop probeer?" het Mamma gevra.

"Ons is mal oor Mamma se ekstra spesiale, lekker sop," het die kinders gesê terwyl hulle die stomende, heerlike bakkies sop geëet het.

## WOORDESKAT

**spesiale** – iets baie besonders, beter as ander goed

**monsters** – afgryslike gediertes wat nie werklik is nie, veral in stories

**nare** – onaangenaam, proe nie lekker nie, aaklig



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 79 2024/04/18 14:52

## MAANDAG



### OGGENDBYEENKOMS Nuus

**15 min**

- Gee vir die leerders ’n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.





### HARDOPLEESSTORIE *Gawe en nare sop*

**OG bl. 79**
**15 min**

**Vóór lees**

- Vra: Hou julle van sop? Hoekom?
- Het julle al ooit gehelp om sop te maak? Wat het julle gedoen?

**Lees die storie in die Grootboek**

- Verduidelik nuwe woordeskat.

**Ná lees**

- Wie het sop gemaak? (*Mamma, Vusi, Fanele, Baba*)
- Wie se sop sou jy graag wil eet? Hoekom?





### AANVANGSKENNIS EN PSW Waar kos vandaan kom

**GB bl. 31**
**30 min**
**LAB bl. 118**

**Bestaande kennis**

- Hersien die dele van ’n plant. Watter dele van plante eet ons?

**Lees Grootboekbladsy 31**

- Kyk na die prente. Watter kos sien julle?
- Lees die hofies. Hoe is die kos gegroepeer?

**Na lees**

- Teken twee groot sirkels met die volgende opskrifte: *Kos; Plant; Dier*
- Leerders gee voorbeelde van kos en bespreek of die kos van ’n plant of dier kom.
- Skryf elke kossoort in die regte sirkel.






### KLANKE Die **ie**-klank

**LAB bl. 119**
**15 min**
**MG bl. 8-13**

**Hersien klanke**

- Wys teen ’n vinnige pas ’n paar van die flitskaarte met klanke wat aangeleer is. Leerders sê die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**

- Kyk na die prente. Watter kosse sien julle?
- Lees die hofies. Hoe is die kos gegroepeer?

**Identifiseer woorde met die klank**

- Leerders kan nog woorde met die klank gee.

**Lees die sin**

- Lees die klanke en die woord in die blokkie stadig saam.
- Lees die sin.

**Skryf oor die klank in die sin.**






### HANDSKRIF

**MG bl. 31-37**
**15 min**

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van vandag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.





FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 80 2024/04/18 14:52



## ONAFHANKLIKE WERK

- Bekendstelling van hierdie week se onafhanklike take.
- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir Lees Assessering 1.

**LAB bl. 125-131**



**30 min**



## LEES ASSESSERING 1 Groep A

**Assessering**

- Leerders fluister-lees enige storie in die LAB.
- Roep een leerder op 'n slag om vir jou die sinne op bladsy 127 in die OG te lees.
- Luister vir een minuut na elke leerder.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 119
**Punte:** 10

**OG bl. 127**


NAAM DATUM

Lees die sinne.

1. Thabo lees 'n boek.
2. Die polisie help ons.
3. Ons gee kos en water vir die kat.
4. Zander skree: "Help my!"
5. Ek sit die plant in die grond.
6. Jan het die hen gevat.
7. "Ons is mal oor jou sop, Ma!" sê die kinders.

LEES ASSESSERING 1 Week 7 • Maandag 127



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Berei voor**

- LO Assessering 1 vind op Donderdag en Vrydag plaas.
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

**Klasaktiwiteit**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

**MG bl. 51-52**

**30 min**





## UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 1 Dramatiseer *Jan en die boontjierank*

**Luister en mimiek**

- Lees die storie *Jan en die Boontjierank* op bladsy 119 vir die klas.
- Stop by geskikte plekke en vra leerders om die aksie met mimiek uit te beeld.

**Berei dramatisering voor**

- In groepe van vier: Leerders kies die karakters: Jan, Jan se moeder, reus, hen.
- Groepe beplan hoe hulle die hele storie gaan dramatiseer.

**Oefen**

- Leerders oefen hul toneelstuk om volgende dag uit te voer.

**30 min**



**Nasienriglyn:** Sien bladsy 124
**Punte:** 5



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 81 2024/04/18 14:52

## DINSDAG

### OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.




### LUISTER EN PRAAT — Verbeeldingryke antwoorde

15 min

**Pare**

- Maak beurte om vrae te vra en te luister. Beantwoord vrae verbeeldingryk.
- Wat sou jy in jou gawe sop sit?
- Wat sou jy in jou nare sop sit?
- Wat sou jy in jou lawwe sop sit?

**Klas**

- Leerders deel van die dinge wat hul maats genoem het.



### AANVANGSKENNIS EN PSW — Waar kos vandaan kom

LAB bl. 120

15 min

**Identifiseer die kos**

- Watter kos is in die kolom aan die regterkant?
- In pare: Vra: Watter van hierdie kosse eet julle by die huis?

**Pas die soort kos by waar dit vandaan kom**

- Trek 'n lyn van die kos tot waar dit vandaan kom.




### KLANKE — Gedeelde woordbou

LAB bl. 121

15 min

MG bl. 8-13

**Berei voor**

- Leerders knip die klankkaarte vir die week (LAB bladsy 175) uit.
- Sit dieselfde onderwyserskaarte lukraak op die bord.

**Bou woorde saam**

- Roep 'n leerder vir elke woord bord toe.
- Sê die woord hardop. Vra: Wat is die eerste klank? Ensovoorts.
- Laat die leerder die klankkaart vind en op die korrekte plek plaas.
- Die res van die leerders probeer die woord met hul eie kaarte kopieer.

**Plaas die klanke in 'n sakkie/houer om weer te gebruik.**




### HANDSKRIF

MG bl. 31-37

15 min

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van gister se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.





## GEDEELDE LEES (1) *Gawe en nare sop*

**GB bl. 32-35**
**15 min**

**LAB bl. 110-113**

**Lees uit die Grootboek**
- Lees bladsy 1-4 van Gawe *en nare sop* vir die klas.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: sop, groente, gawe, nare, lawwe**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.


Gawe en nare sop
Mamma sê: "Kyk na hierdie groente! Ek gaan vandag sop maak."
"Ons sal ook sop maak," sê Vusi, Fanele en Baba.
32



## ONAFHANKLIKE WERK

**LAB bl. 125-131**



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir Lees Assessering 1.

**30 min**



## LEES ASSESSERING 1 Groep B

**OG bl. 127**

**Assessering**
- Leerders fluister-lees enige storie in die LAB.
- Roep een leerder op 'n slag om vir jou die sinne op bladsy 127 in die OG te lees.
- Luister vir een minuut na elke leerder.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 119
**Punte:** 10


NAAM DATUM
Lees die sinne.
1 Thabo lees 'n boek.
2 Die polisie help ons.
3 Ons gee kos en water vir die kat.
4 Zander skree: "Help my!"
5 Ek sit die plant in die grond.
6 Jan het die hen gevat.
7 "Ons is mal oor jou sop, Ma!" sê die kinders.
LEES ASSESSERING 1 Week 7 • Maandag 127



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**MG bl. 51-52**
**30 min**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 1 Voer *Jan en die boontjierank* op

**30 min**



**Verduidelik formaat**
- Elke groep dramatiseer *'n gedeelte* van die storie *Jan en die boontjierank*, wat hulle gister voorberei het.
- Stop elke groep êrens in hul opvoering sodat die volgende groep die storie van daar af verder kan opvoer.

**Voer op**
- Gaan twee of drie maal deur die storie om elke groep 'n geleentheid te gee.
- Gebruik die Uitvoerende Kunste-les op Woensdag om die assessering te voltooi indien ekstra tyd nodig is.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 119
**Punte:** 5

## WOENSDAG



### OGGENDBYEENKOMS

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.

**15 min**





### AANVANGSKENNIS EN PSW — Kos waarvan ek hou

**Verduidelik aktiwiteit**

- Kyk na die drie opsies: lief/hou van ♥, eet ✓ en hou nie van nie ✖.
- Identifiseer die kos in die tabel.

**Voltooi die tabel**

**Vergelyk antwoorde**

- Vergelyk jou antwoorde met jou maat se antwoorde.
- Watter opsies was dieselfde/verskillend?

**LAB bl. 122**
**15 min**






### KLANKE — Woordfamilies

- Skryf rymwoorde deur die klanke op die blomblare te gebruik.
- Lees die woorde met 'n maat.
- Kontroleer saam.

**LAB bl. 123**
**15 min**

**MG bl. 8-13**






### HANDSKRIF

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van vandag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

**MG bl. 31-37**
**15 min**





### GEDEELDE LEES (2) — *Gawe en nare sop*

**Lees uit die Grootboek**

- Lees *Gawe en nare sop* vir die klas.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: sop, groente, gawe, nare, lawwe**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.

**BB bl. 32-35**
**15 min**

**LAB bl. 110-113**





## GEDEELDE SKRYF Ons gunsteling-kos

MG bl. 38-41 | 15 min




**Berei die bord voor**
- Kopieer hierdie skryfraam op die bord.
- Bespreek wat 'n lys is. *('n stel dinge wat almal aan dieselfde kategorie behoort, gewoonlik onder mekaar geskryf)*
- Lees saam die opskrif.
- Vra: Watter tipe dinge gaan ons op die lys skryf?

**Skryf leerders se voorstelle**
- Kies agt leerders om vir jou van hul gunstelingkosse te vertel.
- Vra: Kan julle my help om elke woord te klank?

**Lees die sinne saam met die leerders**
- Laat die lys op die bord vir die skryfles op Donderdag.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 125-131 | 30 min



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir Lees Assessering 1.



## LEES ASSESSERING 1 Groep C

OG bl. 127

**Assessering**
- Leerders fluister-lees enige storie in die LAB.
- Roep een leerder op 'n slag om vir jou die sinne op bladsy 127 in die OG te lees.
- Luister vir een minuut na elke leerder.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 119
**Punte:** 10


NAAM DATUM

Lees die sinne.

1. Thabo lees 'n boek.
2. Die polisie help ons.
3. Ons gee kos en water vir die kat.
4. Zander skree: "Help my!"
5. Ek sit die plant in die grond.
6. Jan het die hen gevat.
7. "Ons is mal oor jou sop, Ma!" sê die kinders.

LEES ASSESSERING 1 Week 7 • Maandag 127



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52 | 30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## UITVOERENDE KUNSTE Inkopie-rolspel

30 min



Gebruik hierdie tyd om die Uitvoerende Kunste Assessering van Dinsdag te voltooi, indien nodig.

**Bespreek inkopies vir kos in pare**
- Waar koop ons kos? (*supermark, spaza-winkel, wegneemetes*)
- Wat sê jy wanneer jy iets wil koop? (*hoflike manier*)
- Wat sê die winkelier?

**Rolspel**
- Gebruik afvalmateriaal soos leë bokse of blikke as rekwisiete, indien beskikbaar.
- In pare, rolspeel die koop van kos. Leerders koop drie items vir aandete.
- Ruil rolle om.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 85 2024/04/18 14:52

# DONDERDAG

## OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.



## LUISTER EN PRAAT — Sê ’n aksierympie op

15 min

- Verbind die rympie met hierdie week se tema.
- Onderrig die gedig en aksies.
- Leerders doen mee soos hulle kan.

**Saai die waatlemoen**
Saai die waatlemoen
Saai die waatlemoen
Saai die waatlemoen
Saai die waatlemoen

My mamma roei die skuitjie
My papa blaas die fluitjie
My boetie draai die orreltjie
Saai die waatlemoen

## KLANKE — Onafhanklike woordbou

LAB bl. 121
15 min

MG bl. 8-13

**Benoem die klanke deur kaarte te gebruik**
- Leerders versprei klankkaarte op hul banke.
- Sê ’n klank.
- Leerders wys die bypassende klankkaart.

**Onafhanklike woordbou**
- Gebruik woorde uit Dinsdag se woordboules:
  - Sê ’n woord en help leerders om die klanke te identifiseer en te tel.
  - Leerders bou die woord met hul kaarte.
  - Kontroleer (een leerder skryf die woord op die bord).
  - Hulle kopieer die woord in hul oefenboeke.




## HANDSKRIF ASSESSERING 1 — Kopieer ’n sin

15 min

**Berei voor**
- Skryf ’n kort sin op die bord wat die leerders kan kopieer.
- Maak seker dat dit slegs klanke bevat wat reeds aangeleer is.
- Herinner leerders hoe goeie handskrif lyk *(letterformasie, gelyke grootte van klanke, spasiëring binne en tussen woorde, korrekte gebruik van leestekens)*

**Aktiwiteit**
- Leerders kopieer die sin in hul beste handskrif.
- Geen uitveërs mag gebruik word nie.
- Leerders plaas ’n sterretjie bo-aan die letter waarop hulle die trotsste is.
- Neem hul boeke in om te assesseer.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 120
**Punt:** 5

## GEDEELDE LEES (3) — *Gawe en nare sop*

BB bl. 32-35
15 min

LAB bl. 110-113

**Lees uit die Grootboek**
- Lees bladsye 1-4 van *Gawe en nare sop* vir die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as ’n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: sop, groente, gawe, nare, lawwe**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by ’n woord in die Grootboek.
- Sit die flitskaartwoorde op die Woordmuur.



## ONAFHANKLIKE SKRYF

### Skryf 'n lys van gunsteling-kosse

MG bl. 38-41

15 min



**Herlees die gunsteling-koslys**

- Lees saam met die klas die lys wat jy Woensdag gemaak het.
- Leerders dink oor hul gunsteling-kosse.

**Onafhanklike skryf**

- Leerders skryf 'n lys van vyf van hul gunsteling-kosse.
- Wat is die opskrif?
- Hoeveel kosse moet jy neerskryf?
- Klank die woorde om hulle te help.

## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 125-131



30 min

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir Lees Assessering 1.

## LEES ASSESSERING 1

### Groep D

OG bl. 127

**Assessering**

- Leerders fluister-lees enige storie in die LAB.
- Roep een leerder op 'n slag om vir jou die sinne op bladsy 127 in die OG te lees.
- Luister vir een minuut na elke leerder.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 119
**Punte:** 10



NAAM ______ DATUM ______

Lees die sinne.

1. Thabo lees 'n boek.
2. Die polisie help ons.
3. Ons gee kos en water vir die kat.
4. Zander skree: "Help my!"
5. Ek sit die plant in die grond.
6. Jan het die hen gevat.
7. "Ons is mal oor jou sop, Ma!" sê die kinders.

LEES ASSESSERING 1 Week 7 • Maandag 127

## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1

30 min

**Berei voor (5 min)**

- Verdeel die klas in 8 groepe. Roep een groep op 'n slag vir assessering.
- Assesseer die helfte van die klas vandag en die res môre.
- Die ander groepe speel "Volg die leier" totdat hulle geroep word.

**Gee die instruksies aan een groep op 'n keer (5 min per groep)**

- Spring met bene bymekaar.
- Hop op een been; hop op die ander een.
- Staan stil op die een been; staan stil op die ander een.
- Huppel op die plek.
- Spring wydsbeen uit en dan in.
- Indien apparaat beskikbaar is, sluit in: spring met 'n tou, gooi en vang 'n bal, en spring op 'n bankie en weer af.

**Laat 30 minute toe vir elke beweging**

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 125
**Punte:** 5

## UITVOERENDE KUNSTE

### Beskryf kos

30 min

**Stel bekend**

- Wys 'n vrug of 'n prent van 'n vrug.
- As jy hierdie vrug aan 'n blinde persoon sou beskryf, wat sou jy gesê het? (*kleur, grootte, waar dit vandaan kom, smaak*)
- Hoe sou jy die kos aan 'n dowe kind beskryf? *(gebruik handgebare en bewegings)*

**Pare**

- Beskryf kos asof jy met 'n blinde persoon praat. Maat identifiseer dit.
- Beskryf kos asof jy met 'n dowe persoon praat. Maat identifiseer dit.

**Groepe**

- Verdeel klas in twee groepe.
- Herhaal die aktiwiteit.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 87 2024/04/18 14:52

## VRYDAG

### OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.

### ONAFHANKLIKE SKRYF Vergelyk lyste

15 min



**Vergelyk lyste**

- Leerders werk in pare om hul gunsteling-koslyste te vergelyk.
- Hulle onderstreep die kos wat hulle albei neergeskryf het.

**Maak 'n nuwe lys**

- Die pare maak 'n nuwe lys van die kosse waarvan hulle albei hou.
- Die pare deel hul nuwe lys met 'n ander paar.

### KLANKE *Slak*-speletjie

LAB bl. 124

15 min

MG bl. 8-13


Datum

*Slak*-speletjie

- As jy op 'n woord land, lees die woord hardop.
- As jy op 'n prent land, sê die eerste klank van die voorwerp.



124 Maandag

- Speel in pare.
- Beweeg die teller volgens die dobbelsteen/getalblokkies.
- Indien jy op 'n woord beland, lees dit hardop en gee 'n ander woord wat met daardie woord se klank begin.
- Indien jy op 'n prent land, sê die eerste klank van die voorwerp en gee 'n ander woord wat met dieselfde klank begin.
- Kontroleer of jou maat reg is.

### ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 125-131



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir Lees Assessering 1.

### LEES ASSESSERING 1 Groep E

30 min

OG bl. 127

**Assessering**

- Leerders fluister-lees enige storie in die LAB.
- Roep een leerder op 'n slag om vir jou die sinne op bladsy 127 in die OG te lees.
- Luister vir een minuut na elke leerder.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 119
**Punte:** 5


NAAM DATUM

Lees die sinne.

1. Thabo lees 'n boek.
2. Die polisie help ons.
3. Ons gee kos en water vir die kat.
4. Zander skree: "Help my!"
5. Ek sit die plant in die grond.
6. Jan het die hen gevat.
7. "Ons is mal oor jou sop, Ma!" sê die kinders.

LEES ASSESSERING 1 Week 7 • Maandag 127

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Dink na oor die week**
- Waarvan het jy gedurende die skoolweek gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.

## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1 (VERVOLG)

30 min



**Berei voor (5 min)**
- Roep die volgende groep vir assessering.
- Die ander groepe speel "Volg die leier" totdat hulle geroep word.
- Voltooi vandag die assessering.

**Gee die instruksies aan een groep op 'n keer (5 min per groep)**
- Spring met bene bymekaar.
- Hop op een been; hop op die ander een.
- Staan stil op die een been; staan stil op die ander een.
- Huppel op die plek.
- Spring wydsbeen uit en dan in.
- Indien apparaat beskikbaar is, sluit in: spring met 'n tou, gooi en vang 'n bal, en spring op 'n bankie en weer af.

**Laat 30 minute toe vir elke beweging**

**Nasien:** Sien bladsy 125
**Punte:** 5

## ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

**Hierdie week het ek:**
- die **LAB'e ingeneem** en kommentaar gelewer op Skryf.
- die **ander LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer bystand nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van kinders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit gekyk na volgende week se werk** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 89 2024/04/18 14:52

## OORSIG VAN WEEK







# Gesonde kos

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

| fluister | lawwe | sout | nare | sop |
|---|---|---|---|---|

## FORMELE ASSESSERINGSTAKE WEEK 8

| | | | |
|---|---|---|---|
| Maandag | Luister en Praat 2 | OG bl. 128 | OG bl. 117 |
| Dinsdag | Aanvangskennis en PSW 2 | OG bl. 129 | OG bl. 122 |
| Donderdag | Leesbegrip 2 | OG bl. 130 en 131 | OG bl. 119 |
| Donderdag | Klanke 1 | OG bl. 132 | OG bl. 118 |
| Vrydag | Klanke 2 | Oefenboeke | OG bl. 118 |
| Vrydag | Skryf 1 | OG bl. 121 | OG bl. 121 |

## RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

| **GBL: 2 x 15 minute per groep Vroeë lees-aktiwiteite OW: 8 bladsye** | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Maandag** | | **Dinsdag** | | **Woensdag** | | **Donderdag** | | **Vrydag** | |
| | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min |
| **Groep A** | **GBL 1** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | **GBL 2** | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep B** | OW 1 | **GBL 1** | OW 2 | OW 3 | OW 4 | OW 5 | **GBL 2** | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep C** | OW 1 | OW 2 | **GBL 1** | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | **GBL 2** | OW 7 | OW 8 |
| **Groep D** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | **GBL 1** | OW 4 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | **GBL 2** | OW 8 |
| **Groep E** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | **GBL 1** | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 | **GBL 2** |

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- kryte/viltpenne en 'n potlood
- groot velle papier (A4 of groter, wit of gekleurd)
- skêre, gom, kleeflint
- papierborde
- tydskrifte met prente van kos
- sakkies/bakkies vir hierdie week se klanke
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# Verlore en gevind



Elke Saterdag maak Anna en haar mamma saam sop. Eers gaan hulle **supermark** toe om groente vir die sop te koop. Anna hou daarvan om saam met haar mamma inkopies te doen. Hulle koop uie, boontjies en seldery vir die sop.

"Anna, kyk asseblief na die wortels in daardie boks en soek vir ons 'n lekker groot bossie uit," sê Mamma.

Anna kyk in die boks met wortels en sien iets silwers en blinks onderin die boks tussen die wortels. Wat kan dit wees? "O, Mamma, kyk hier! Kyk wat het ek onderin die boks gekry! Kan ek hierdie pragtige silwer horlosie hou?" vra Anna.

"Iemand het hul horlosie verloor," sê Mamma. "Ons moet dit by die **bestuurder** gaan ingee."

'n Dogtertjie met die naam Vera snik hartseer. Vera het haar horlosie verloor. Vera en haar mamma het oral in die winkel daarna gesoek. "Dink Mamma iemand sal my horlosie vind en dit ingee?" vra Vera vir haar mamma.

"Iemand sal beslis as hulle liefde in hul harte het," troos haar mamma haar.

Vera en haar mamma gaan na die bestuurder en vra vir hom of enigeen 'n horlosie gevind en ingegee het. Hy sê vir Vera en haar mamma dat iemand die horlosie gevind en by hom ingegee het. Die bestuurder **stel** hulle aan Anna en haar mamma **voor**.

"Ek het jou horlosie onder die wortels gekry," sê Anna laggend terwyl Vera die horlosie om haar arm sit.

"Baie dankie! Baie dankie! Ek het hierdie horlosie vir my verjaarsdag gekry," sê Vera. "Dit het aan my ouma behoort."

Vera se mamma gee vir Anna 'n stywe drukkie en koop vir haar 'n pakkie lekkers om dankie te sê.

Anna en haar mamma gaan huis toe om sop te maak. Terwyl hulle die groente skil en sny, gesels hulle oor hoe bly Vera was toe hulle vir haar die horlosie teruggegee het en hoe goed dit voel om die regte ding te doen.

## WOORDESKAT

**supermark** – 'n groot winkel waar jy kos en goed vir die huis kan koop

**bestuurder** – die persoon in beheer van iets of iemand

**voorstel** – aan iemand bekend stel deur jul name vir mekaar te sê



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 91 2024/04/18 14:52

# MAANDAG



## OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min

- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.





## HARDOPLEESSTORIE/LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 2 *Gesonde kos*

OG bl. 128
30 min

**Vóór lees**

- Sê: Vandag se storie gaan oor iets wat weg was en toe weer gevind is.
- Sê vir die leerders om mooi te luister terwyl jy lees. Hulle gaan later vrae in hul LAB beantwoord.

**Lees die storie in die Grootboek**

**Ná lees**

- Deel afskrifte van bladsy 128 in die OG uit.
- Lees elke vraag en identifiseer moontlike antwoorde saam met die leerders.
- Leerders maak 'n kruisie langs die antwoord wat hulle dink korrek is.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 117
**Punte:** 5



NAAM ______ DATUM ______

Kies die regte antwoord.

1 Waar vind hierdie storie plaas?

2 Hoekom het Anna en haar ma groente gekoop?
Om ______ te maak.

3 Waar het Anna die horlosie gevind? In 'n boks:

4 Hoekom het Vera gehuil? Sy het haar ______ verloor.

5 Wat sê hierdie storie vir ons oor Anna?
Sy was 'n gawe meisie.
Sy was 'n dwase meisie.

128 Week 8 • Maandag — LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1



## AANVANGSKENNIS EN PSW Gesonde happies

GB bl. 40
15 min

**Voor lees**

- Het jy pouse iets geëet? Wat het jy geëet?

**Lees en gesels oor die tabel**

- Kyk na die tabel. Herinner leerders dat ons tabelle gebruik om inligting te versamel en te verstaan.
- Wys na die lys van gesonde happies wat goed is vir ons liggaam. Watter van hierdie gesonde happies het julle al geëet?
- Wys na die name van ses kinders. Van watter kosse het Sipho die meeste gehou?
- Herhaal met elke naam in die tabel.

**Kry die inligting in die tabel**

- Watter gesonde happie was die gewildste?
- Watter happie was niemand se gunsteling nie?



Gesonde happies

Wanneer ons honger of dors is, kan ons gesonde happies eerder as ongesonde happies kies. Deur gesonde kos te eet help ons ons liggame om sterk te bly. Happies soos roomys, lekkers of gaskoeldrank is ongesond, veral as ons dit in plaas van gesonde kos eet. Hierdie graad 1-leerders het afgemerk van watter gesonde happies hulle hou.

| | Sipho | John | Mavis | Thandi | Ronald | Neo |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | ✓ | | ✓ | | ✓ | ✓ |
| | | ✓ | | ✓ | | |
| | | | | | | |
| | | ✓ | | | | |
| | | | ✓ | | | ✓ |
| | | | ✓ | | | |
| | ✓ | | | | | |
| | ✓ | | | | | ✓ |

Week 8
Lewensvaardigheid

Voor lees
- Het jy pouse 'n happie geëet? Wat het jy geëet?

Lees
- Ons gebruik tabelle om inligting op 'n maklik verstaanbare manier aan te bied.
  - Watter van hierdie happies het jy al vantevore geëet?
  - In die ander kolomme is daar ses kinders se name. Wat is hul name?
  - Hierdie kinders het elkeen 'n ✓ langs die kos geskryf waarvan hulle hou. Van watter gesonde happies het Sipho die meeste gehou? (*herhaal met die ander kinders*)

Ná lees
- Watter gesonde happie was die gewildste?

40



## KLANKE Die ie-klank

LAB bl. 132
15 min
MG bl. 8-13

**Hersien klanke**

- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar van die flitskaarte met klanke wat aangeleer is. Leerders sê die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**

- Luister na en sê die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**

- Leerders kan nog woorde met die klank gee.

**Lees die sin**

- Lees die klanke en die woord in die blokkie stadig saam.
- Lees die sin.

**Skryf oor die klank in die sin.**



Week 8 Gesonde kos

Datum ______

ie

tier

dief tien mier

ie ee uu aa oo

s-uu-r k-aa-s l-oo-p

suur kaas loop

Die dief het tien vingers.

132



## HANDSKRIF

MG bl. 31-37
15 min



- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van vandag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 136-142



- Bekendstelling van hierdie week se onafhanklike take.
- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

30 min



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep A en B

MG bl. 24-27



**Eerste lees**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52
30 min



**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

**Klasaktiwiteit**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## VISUELE KUNSTE Gesonde kos-collage

30 min



**Maak 'n papierbord collage (15 min)**
- Deel tydskrifte, skêre, gom en papierborde uit.
- Knip prente van kos waarvan jy hou versigtig uit.
- Plak die prente op 'n papierbord.

**Alternatief:** teken op 'n leë bord die kos wat jy graag eet.

**Vertoon kunswerk**
- Wys jou papierborde.
- Gesels oor watter kos die lekkerste lyk.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 93 2024/04/18 14:52

## DINSDAG



### OGGENDBYEENKOMS

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.

**15 min**






### LUISTER EN PRAAT Gesonde happies

**Dink-pare-deel**
- Dink: Wat is julle gunsteling gesonde happie? Waar en wanneer kry julle dit? Hoekom hou julle daarvan?
- Pare: Vertel vir jou maat.
- Deel: Kies ’n paar leerders om vir die klas te vertel.

**15 min**





### AANVANGSKENNIS EN PSW ASSESSERING 2 Hoe plante groei

**Deel afskrifte van OG bladsy 129 uit**

**Leerders voltooi die assessering**
- Leerders plaas die vyf tekeninge in die korrekte volgorde deur ’n nommer van 1-5 in die boksies te skryf.
- Hulle skryf ’n woord op die lyn om te sê watter deel van plant besig is om te groei.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 122
**Punte:** 10

**OG bl. 129**
**30 min**


NAAM DATUM

Hoe plante groei
- Plaas die prente in die regte volgorde. Skryf die nommers van 1–5.
- Skryf die regte byskrif.

saad wortel stingel blare blom

AANVANGSKENNIS ASSESSERING 2 Week 8 • Dinsdag 129



### KLANKE Gedeelde woordbou

**Berei voor**
- Leerders knip die letteraarte vir die week (LAB bladsy 177) uit.
- Sit dieselfde onderwyserskaarte lukraak op die bord.

**Bou woorde saam**
- Roep ’n leerder vir elke woord bord toe.
- Sê die woord hardop. Vra: Wat is die eerste klank? Ensovoorts.
- Laat die leerder die klankkaart vind en op die korrekte plek plaas.
- Die res van die leerders probeer die woord met hul eie kaarte kopieer.

**Plaas die klanke in ’n sakkie/houer om weer te gebruik.**

**LAB bl. 133**
**15 min**

**MG bl. 8-13**


Datum

Bou die woorde.

h aa n | v uu r
t ie n | s oo m
r oo m | g ie r

Dinsdag 133



### HANDSKRIF

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van gister se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

**MG bl. 31-37**
**15 min**





FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 94 2024/04/18 14:52



## GEDEELDE LEES (4) *Gawe en nare sop*

GB bl. 36-39
15 min

LAB bl. 114-117




**Hersien**
- Vra: Wie kan vir my vertel wat sover in die storie gebeur het?

**Lees uit die Grootboek**
- Lees bladsye 36-39 van *Gawe en nare sop* vir die klas.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: sop, groente, gawe, nare, lawwe**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.
- Sit die flitskaarte woorde op die Woordmuur.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 136-142



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep C en D

30 min

MG bl. 24-27



**Eerste lees**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52
30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## VISUELE KUNSTE Soet en sout kos

30 min



- Deel papier, vetkryte, koki's en verf uit.
- Vra leerders om te dink aan wanneer hulle inkopies doen vir kruideniersware of kos.
- Hulle teken 'n prent daaroor en skryf 'n sin.

**Alternatief**
- Indien daar tydskrifte beskikbaar is, kan die leerders 'n collage met uitgeknipte prente van kos maak.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## WOENSDAG



### OGGENDBYEENKOMS

15 min

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.





### AANVANGSKENNIS EN PSW

**Hoekom het ons plante nodig?**

LAB bl. 134

15 min

**Lees saam**

- Identifiseer dinge wat van plante gemaak is. (*papier, medisyne, olie, meubels*)

**Pas toe**

- Noem al die goed in die klaskamer wat van plante af kom. (*potlode, middagete, papier, banke)*






### KLANKE

**Woordfamilies**

LAB bl. 135

15 min

MG bl. 8-13

- Skryf rymwoorde deur die klanke op die blomblare te gebruik.
- Lees die woorde vir 'n maat
- Kontroleer saam.






### HANDSKRIF

MG bl. 31-37

15 min

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van vandag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.





### GEDEELDE LEES (5)

***Gawe en nare sop***

GB bl. 36-39

15 min

LAB bl. 114-117

**Hersien**

- Vra: Wie kan vir my vertel wat tot dusver in die storie gebeur het?

**Lees uit die Grootboek**

- Lees bladsye 36-39 van *Gawe en nare sop* vir die klas.
- Vra die **Dag 2**- en **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: sop, groente, gawe, nare, lawwe**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.






FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 96 2024/04/18 14:53



## GEDEELDE SKRYF Ons gunsteling-kos

MG bl. 38-41
15 min




**Berei voor**
- Kopieer die skryfraam op die bord.

**Skryf leerders se voorstelle op die bord**
- Bespreek en stem vir die klas se gunsteling-kos.
- Voltooi die skryfraam saam oor hierdie kos. Leerders sê voor wat om te skryf.
- Skryf twee of drie redes hoekom leerders van hierdie kos hou.

**Lees die sinne saam met die leerders**



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 136-142



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep E en A

30 min

MG bl. 24-27



**Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

**Tweede lees vir Groep A**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52
30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## UITVOERENDE KUNSTE Goeie maniere-dialoog

30 min



**Stel bekend**
- Hersien wat ons in Week 4 oor goeie maniere geleer het.

**Pare:**
- Kies pare karakters, byvoorbeeld: ouma en kind; dokter en pasiënt; ma, winkelier en kliënt.
- Berei 'n kort dialoog voor oor goeie maniere tussen die karakters. *(groet, jammer sê, vra iets, staan in die ry, steek hande op reël, luister en praat)*
- Leerders gaan dit die volgende dag vir die klas opvoer.

## DONDERDAG

### OGGENDBYEENKOMS

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.

15 min



### LUISTER EN PRAAT Liedjie/gedig

- Sing/resiteer die liedjie wat verlede week aangeleer is *(Saai die waatlemoen).*

15 min



### LEES EN BEGRIP ASSESSERING 2 Gesonde happies

**Deel afskrifte van bladsy 130 en 131 in die OG uit**

- Ons lees hierdie tabel op Maandag in die Grootboek.
- Herinner leerders dat ons rye van links na regs en kolomme van bo na onder, lees.

**Beantwoord die vrae**

- Lees elke vraag saam met die leerders.
- Leerders werk onafhanklik en gebruik die tabel om antwoorde te vind.
- Hulle skryf hulle antwoorde neer.

**OG bl. 130 en 131**

**30 min**



NAAM DATUM

Gesonde happies

Deur gesonde kos te eet help ons ons liggame om sterk te bly. Graad 1-leerders het afgemerk van watter gesonde happies hulle hou.

| | Sipho | John | Mavis | Thoko | Ron | Neo |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | ✓ | | ✓ | | ✓ | ✓ |
| | | ✓ | | ✓ | | |
| | | | | | | |
| | | ✓ | | | | |
| | | | ✓ | | | ✓ |
| | | | ✓ | | | |
| | ✓ | | | | | |
| | | ✓ | | ✓ | | |

130 Week 8 • Donderdag LEES ASSESSERING 2, BL. 1

NAAM DATUM

Lees die tabel en omkring die korrekte antwoord.

1 Die meeste kinders hou van
melk piesangs sap.

2 Wie hou van melk?
John Sipho Neo

3 Niemand hou van
water brood wortels nie.

4 Skyfies is gesonde ongesonde kos.

5 Van watter gesonde happie hou jy?

LEES ASSESSERING 2, BL. 2 Week 8 • Donderdag 131

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 119
**Punte:** 10

### KLANKE ASSESSERING 1 Vul die ontbrekende klank in

- Leerders werk onafhanklik.
- Vul die ontbrekende klanke in om die woorde te voltooi.

**OG bl. 132**

**15 min**



NAAM DATUM

Vul die ontbrekende klank in.

__eep __uus
maa__ __oos
__uur lee__
__ier tie__

132 Week 8 • Donderdag KLANKE ASSESSERING 1

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 118
**Punt:** 5



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 98 2024/04/18 14:53



## HANDSKRIF

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van gister se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

MG
bl.
31-37

15 min





## ONAFHANKLIKE WERK

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

LAB
bl.
136-142



30 min



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep B en C

**Tweede lees**

- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

MG
bl.
24-27





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

MG
bl.
51-52

30 min





## UITVOERENDE KUNSTE Goeie maniere-dialoë

- Pare voer hulle dialoë op.
- Gesels oor watter goeie maniere gedemonstreer is.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

30 min



## VRYDAG



### OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min

- Gee vir die leerders ’n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.





### KLANKE ASSESSERING 2 Diktee

MG bl. 10

15 min

- Sê elke woord stadig. Herhaal slegs een keer
- Leerders skryf die woorde in hul oefenboeke.
- Neem in vir nasien.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 118
**Punte:** 5

taak

vuur

roos

lees

oor



### SKRYF ASSESSERING 1 My gunsteling-kos

15 min

- Leerders skryf die name van hul gunsteling-kos as die opskrif.
- Dan skryf hulle ’n sin oor hoekom hulle daarvan hou.
- Leerders werk onafhanklik. Moedig hulle aan om woorde te klank.

**Nasienriglyn:** Sien bladsy 121
**Punte:** 5





### ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 136-142

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.





### GROEPBEGELEIDE LEES Groep D en E

30 min

MG bl. 24-27

**Tweede lees**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Dink na oor die week**
- Waarvan het jy gedurende die skoolweek gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

**Hierdie week het ek:**
- die **LAB'e ingeneem** en kommentaar gelewer op Skryf.
- die **ander LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer bystand nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van kinders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit gekyk na volgende week se werk** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.

## OORSIG VAN WEEK



# Berging van kos

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

vrugte | slaai | bak | sny | skil

### RIGLYNE VIR GROEPBEGELEIDE LEES (GBL) EN ONAFHANKLIKE WERK (OW)

| GBL: 2 x 15 minute per groep Vroeë lees-aktiwiteite OW: 8 bladsye | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Maandag | | Dinsdag | | Woensdag | | Donderdag | | Vrydag | |
| | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min | 15 min |
| **Groep A** | **GBL 1** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | **GBL 2** | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep B** | OW 1 | **GBL 1** | OW 2 | OW 3 | OW 4 | OW 5 | **GBL 2** | OW 6 | OW 7 | OW 8 |
| **Groep C** | OW 1 | OW 2 | **GBL 1** | OW 3 | OW 4 | OW 5 | OW 6 | **GBL 2** | OW 7 | OW 8 |
| **Groep D** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | **GBL 1** | OW 4 | OW 5 | OW 6 | OW 7 | **GBL 2** | OW 8 |
| **Groep E** | OW 1 | OW 2 | OW 3 | OW 4 | **GBL 1** | OW 5 | OW 6 | OW 7 | OW 8 | **GBL 2** |

### BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- kryte/viltpenne, potlode
- groot velle papier (A4 or groter, wit of gekleurd)
- plakkaatverf en kwaste/vetkryte/dik viltpenne
- tou
- skêre en pons om gaatjies in papier te maak
- stokkies/houtstokkie of klerehangers
- sakkies/bakkies vir hierdie week se klanke
- apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# 'n Reusagtige pampoen

Eendag, lank gelede, was daar 'n boer wat pampoene op sy landery gekweek het. Een jaar het een van sy pampoene baie vinnig gegroei. Elke dag het dit groter en groter geword.



Gou was dit so groot soos 'n waatlemoen. Die boer se vrou het kom kyk. "Wat 'n groot pampoen!" het sy gesê. "Jy moet dit binnekort pluk."

"Ek sal nog so 'n rukkie wag," het die boer gesê.

Die pampoen het nie ophou groei nie. Gou was dit so groot soos 'n stoel. Die boer se kinders het kom kyk. "Wat 'n groot pampoen," het hulle gesê. "Pappa moet dit binnekort pluk."

"Ek sal nog so 'n rukkie wag," het die boer gesê.

Die pampoen het nie ophou groei nie. Gou was dit so groot soos 'n motor. Die boer se bure het kom kyk. "Wat 'n groot pampoen," het hulle gesê. "Jy moet dit hierdie week pluk."

"Ek sal nog so 'n rukkie wag," het die boer gesê.

Die volgende dag was die pampoen so groot soos 'n huis. Die dorp se **oumense** het kom kyk. Wat 'n **enorme** pampoen," het hulle gesê. "Jy moet dit môreoggend vroeg pluk."

"Ek sal nog so 'n rukkie wag," het die boer gesê.

Daardie aand terwyl almal geslaap het, was daar 'n verskriklike harde slag. Dit was harder as die donderweer of 'n straler. Almal het wakker geskrik. Die boer het buitentoe gehardloop. Sy vrou het buitentoe gehardloop. Sy kinders het buitentoe gehardloop. Die bure het buitentoe gehardloop. Die dorp se oumense het buitentoe gehardloop.

Toe het hulle gesien wat gebeur het. Die pampoen het **ontplof**! Dit het oopgebars! Daar was honderde stukke pampoen oral op die grond.

Die boer het lekker gelag: "Ek het te lank gewag. Maar nou kan almal die pampoen geniet. Kom kry vir julle van die pampoen."

Almal het 'n stuk van die ernome pampoen gekry. Die volgende dag het die boer se vrou heerlike pampoensop gemaak. Die bure het pampoensop gemaak. Al die dorpenaars het pampoensop gemaak. Die dorpenaars het geëet en geëet totdat hulle versadig was.

## WOORDESKAT

**oumense** – ouer en wyser mans en vroue wat mense kan raadgee oor wat om te doen

**enorme** – baie groot, yslik

**ontplof** – om skielik oop te bars



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 103 2024/04/18 14:53

## MAANDAG

### OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min



- Gee vir die leerders 'n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.

### HARDOPLEESSTORIE *'n Reusagtige pampoen*

OG bl. 103
15 min



**Vóór lees**
- Vra of die leerders van pampoen hou? Hoekom of hoekom nie?
- Hoe groot is die grootste pampoen wat julle al gesien het?

**Lees die storie in die Grootboek**
- Verduidelik nuwe woordeskat.

**Ná lees**
- Dink julle die boer het te lank gewag? Hoekom?

### AANVANGSKENNIS EN PSW Vyf voedselgroepe

GB bl. 41
30 min
LAB bl. 147




**Bestaande kennis**
- Verduidelik dat kos op verskillende maniere gesorteer of gegroepeer kan word.
- Vra: Op watter maniere het ons alreeds kos gesorteer? *(gesonde/ongesonde, diere/plante)*
- Kos kan in vyf verskillende groepe gesorteer word. Elke groep help ons liggame op 'n spesiale manier.

**Lees**
- Lees die spyskaart vir die week.
- Wat is die naam van die skool?
- Lees die name van die vyf voedselgroepe.
- Uit watter voedselgroepe eet die leerders op Maandag? Dinsdag? ens.

**Na lees**
- Leerders dink oor wat hulle die vorige dag vir middagete geeet het.
- Uit watter voedselgroepe het hulle geeet?

### KLANKE Die oe-klank

LAB bl. 148
15 min
MG bl. 8-13




**Hersien klanke**
- Wys teen 'n vinnige pas 'n paar van die flitskaarte met klanke wat aangeleer is. Leerders sê die klank.

**Stel die nuwe klank bekend**
- Luister na en sê die nuwe klank.
- Hou jou mond dop.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Leerders kan nog woorde met die klank gee.

**Lees die sin**
- Lees die klanke en die woord in die blokkie stadig saam.
- Lees die sin.

**Skryf oor die klank in die sin**



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 104 2024/04/18 14:53



## HANDSKRIF

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van vandag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

MG bl. 31-37

15 min





## ONAFHANKLIKE WERK

- Bekendstelling van hierdie week se onafhanklike take.
- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die eerste groep na die mat vir GBL.

LAB bl. 154-160



30 min



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep A en B

**Eerste lees**

- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

MG bl. 24-27





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

**Klasaktiwiteit**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

MG bl. 51-52

30 min





## VISUELE KUNSTE Teken en kleur kos in

**Stel bekend**

- Verduidelik dat ons vrugte volgens kleur kan sorteer.
- Leerders gee voorbeelde van kosse wat geel, rooi, groen, ensovoorts is.

**Skep**

- Elke leerder in die groep kies 'n ander kleur.
- Hulle teken en kleur een voorbeeld van kos met daardie kleur in. Kleur beide kante van die papier in.
- Maak die tekeninge groot genoeg om uit te knip.
- Knip uit en bêre dit veilig om die volgende dag te gebruik om 'n bewertjie te maak.

30 min





FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 105 2024/04/18 14:53

## DINSDAG

### OGGENDBYEENKOMS

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.

15 min




### LUISTER EN PRAAT *'n Reusagtige pampoen*

**Verduidelik oorvertelling van 'n storie**

- Leerders werk in groepe om die storie oor te vertel.
- Elke lid van die groep kry 'n beurt om 'n deel van die storie te vertel.
- Wanneer jy "volgende" sê, kry 'n ander leerder in die groep 'n beurt.

**Vertel die storie oor**

- Leerders werk in groepe om die storie oor te vertel.
- Hulle hoef nie bekommerd te wees indien hulle dele uitgelaat het nie.
- Hulle moet aandagtig na mekaar luister sodat hulle weet waar om te begin.
- Wanneer die storie klaar is, begin hulle weer – verskillende leerders sal verskillende dele vertel.

OG bl. 103

15 min



### AANVANGSKENNIS EN PSW **Watter kos is gesond?**

**Stel bekend**

- Noem die gesonde happies waarvan ons verlede week geleer het.

**Pare**

- Noem die kosse op bladsy 149 in die LAB.
- Bespreek of dit gesond of ongesond is. Merk die korrekte woord af.
- Kontroleer jou keuses met 'n ander paar.
- Voltooi die sinne op jou eie.

LAB bl. 149

15 min




### KLANKE **Bou die woorde**

**Berei voor**

- Leerders knip die klankkaarte vir die week (LAB bladsy 179) uit.
- Sit dieselfde onderwyserskaarte lukraak op die bord.

**Bou woorde saam**

- Roep 'n leerder vir elke woord bord toe.
- Sê die woord hardop. Vra: Wat is die eerste klank? Ensovoorts.
- Laat die leerder die klankkaart vind en op die korrekte plek plaas.
- Die res van die leerders probeer die woord met hul eie kaarte kopieer.

**Plaas die klanke in 'n sakkie/houer om weer te gebruik.**

LAB bl. 150

15 min

MG bl. 8-13




### HANDSKRIF

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van gister se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

MG bl. 31-37

15 min





FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 106 2024/04/18 14:53



## GEDEELDE LEES (1) *Hoe om vrugteslaai te maak*

**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Hoe om vrugteslaai te maak* vir die klas.
- Vra die **Dag 1**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: vrugte, slaai, bak, sny, skil**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.

**GB bl. 42-45**
**15 min**

**LAB bl. 143-146**






## ONAFHANKLIKE WERK

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

**LAB bl. 154-160**





## GROEPBEGELEIDE LEES Groep C en D

**Eerste lees**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

**30 min**

**MG bl. 24-27**





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

**MG bl. 51-52**
**30 min**





## VISUELE KUNSTE Maak 'n kosbewertjie

**Stel bekend**
- Deel die uitgeknipte tekening van die vorige dag, skêre, pons, tou, stokkies/klerehangers uit.
- 'n Bewertjie is 'n hangende versiering wat in die lug beweeg.

**Skep in groepe**
- Groepe gebruik hul tekeninge van die vorige dag om die bewertjie te maak.
- Pons 'n gaatjie in elke uitknipsel.
- Ryg tou deur die gaatjies en bind elke uitknipsel aan die stokkie/klerehanger vas.
- Balanseer die bewertjie en stal uit.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

**30 min**





FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 107 2024/04/18 14:53

## WOENSDAG



### OGGENDBYEENKOMS

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.

**15 min**





### AANVANGSKENNIS EN PSW — Berging van kos

**Berg kos**
- Hoe bêre ons verskillende kosse by die huis? (*brood, pap, melk, vrugte*)
- Hoekom bêre ons kos versigtig? (*om dit veilig en vars te hou*)

**Lees en beantwoord vrae**
- Kyk na die prente. Op watter verskillende maniere kan jy kos vars en veilig hou?
- Verduidelik dat verskillende kosse op spesifieke maniere geberg word. Gee voorbeelde. *(gedroogde kos, geblikte kos, gevriesde kos)*
- Lees elke vraag. Vra die leerders om goed na die prente in die LAB te kyk om antwoorde te vind.

**LAB bl. 151**
**15 min**


Datum

Berging van kos

Beantwoord al die vrae.

1. Noem 'n paar kosse wat gedroog kan word.
2. Noem 'n paar kosse wat koud gehou moet word.
3. Noem 'n paar kosse wat gevries kan word.
4. Noem 'n paar kosse wat lugdig gehou moet word (in 'n toegemaakte sakkie).
5. Noem 'n paar kosse wat geblik kan word.
6. Waar sal jy hierdie kos bêre:
   - mieliemeel?
   - eiers?
   - piesang?
   - jogurt?

Woensdag 151



### KLANKE — Woordfamilies

- Skryf rymwoorde deur die klanke op die blomblare te gebruik.
- Lees die woorde vir 'n maat.
- Kontroleer saam.

**LAB bl. 152**
**15 min**

**MG bl. 8-13**


Datum

Bou ses rymwoorde wat met -oer eindig.



Skryf die rymwoorde neer.

__oer __oer __oer

__oer __oer __oer

Die boer gee vir die diere hul voer.

152 Woensdag



### HANDSKRIF

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van vandag se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.

**MG bl. 31-37**
**15 min**





### GEDEELDE LEES (2) — *Hoe om vrugteslaai te maak*

**Lees uit die Grootboek**
- Lees *Hoe om vrugteslaai te maak* vir die klas.
- Vra die **Dag 2**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: vrugte, slaai, bak, sny, skil**
- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.

**GB bl. 42-45**
**15 min**

**LAB bl. 143-146**


Hoe om vrugteslaai te maak

Wat jy nodig het:
- vrugte
- lemoensap

Ons bring elkeen een vrug.

42



## GEDEELDE SKRYF Resep vir vrugteslaai

MG bl. 38-41
15 min

**Berei voor**
- Kopieer die skryfraam op die bord.
- Verduidelik die drie afdelings van 'n resep.
  - Bestanddele: goed wat bymekaar gevoeg word om die gereg te maak.
  - Gereedskap: die gereedskap wat jy gaan gebruik om die gereg voor te berei.
  - Metode: woorde en sinne wat vir jou sê hoe om iets te doen.
- Herinner leerders daaraan dat die instruksies in 'n resep in die regte volgorde moet wees.




**Skryf leerders se voorstelle op die bord**
- Gebruik die skryfraam om die resep vir vrugteslaai as klas te skryf.
  - Wat moet ons eerste doen? (*was die vrugte*)
  - Wat doen ons daarna? Ensovoorts.
- Laat die resep op die bord om op Donderdag te gebruik.

**Lees die resep saam met die leerders**



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 154-160



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



## GROEPBEGELEIDE LEES Groep E en A

30 min

MG bl. 24-27



**Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend.
- Lees die storie saam met die leerders. Stop aan die einde van elke bladsy en vra vrae.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.

**Tweede lees vir Groep A**
- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52
30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## UITVOERENDE KUNSTE Ek was mark toe

30 min



- Leerders sit in 'n sirkel.
  - Onderwyser: Ek was mark toe en het 'n appel gekoop.
  - Leerder 1: Ek was mark toe en het 'n appel en 'n lemoen gekoop.
  - Leerder 2: Ek was mark toe en het 'n appel, 'n lemoen en vleis gekoop.
- Gaan voort totdat iemand iets uitlaat of vergeet.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 109 2024/04/18 14:53

# DONDERDAG



## OGGENDBYEENKOMS

**15 min**

- Register, kalender, weer
- Speel die klankspeletjie: dieselfde of verskillend.





## LUISTER EN PRAAT

### Sê 'n telrympie op

**15 min**

- Verbind die rympie met hierdie week se tema.
- Onderrig die gedig en aksies.
- Leerders doen mee soos hulle kan.

**My vrugteboom**
Vyf vrugte hang aan die vrugteboom
'n Paar vir my en 'n paar vir jou,
Pluk jou vrug, dan sien jy gou,
Vier vrugte hang aan die vrugteboom
Vier vrugte hang aan die vrugteboom
'n Paar vir my en 'n paar vir jou,
Pluk jou vrug, dan sien jy gou,
Drie vrugte hang aan die vrugteboom
Drie vrugte hang aan die vrugteboom
'n Paar vir my en 'n paar vir jou,
Pluk jou vrug, dan sien jy gou,
Twee vrugte hang aan die vrugteboom
Twee vrugte hang aan die vrugteboom
'n Paar vir my en 'n paar vir jou,
Pluk jou vrug, dan sien jy gou,
Een vrug hang aan die vrugteboom
Een vrug hang aan die vrugteboom
'n Paar vir my en 'n paar vir jou,
Pluk jou vrug, dan sien jy gou,
Geen vrugte meer aan die vrugteboom



## KLANKE

### Onafhanklike woordbou

**LAB bl. 150** | **15 min** | **MG bl. 8-13**

**Benoem die klanke deur kaarte te gebruik**

- Leerders versprei klankkaarte op hul banke.
- Sê 'n klank.
- Leerders wys die bypassende klankkaart.

**Onafhanklike woordbou**

- Gebruik woorde uit Dinsdag se woordboules:
  - Sê 'n woord en help leerders om die klanke te identifiseer en te tel.
  - Leerders bou die woord met hul kaarte.
  - Kontroleer (een leerder skryf die woord op die bord).
  - Hulle kopieer die woord in hul oefenboeke.






## HANDSKRIF

**MG bl. 31-37** | **15 min**

- Volg die riglyne vir handskriflesse in die MG.
- Onderrig die letterformasie van gister se klank.
- Leerders skryf in hul oefenboeke.
- Neem waar en ondersteun.





## GEDEELDE LEES (3)

### *Hoe om vrugteslaai te maak*

**GB bl. 42-45** | **15 min** | **LAB bl. 143-146**

**Lees uit die Grootboek**

- Lees *Hoe om vrugteslaai te maak* vir die klas.
- Vra die **Dag 3**-vrae op elke bladsy.
- Lees die storie weer as 'n klas saam.

**Hersien die flitskaartwoorde: vrugte, slaai, bak, sny, skil**

- Wys die flitskaarte en sê die woorde hardop saam met die leerders.
- Pas die flitskaarte by 'n woord in die Grootboek.
- Sit die flitskaarte woorde op die Woordmuur.






FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 110 2024/04/18 14:53



## ONAFHANKLIKE SKRYF — Hoe om vrugteslaai te maak

MG bl. 38-41

15 min



**Lees weer die resep oor vrugteslaai.**

**Skryf**

- Leerders teken een ding wat hulle moet doen wanneer hulle vrugteslaai maak.
- Hulle skryf 'n sin oor hul prent.



## ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 154-160



- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.

30 min



## GROEPBEGELEIDE LEES — Groep B en C

MG bl. 24-27



**Tweede lees**

- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Hulle doen die aktiwiteit.
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**



## UITVOERENDE KUNSTE — Spieëls

30 min



**Demonstreer**

- Vra 'n leerder om te help en wys vir die klas hoe om spieëlbewegings te doen.
- Maak enige armbewegings, vinnig en stadig.
  - Staan met jou gesig na jou maat.
  - Steek jou hande uit, palms wys na mekaar, sonder om aan iets te raak.
  - Maat 1 beweeg hul hande. Maat 2 kopieer die beweging.

**Pare**

- Pare maak beurte om te lei en om die spieëlbewegings te doen.
- Doen dit sonder om te praat of te lag.

> Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## VRYDAG



### OGGENDBYEENKOMS Nuus

15 min

- Gee vir die leerders ’n onderwerp om nuus oor te vertel.
- Leerders gebruik die dink-paar-deel-metode en die *My nuus*-raam om hul nuus te vertel.





### KLANKE Speel *Ek sien met my kleine ogie*

LAB bl. 153

15 min

MG bl. 8-13

- Saam met die klas, noem al die voorwerpe in die prente. Sê die eerste klank duidelik.
- Demonstreer hoe om te speel. Kies ’n prentadvertensie en sê: “*Ek sien met my kleine ogie iets wat begin met* ...” en gee dan die eerste klank.
- Leerders raai watter prent jy gekies het.
- Verdeel die klas in groepe en leerders maak beurte om te soek en te raai.
- Elke groep kies slegs een voorbeeld om met die hele klas te speel.






### ONAFHANKLIKE SKRYF Deel jou tekening en sin

15 min

**Wys jul tekeninge**

- Leerders werk in pare om mekaar hul tekeninge te wys.
- Leerders verduidelik wat hulle geteken het en hoekom hulle dit geteken het.

**Vergelyk**

- Wie het dieselfde stappe geteken? Is jul tekeninge presies dieselfde?





### ONAFHANKLIKE WERK

LAB bl. 154-160

- Leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.
- Herinner hulle om in stilte op hul eie te werk.
- Wanneer die klas gereed is, roep die volgende groep na die mat vir GBL.



30 min



### GROEPBEGELEIDE LEES Groep D en E

MG bl. 24-27

**Tweede lees**

- Leerders lees in pare alternatiewe bladsye.
- Luister na hulle terwyl hulle lees. Teken jou waarnemings aan.
- Afhangende van die vlak van die groep, fokus op letter-klank-verhouding, segmentering en samesmelting van woorde of vlotheid.



## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Dink na oor die week**
- Waarvan het jy gedurende die skoolweek gehou?
- Waarvan het jy nie gehou nie?

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gee terugvoering en onderrig weer, indien nodig.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

MG bl. 51-52

30 min



**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Neem waar en ondersteun.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## ONDERWYSER SE OORSIG VAN WEEK

**Hierdie week het ek:**
- die **LAB'e ingeneem** en kommentaar gelewer op Skryf.
- die **ander LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en probleme van spesifieke leerders geïdentifiseer wat meer bystand nodig het.
- **terugverwys na die Oorsig van Week** en lesse geïdentifiseer wat ek nie kon voltooi nie.
- my **aantekeningboek nagegaan** en die name van kinders wat volgende week bykomende een-tot-een-onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaal deur die klas** of algemene terugvoering wat nodig is.
- **individuele**, een-tot-een-onderrig, byvoorbeeld wanneer die res van die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit gekyk na volgende week se werk** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week mee te begin.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 113 2024/04/18 14:53

## OORSIG VAN DIE WEEK

# Vaslegging en hersiening

Hierdie is 'n hersieningsweek so daar is geen gestruktureede daaglikse program nie. Die voorgestelde hersieningsaktiwiteite kan enige tyd van die week gedoen word.



### LUISTER EN PRAAT

- Laat die leerders 'n storie kies wat hulle graag wil hê jy weer vir hulle moet lees.
- Vra daarna een of twee leerders om 'n ander storie oor te vertel.
- Pare: vertel 'n gunstelingstorie vir jou maat.
- Resiteer rympies of gedigte individueel of in klein groepies.
- Nooi iemand uit die gemeenskap om te kom besoek en te praat oor maniere waarop hulle die gemeenskap help, bv. 'n verpleegster, bibliotekaris.





### LEES

- Herlees stories in die Grootboek wat die leerders geniet het.
- Laat die leerders sommige van die stories hardop lees.
- Leerders herlees die Lees in pare-tekste saam met verskillende maats.
- Individueel: Lees boeke uit die leeshoekie/biblioteek.





### KLANKE

- Herhaal woordbou-aktiwiteite.
- Speel weer die Vrydag-klankspeletjie.
- Groepe: doen sorteringsaktiwiteite met die flitskaartwoorde, byvoorbeeld: vind vyf woorde wat met 'n spesifieke klank begin, ensovoorts.
- Pare: lees weer die woorde op die klankbladsye.
- Hou 'n spankompetisie om flitskaarte korrek te lees.
- Maak seker dat alle Onafhanklike Werk-bladsye in die LAB voltooi is. Kontroleer of dit korrek gedoen is.
- Doen die klankaktiwiteite in die DBO-werkboeke.





### SKRYF

- Voorsien papier aan leerders om 'n prent te teken en 'n onderskrif te skryf.
- Sê aan hulle om onbekende woorde te klank, of klank die woorde op die Woordmuur.







## AANVANGSKENNIS/PSW

- Leerders kan enige bladsye in die DBO-Lewensvaardigheidswerkboek voltooi. Party aktiwiteite gaan verder as potlood en papieraktiwiteite en sluit teken, toneelspel, die maak van iets en besprekings in.






## VISUELE KUNSTE

- Voorsien kunsvoorrade soos kryte, viltpenne en papier van verskillende groottes of kleure.
- Laat leerders kies wat hulle graag wil teken.
- Laat leerders hul werk aan die groep of klas wys en verduidelik wat hulle gekies het om te teken.





## UITVOERENDE KUNSTE

- Hersien die gedigte en rympies van Week 1-9. Groepe kies een om te oefen en op te voer.





## LIGGAAMSOPVOEDING

- Speel tradisionele speletjies vir Erfenisdag.
- Hou 'n sportdag, waar spanne teen mekaar meeding. Doen aktiwiteite van die kwartaal.





FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 115 2024/04/18 14:54

## ASSESSERINGSPLAN, KWARTAAL 3

- Voorgestelde fotokopieerbare take vir formele assessering in Week 6-8 word aan die einde van hierdie Onderwysersgids verskaf.
- Mondelinge take vir formele assessering kom in die Onderwysersgids voor, meestal in Week 6–8.
- Informele assessering van die leerders se vordering, vind dwarsdeur die kwartaal plaas.
- Assesseringsriglyne en nasienkriteria word agterin hierdie Onderwysersgids verskaf.

| **Formele Assesseringsaktiwiteite, Kwartaal 3** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | **Leerdersaktiwiteit*** | **Lesplan** | **Rubriek** |
| **Week 6** | Maandag | Visuele Kunste 1 | Prakties | OG bl. 69 | OG bl. 123 |
| | Dinsdag | Aanvangskennis/ PSW 1 | OG bl. 126* | OG bl. 70 | OG bl. 122 |
| | Dinsdag, Woensdag, Donderdag | Luister en Praat 1 | Mondeling | OG bl. 71, 73 en 75 | OG bl. 117 |
| **Week 7** | Maandag-Vrydag | Lees 1 (gedurende (GBL) | OG bl. 127* | OG bl. 81, 83, 85, 87 en 88 | OG bl. 119 |
| | Maandag en Dinsdag | Uitvoerende Kunste 1 | Prakties | OG bl. 81 en 83 | OG bl. 124 |
| | Donderdag | Handskrif 1 | Oefenboek | OG bl. 86 | OG bl. 120 |
| | Donderdag en Vrydag | Liggaamsopvoeding 1 | Prakties | OG bl. 87 en 89 | OG bl. 125 |
| **Week 8** | Maandag | Luister en Praat 2 | OG bl. 128* | OG bl. 92 | OG bl. 117 |
| | Dinsdag | Aanvangskennis/ PSW 2 | OG bl. 129* | OG bl. 94 | OG bl. 122 |
| | Donderdag | Lees 2 | OG bl. 130-131* | OG bl. 98 | OG bl. 119 |
| | Donderdag | Klanke 1 | OG bl. 132* | OG bl. 98 | OG bl. 118 |
| | Vrydag | Klanke 2 | Oefenboek | OG bl. 100 | OG bl. 118 |
| | Vrydag | Skryf 2 | Oefenboek | OG bl. 100 | OG bl. 121 |

* ‘n Fotokopieerbare bladsy vir hierdie assessering word aan die einde van hierdie boek verskaf.

Neem elke week die *Leerderaktiwiteitsboeke* in om te kontroleer. Teken die name van die leerders wat nie byhou nie aan en gee individuele aandag aan hulle gefokus op hul behoeftes.

Gebruik hierdie QR-kode om die puntestate vir die assesseringsaktiwiteite af te laai.

**Funda Wande-puntestate**



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 116 2024/04/18 14:54

## GELETTERDHEIDSASSESSERING VIR KWARTAAL 3 (stem ooreen met puntestaat)

| **LUISTER EN PRAAT 1**<br>**Formele assessering (5 punte)** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Individueel: Beantwoord vrae (oor troeteldiere)<br>Week 6, Dinsdag, Woensdag en Donderdag (tydens KK) | | | | OG bladsy 71, 73 en 75 |
| **Punteriglyne: Voldoen aan ...** | | | | |
| **Een kriterium** | **Twee kriteria** | **Drie kriteria** | **Vier kriteria** | **Vyf kriteria** |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| **Kriteria**<br>• Verstaan die vrae (luister na instruksies)<br>• Verskaf relevante antwoorde (reageer gepas)<br>• Taalvermoë: groot woordeskat, praat oor persoonlike ervarings)<br>• Taalvermoë: korrekte struktuur, volume, uitspraak, spoed, vlotheid)<br>• Praatvermoë (volume, uitspraak, spoed, vlotheid) | | | | |

| **LUISTER EN PRAAT 2**<br>**Formele assessering (5 punte)** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Geskrewe: Luisterbegrip<br>Week 8, Maandag | | | | OG bladsy 92 en 128 |
| **Punteriglyne** | | | | |
| **Vraag 1** | **Vraag 2** | **Vraag 3** | **Vraag 4** | **Vraag 5** |
| winkel (1 punt) | sop (1 punt) | wortels (1 punt) | horlosie (1 punt) | antwoorde verskil (1 punt) |

| **LUISTER EN PRAAT 3**<br>**Deurlopende assessering (5 punte)** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Klaskamerwaarneming: Luister en Praat en ander mondelinge lesse Week 1-7 | | | | |
| **Punteriglyne: Voldoen aan ...** | | | | |
| **Een kriterium** | **Twee kriteria** | **Drie kriteria** | **Vier kriteria** | **Vyf kriteria** |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| **Kriteria**<br>• Luister na ander sonder enige onderbreking<br>• Volg instruksies en aankondigings<br>• Neem deel aan rympies, gedigte en liedjies<br>• Dra by tot besprekings<br>• Beantwoord oop-einde-vrae | | | | |

## ASSESSERING

| KLANKE 1<br>**Formele assessering (5 punte)** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Geskrewe: Vul die ontbrekende klank in<br>Week 8, Donderdag — OG bladsy 98 en 132<br>**Punteriglyne:** 1 punt vir elke korrekte antwoord | | | | |
| **Antwoord 1** | **Antwoord 2** | **Antwoord 3** | **Antwoord 4** | **Antwoord 5** |
| nuus | maan | roos | tier | tien |

| KLANKE 2<br>**Formele assessering (5 punte)** |
|---|
| Geskrewe: Diktee<br>Week 8, Vrydag — OG bladsy 130<br>1 punt vir elke korrekte woord |

| KLANKE 3<br>**Deurlopende assessering (5 punte)** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| LAB: Woordbou-aktiwiteite, Diktee-toetse, Aktiwiteite Week 1-7<br>**Punteriglyne: Voldoen aan …** | | | | |
| **Identifiseer byna geen aangeleerde klanke nie** | **Identifiseer min aangeleerde klanke** | **Identifiseer 'n paar aangeleerde klanke** | **Identifiseer die meeste aangeleerde klanke** | **Identifiseer alle aangeleerde klanke** |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 118 2024/04/18 14:54

| LEESBEGRIP 1<br>**Formele assessering (10 punte)** |
|---|
| Individueel: Hardoplees<br>Week 7, Maandag–Vrydag — OG bladsy 81, 83, 85, 87, 88 en 127<br><br>2 punte as aan al die kriteria voldoen word.<br>1 punt as gedeeltelik aan al die kriteria voldoen word.<br><br>Kriteria<br>• Lees teen 'n goeie tempo<br>• Herken die meeste aangeleerde sigwoorde<br>• Klank enige onbekende woorde<br>• Let op leestekens (wys dat hulle vir betekenis lees)<br>• Lees vlot en met uitdrukking |

**LEESBEGRIP 2**
**Formele assessering (10 punte)**

Geskrewe: Leesbegrip
Week 8, Donderdag — OG bladsy 89 en 130-131

**Punteriglyne**

| Vraag 1 | Vraag 2 | Vraag 3 | Vraag 4 | Vraag 5 | Vraag 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| piesang (1 punt) | piesang (1 punt), water (1 punt), mielie (1 punt) | wortel (1 punt) | antwoorde verskil (1 punt) | antwoorde verskil (2 punte) | antwoorde verskil (2 punte) |

**LEESBEGRIP 3**
**Deurlopende assessering (5 punte)**

Klaskamer-/groepwaarneming: Gedeelde Lees en Groepbegeleide lees Week 1-7

**Punteriglyne: Voldoen aan ...**

| Een kriterium | Twee kriteria | Drie kriteria | Vier kriteria | Vyf kriteria |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Kriteria**
- Neem deel aan Gedeelde Lees-lesse
- Neem deel aan Groepbegeleide Lees-lesse
- Lees saam met 'n maat in Groepbegeleide Lees
- Kan die meeste aangeleerde sigwoorde herken
- Beantwoord hoërorde-vrae



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 119 2024/04/18 14:54

## ASSESSERING

| HANDSKRIF 1<br>**Formele assessering (5 punte)** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Handskrif assessering<br>Week 7, Donderdag | | | | OG bladsy 86 |
| **Punteriglyne: Voldoen aan ...** | | | | |
| **Een kriterium** | **Twee kriteria** | **Drie kriteria** | **Vier kriteria** | **Vyf kriteria** |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| **Kriteria**<br>• Hou potlood korrek vas<br>• Vorm die kleinletters korrek, volgens grootte en posisie op lyn<br>• Vorm meeste hoofletters en getalle korrek<br>• Skryf woorde met korrekte spasiëring (binne en tussen woorde)<br>• Kopieer die sin korrek | | | | |

| HANDSKRIF 2<br>**Deurlopende assessering (5 punte)** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| LAB: Handskrif-take en ander geskrewe werk Week 1-7 | | | | |
| **Punteriglyne** | | | | |
| **Handskrif in handskriftake en ander kontekste is nie aanvaarbaar nie** | **Handskrif in handskriftake en ander kontekste is soms aanvaarbaar** | **Handskrif in handskriftake en in ander kontekste is gewoonlik aanvaarbaar** | **Handskrif in handskriftake en in ander kontekste is deurgaans aanvaarbaar** | **Handskrif in handskriftake en in ander kontekste is deurgaans uitstekend** |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| SKRYF 1<br>**Formele assessering (5 punte)** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Skryf: My gunsteling-kos<br>Week 8, Vrydag     OG bladsy 100<br>**Punteriglyne: Voldoen aan ...** | | | | |
| **Een kriterium** | **Twee kriteria** | **Drie kriteria** | **Vier kriteria** | **Vyf kriteria** |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| **Kriteria**<br>• Skryf ten minste twee sinne<br>• Idees en woordeskat (skryf interessante sinne met uitgebreide woordeskat)<br>• Punktuasie (hoofletters aan die begin van sinne en name, punt aan einde van sin)<br>• Taal (korrekte woordorde, tye, gebruik van selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde)<br>• Spelling (toon klank- of sigwoordkennis) | | | | |

| SKRYF 2<br>**Deurlopende assessering (10 punte)** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Klaskamerwaarneming: Gedeelde Skryf-lesse<br>**Punteriglyne: Voldoen aan ...** | | | | |
| **Dra nooit by tot Gedeelde Skryf-lesse nie** | **Dra baie min by tot Gedeelde Skryf-less** | **Dra soms by tot Gedeelde Skryf-lesse.** | **Dra dikwels by tot Gedeelde Skryf-lesse** | **Dra altyd by tot Gedeelde Skryf-lesse** |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Onafhanklike skryftake Week 1-7 (spesifiek Week 2: Dankie-sê-boodskap) | | | | |
| **Individuele skryfaktiwiteite is nie goed gedoen nie** | **Individuele skryfaktiwiteite is soms aanvaarbaar en soms nie** | **Individuele skryfaktiwiteite is van aanvaarbare standaard** | **Individuele skryfaktiwiteite is van ’n hoë standaard** | **Individuele skryfaktiwiteite is van 'n uitsonderlike hoë standaard** |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 121 2024/04/18 14:54

## ASSESSERING

### LEWENSVAARDIGHEIDSASSESSERING VIR KWARTAAL 3 (stem ooreen met puntestaat)

| **AANVANGSKENNIS EN PSW 1**<br>**Formele assessering (5 punte)** |
|---|
| Geskrewe: Identifiseer wat 'n troeteldier nodig het<br>Week 6, Dinsdag — OG bladsy 70 en 126<br>**Punteriglyne**<br>2 punte vir elke korrekte behoefte wat geïdentifiseer is (maksimum 5) |

| **AANVANGSKENNIS EN PSW 2**<br>**Formele assessering (10 punte)** |
|---|
| Geskrewe: Volgorde en byskrifte by groei van plant<br>Week 8, Dinsdag — OG bladsy 94 en 129<br>**Punteriglyne**<br>2 punte vir elke prent in die korrekte volgorde en met korrekte byskrif |

**AANVANGSKENNIS EN PSW 3**
**Deurlopende assessering (10 punte)**

LAB: AK/PSW bladsy Week 1-7

**Punteriglyne**

| Min AK/PSW-aktiwiteite voltooi | Party AK/ PSWaktiwiteite voltooi | Meeste AK/ PSWaktiwiteite voltooi | Byna alle AK/ PSW-aktiwiteite voltooi | Alle AK/ PSWaktiwiteite voltooi |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| **Aktiwiteite is dikwels verkeerd** | **Aktiwiteite is soms korrek** | **Aktiwiteite is gewoonlik korrek** | **Aktiwiteite is meestal korrek** | **Aktiwiteite is almal korrek** |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**AANVANGSKENNIS EN PSW 4**
**Deurlopende assessering (10 punte)**

Klaskamerwaarneming: Deelname in oggendbyeenkomste Week 1-7

**Punteriglyne: Voldoen aan ...**

| Een kriterium | Twee kriteria | Drie kriteria | Vier kriteria | Vyf kriteria |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Kriteria**
- Luister na ander sonder om te onderbreek
- Dra by/neem deel aan en is betrokke by ontmoetings
- Reageer gepas op ander deur byvoorbeeld empatie te toon
- Toon nuwe kennis oor weer
- Toon nuwe kennis oor kalender



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 122 2024/04/18 14:54

| **VISUELE KUNSTE 1**<br>**Formele assessering (5 punte)** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| *Jan en die boontjierank*<br>Week 6, Maandag OG bladsy 69<br><br>**Punteriglyne: Voldoen aan ...** | | | | |
| **Een kriterium** | **Twee kriteria** | **Drie kriteria** | **Vier kriteria** | **Vyf kriteria** |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Kriteria**

- Teken herkenbare figure met besonderhede (hare, oë, ens.)
- Gebruik die hele spasie
- Realistiese gebruik van kleur
- Goeie beheer van potlood en kryte (lyne, konstante druk tydens inkleur)
- Kreatiewe ontwerp

| **VISUELE KUNSTE 2**<br>**Deurlopende assessering (10 punte)** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| LAB: Kontroleer alle VK-bladsye Week 1-7<br>Klaskamerwaarneming: 3D: (dorpstraat, denkbeeldige troeteldier, bewertjie); 2D: (boekmerk, boekomslag, beloftekaartjie, goeie maniere-tuin)<br><br>**Punteriglyne: Voldoen aan ...** | | | | |
| **2D: Een kriterium** | **2D: Twee kriteria** | **2D: Drie kriteria** | **2D: Vier kriteria** | **2D: Vyf kriteria** |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| **3D: Een kriterium** | **3D: Twee kriteria** | **3D: Drie kriteria** | **3D: Vier kriteria** | **3D: Vyf kriteria** |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Kriteria**

2D:

- Alle kunswerke is voltooi
- Komposisies toon kreatiwiteit
- Voorwerpe/figure is identifiseerbaar/realisties ingekleur
- Uitknip toon goeie handbeheer
- Verstaan patroon

3D:

- Konstruksies is verbeeldingryk/toon kreatiwiteit
- Is stewig/noukeurig gemaak
- Goeie beheer oor skêr, verf en gom word gesien
- Toon ruimtelike bewustheid
- Gebruik toepaslike materiale



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 123 2024/04/18 14:54

## ASSESSERING

| **UITVOERENDE KUNSTE 1**<br>**Formele assessering (5 punte)** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Groepe: Dramatisering van *Jan en die boontjierank*<br>Week 6, Maandag en Dinsdag — OG bladsy 81 en 83<br>**Punteriglyne: Voldoen aan ...** | | | | |
| **Een kriterium** | **Twee kriteria** | **Drie kriteria** | **Vier kriteria** | **Vyf kriteria** |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| **Kriteria**<br>• Selfvertroue<br>• Stem is duidelik en hoorbaar<br>• Liggaamsbewegings/gepaste optrede<br>• Dialoog is goed saamgestel<br>• Inhoud is toepaslik | | | | |

| **UITVOERENDE KUNSTE 2**<br>**Deurlopende assessering (5 punte)** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Klaskamerwaarneming: Aanbiedings in Uitvoerende Kunste-lesse Week 1-7<br>**Punteriglyne:** Maksimum van 2 punte per kriterium | | | | |
| **Een kriterium** | **Twee kriteria** | **Drie kriteria** | **Vier kriteria** | **Vyf kriteria** |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| **Kriteria**<br>• Neem entoesiasties deel aan Uitvoerende Kunste-aktiwiteite<br>• Toon vaardighede in die uitvoerende kunste (beweging, stem)<br>• Toon vermoë om te improviseer (rolspel, verduidelikings)<br>• Selfversekerde lyftaal (oogkontak, postuur)<br>• Werk goed saam in 'n groep | | | | |



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 124 2024/04/18 14:54

| LIGGAAMSOPVOEDING 1<br>Formele assessering (5 punte) | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Groepe: Bewegingsvolgorde<br>Week 7, Donderdag en Vrydag — OG bladsy 87 en 89<br>**Punteriglyne: Voldoen aan …** | | | | |
| **Een kriterium** | **Twee kriteria** | **Drie kriteria** | **Vier kriteria** | **Vyf kriteria** |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Kriteria**
- Beweging – beweeg op 'n beheersde manier
- Goeie koördinasie (oog-hand-voet)
- Goeie balans en stabiliteit
- Lateraliteit – albei kante van die liggaam is sterk
- Ritme – hop en spring ritmies

| LIGGAAMSOPVOEDING 2<br>Deurlopende assessering (10 punte) | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Klaskamerwaarneming: Deelname aan LO-lesse, binne en buite Week 1-7<br>**Punteriglyne:** Maksimum van 4 punte per kriterium | | | | |
| | **1 punt** | **2 punte** | **3 punte** | **4 punte** |
| Algemene fiksheid | Swak | Middelmatig | Goed | Uitstekend |
| Krag | Swak | Middelmatig | Goed | Uitstekend |
| Tempo/spoed | Swak | Middelmatig | Goed | Uitstekend |
| Koordinasie, perseptueel-motoriese vaardighede, balans | Swak | Middelmatig | Goed | Uitstekend |
| Deelname aan speletjies en spansport | Swak | Middelmatig | Goed | Uitstekend |



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 125 2024/04/18 14:54

**NAAM** ______________________________ **DATUM** ________________

Trek 'n lyn na die dinge wat honde nodig het.



**NAAM** ______________________ **DATUM** ______________

Lees die sinne.

1  Thabo lees 'n boek.

2  Die polisie help ons.

3  Ons gee kos en water vir die kat.

4  Zander skree: "Help my!"

5  Ek sit die plant in die grond.

6  Jan het die hen gevat.

7  "Ons is mal oor jou sop, Ma!" sê die kinders.



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 127 2024/04/18 14:54

NAAM ______________________________ DATUM ________________

Kies die regte antwoord.

1 Waar vind hierdie storie plaas?



☐


☐

2 Hoekom het Anna en haar ma groente gekoop?
Om __________ te maak.


☐


☐

3 Waar het Anna die horlosie gevind? In 'n boks:


☐


☐

4 Hoekom het Vera gehuil? Sy het haar __________ verloor.


☐


☐

5 Wat sê hierdie storie vir ons oor Anna?

Sy was 'n gawe meisie. ☐

Sy was 'n dwase meisie. ☐



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 128 2024/04/18 14:54

NAAM ______________________ DATUM ______________

# Hoe plante groei

- Plaas die prente in die regte volgorde.
  Skryf die nommers van 1–5.
- Skryf die regte byskrif.

saad wortel stingel blare blom











NAAM ______________________________ DATUM ________________

# Gesonde happies

Deur gesonde kos te eet help ons ons liggame om sterk te bly. Graad 1-leerders het afgemerk van watter gesonde happies hulle hou.

| | Sipho | John | Mavis | Thoko | Ron | Neo |
|---|---|---|---|---|---|---|
|  | ✓ | | ✓ | | ✓ | ✓ |
|  | | ✓ | | ✓ | | |
|  | | | | | | |
|  | | ✓ | | | | |
|  | | | ✓ | | | ✓ |
|  | | | ✓ | | | |
|  | ✓ | | | | | |
|  | | ✓ | | ✓ | | |

**NAAM** ______________________ **DATUM** ______________

Lees die tabel en omkring die korrekte antwoord.

1 Die meeste kinders hou van

melk | piesangs | sap .

2 Wie hou van melk?

John | Sipho | Neo

3 Niemand hou van

water | brood | wortels nie.

4 Skyfies is gesonde | ongesonde kos.

5 Van watter gesonde happie hou jy?

______________________________



FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 131 2024/04/18 14:54

**NAAM** ______________________ **DATUM** ______________

# Vul die ontbrekende klank in.





_s_eep



maa___



___uur



___ier




___uus



___oos



lee___



tie___



KLANKE ASSESSERING 1

FW Gr1 T3 TG Afrikaans_V4.indb 132 2024/04/18 14:54